# KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE VIR GRAANPRODUSENTE, 1995

deur

PIETER GERHARDUS OLIVIER

voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER ADMINISTRATIONIS

in die vak

SAKEBESTUUR

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF. A DE K. MARAIS

JUNIE 1998

# VOORWOORD

Koöperasie as strategiese mededingingsopsie en 'n doelgeskikte ondernemingsvorm was vir baie jare lank die steunpilaar vir graanprodusente waarmee graanprodusente hulleself in die mark gehandhaaf het. 'n Aantal gebeurtenisse en markfaktore het met verloop van tyd die toepassing van die tradisionele koöperasiebeginsels deur graanprodusente ernstig beïnvloed. Hierdie verwikkelinge is die agtergrond vir die studie.

Die studie is uitgevoer met die ondersteuning van verskeie persone en instansies. Dit is vir my 'n aangename voorreg om elkeen wat 'n bydrae vir die studie gelewer het opreg te bedank.

* Die Drie-enige God wat ons almal se lewens en omstandighede dag-na-dag in Sy hand hou.

* My studieleier, Prof. A. de K. Marais vir sy leiding en aanmoediging.

* Prof. M.J. van Reenen vir sy kundige advies.

* Die direksie en bestuur van Noordwes Koöperasie Beperk vir die studiehulp wat aan my verskaf is.

* Die voorsitters en sekretarisse van die boereverenigings en boerelandbou-unies wat inligting aan my verskaf het.

* Mnr. Arno van Vuuren wat 'n besondere bydrae gelewer het ten opsigte van die statistiese verwerkings.

* Mej. Herna Nortman vir die hantering van die drukwerk.

* My gesin en familie vir die belangstelling wat hulle getoon het.

* Die Universiteit van Suid-Afrika wat die geleenthede en fasiliteite vir studie bied.

Ek verklaar hiermee dat **KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE VIR GRAAN-PRODUSENTE, 1995** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

# OPSOMMING


Koöperasies, as werktuie ter doelwitbereiking vir graanprodusente, het sedert hul totstandkoming onderskeibare ontwikkelingsfases deurgegaan. Die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie deur graanprodusente is grootliks beïnvloed deur die veranderings wat tydens die ontwikkelingsfases voorgekom het. Aksies wat in die loop van hierdie ontwikkelingsfases ingestel was, het mettertyd onduidelikhede oor die bestaansgrondslag van die koöperasies laat ontstaan.

Die klimaat van politieke veranderings wat tans in die land heers, kan ook belangrike veranderings meebring ten opsigte van die grondslag waarop koöperasies funksioneer. Die uitwerking van die verwagte veranderings kan koöperasies forseer om strategiese aanpassings in hul strukture te maak ten einde steeds suksesvol te kan bly voortbestaan.

Graanprodusente verkeer in 'n posisie wat vereis dat daar besin moet word oor strategieë wat gevolg kan word ten einde steeds suksesvol in die onsekere markomstandighede mee te ding. Die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie waarvolgens graanprodusente deur lidmaatskap van die koöperasies in die mark deelgeneem het, kom nou ook onder die loep.

Die hoofprobleem waarop daar dus in hierdie studie gefokus word, is om te bepaal of koöperasie as mededingingstrategie geskik is om die individuele en kollektiewe belange van graanprodusente te bevorder.

Van die belangrikste bevindings van die studie is:

- Graanprodusente voorsien dat koöperasie individuele graanprodusente se markoptrede kan versterk.
- Graanprodusente is van mening dat hulle deur middel van koöperasie wat manifesteer in selfstandige besigheidsondernemings, genaamd "koöperasies", 'n positiewe invloed vir graanprodusente op die mark kan uitoefen.
- Daar kan nie 'n beduidende negatiewe, of positiewe persepsie oor onderlinge mededinging en die invloed wat die vryemarkbedeling daarop uitoefen, by graanprodusente geïdentifiseer word nie. Dit blyk egter dat sommige graanprodusente die vryemarkbedeling as 'n belangrike markfaktor bejeën. Ander graanprodusente huldig 'n meer buigsame benadering jeens die vryemarkbedeling.
- Graanprodusente is, met enkele klemverskille, van mening dat die koöperasies nie daarin slaag om die tradisionele koöperasiebeginsels in die wyse waarop koöperasies hul besigheid bedryf, volledig toe te pas nie.
- Graanprodusente het oor die algemeen gesien duidelike menings oor die noodsaaklikheid daarvan dat die staat nie by die graanbedryf moet inmeng nie. Ander tipes ondersteuningstrategieë, soos die oprigting van beslote korporasies of maatskappye, geniet wisselende steun. 'n Beduidende groep graanprodusente is onseker oor moontlikhede om maatskappye met kapitaalgroei as basis te skep, om sodoende in geheel met koöperasies weg te doen.



UNISA
BIBLIOTEEK / LIBRARY
1999-08-2?
Klas
Access 334.68413310968 OLIV
Aanwin
0001729229

## SUMMARY

## CO-OPERATION AS COMPETITIVE STRATEGY FOR GRAIN PRODUCERS, 1995

**by PG OLIVIER**

**Degree** : **Master in Administration (M. Admin.)**
**Subject** : **Business Management**
**Promotor** : **Professor A. de K. Marais**

Co-operatives have experienced distinguishable changes. The application of co-operation as a competitive strategy by grain producers was largely influenced by the changes. The prevailing political changes can also instigate important changes with regard to co-operatives.

Grain producers must revise strategies to maintain successful competition in the market.

The study investigates co-operation as a competitive strategy to advance the individual and collective interests of grain producers. Findings are:

- Grain producers are convinced that co-operation enhances the market related actions of individual grain producers.
- Grain producers can, through co-operation, exercise a positive influence in the market.
- No definite negative or positive perception concerning the influence of the free market system upon mutual competition could be identified.
- Grain producers are convinced that the state should not interfere with the grain industry.

Key terms:
Co-operation amongst grain producers; Co-operation as a marketing strategy for grain producers; Competition amongst grain producers; Co-operative philosophy; Competitive strategy; Alternative marketing strategies for grain producers; Government approach to marketing of agricultural products; Single channel marketing of agricultural products; Institutional changes in marketing of agricultural products; Threats for grain producers in the market; Expectations with regard to co-operation as a competitive strategy.

# KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE VIR GRAANPRODUSENTE, 1995
## HOOFSTUK 1
## INLEIDING EN ORIëNTERING TOT DIE STUDIE


1.1 AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM . . . . . 1

1.1.1 Oorsig van owerheidsbeleid wat die bemarking van graanprodukte beïnvloed . . . . . 1

1.1.2 Ander faktore wat die bemarking van graanprodukte beïnvloed . . . . . 2

1.1.3 Samevatting . . . . . 3

1.2 KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE . . . . . 3

1.2.1 Nadere beskouing van die grondslag van koöperasie as 'n bepaalde tipe ondernemingsvorm . . . . . 4

1.2.2 Uitoefening van kollektiewe bedingingsmag as grondslag vir die bevordering van graanprodusente se individuele strategiese belange . . . . . 6

1.3 SAMEVATTING . . . . . 8

1.4 ONTWIKKELINGSFASES VAN KOÖPERASIES . . . . . 8

1.4.1 Die eerste ontwikkelingsfase van koöperasies . . . . . 8

1.4.2 Die tweede ontwikkelingsfase van koöperasies . . . . . 9

1.4.3 Die derde ontwikkelingsfase van koöperasies . . . . . 10

1.4.4 Toekomsverwagtinge vir koöperasies . . . . . 10

1.5 PROBLEEMSTELLING . . . . . 11

1.6 HIPOTESESTELLING . . . . . 12

1.7 DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE . . . . . 13

1.8 NAVORSINGSMETODOLOGIE . . . . . 13

1.8.1 Literatuurstudie . . . . . 13

1.8.2 Empiriese ondersoek . . . . . 14

1.8.3 Dataverwerkingsmetode . . . . . 14

1.9 DIE MOTIVERING VIR DIE STUDIE . . . . . 15

1.10 ORIëNTERING TOT DIE STUDIE . . . . . 16

HOOFSTUK 2
TRADISIONELE TEORIE VAN KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE


2.1 INLEIDING . . . 17

2.2 TRADISIONELE BESKOUINGE VAN KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE . . 19

2.2.1 Samehorigheid en gesamentlike optrede . . . 20

2.2.2 Daarstelling van 'n volwaardige sakeonderneming . . . 21

2.2.3 Diensmotief as fokuspunt vir koöperasies . . . 22

2.2.4 Ontwikkeling van lede/eienaars . . . 23

2.2.5 Sosialisme . . . 24

2.2.6 Behaling van spesifieke voordele vir die lede/eienaars . . . 24

2.2.7 Koöperasie as verdededigingsmeganisme teen die foute van die vryemarkmeganisme . . 25

2.2.8 Uitskakeling van nadelige onderlinge mededinging . . . 26

2.3 OORSKOUING VAN TRADISIONELE KENMERKE VAN KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE . . . 26

2.4 TRADISIONELE BESKOUINGE VAN DIE GRONDBEGINSELS VAN KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE . . . 30

2.4.1 Alleenverkeer met lede . . . 30

2.4.2 Verdeling van wins op transaksiegrondslag . . . 31

2.4.3 Beperkte vergoeding van die lid vir sy bydrae tot aandelekapitaal . . . 32

2.4.4 Vrywillige lidmaatskap . . . 34

2.5 OMSKRYWING VAN DIE TWEE VERSKILLENDE MANIERE WAAROP DIE WOORD "KOÖPERASIE" IN DIE LITERATUUR GEBRUIK WORD MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE BEHOEFTES VAN GRAANPRODUSENTE . . . 34

2.5.1 Koöperasie as werkwoord om 'n verhoudingsbasis tussen ondernemers te beskryf . . . 34

2.5.2 Koöperasie as 'n naamwoord vir 'n bepaalde tipe onderneming . . . 35

2.5.3 Die taak van koöperasies as doelgerigte ondernemings . . . 36

2.6 SAMEVATTING . . . 37

## HOOFSTUK 3
## STRATEGIESE BELANGE VAN GRAANPRODUSENTE


3.1 INLEIDING ........ 41

3.2 GRONDLIGGENDE STRATEGIESE BELANGE VAN INDIVIDUELE GRAAN-PRODUSENTE ........ 41

3.2.1 Die produk-mark waarin meegeding word ........ 42

3.2.2 Die vlak van investering (groei- of handhawing) ter bereiking van doelwitte ........ 43

3.2.3 Die strategieë wat gevolg moet word met betrekking tot die uitvoering van die verskillende besigheidsfunksies ........ 44

3.2.4 Strategiese bates as grondslag van 'n mededingingstrategie vir die opbouing van 'n volhoubare mededingende voordeel ........ 45

3.2.5 Die toewysing van bates aan verskillende besigheidseenhede ........ 45

3.2.6 Die skepping en benutting van sinergisme waardeur die verskillende besigheids-eenhede van die onderneming mekaar kan ondersteun ........ 46

3.3 KOLLEKTIEWE STRATEGIESE BELANGE VAN GRAANPRODUSENTE ........ 46

3.3.1 Die produk-mark waarin meegeding word ........ 47

3.3.2 Strategieë wat gevolg moet word met betrekking tot die uitvoering van die verskillende besigheidsfunksies ........ 48

3.4 SAMEVATTING ........ 48


## HOOFSTUK 4
## NAVORSINGSMETODOLOGIE


4.1 INLEIDING ........ 50

4.2 REDES VIR DIE KEUSE VAN DIE BESTUDEERDE POPULASIE ........ 50

4.3 BESKRYWING VAN DIE BESTUDEERDE POPULASIE ........ 52

4.3.1 Koöperasie onder graanprodusente en deelname van graanprodusente aan gesa-mentlike ondernemings ........ 52

4.3.2 Beskouings oor koöperasie as geskikte mededingingstrategie ........ 54

4.3.3 Persepsies oor die toepassing van koöperasiebeginsels deur koöperasies ........ 54

4.4 DIE AARD EN ONTWERP VAN DIE DATAVERSAMELINGSMETODE ........ 54

4.4.1 Inleiding ........ 54

4.4.2 Vraaginhoud ........ 55

4.4.3 Vraagformaat ........ 56

4.4.4 Voortoetsing ........ 56

4.4.5 Die responskoers ..... 58

4.5 DIE AARD EN OMVANG VAN DIE STATISTIESE VERWERKING ..... 58

4.6 DIE STRUKTUUR WAARVOLGENS DIE RESULTATE BESPREEK WORD ..... 59

4.7 SAMEVATTING ..... 59

HOOFSTUK 5

EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE

5.1 INLEIDING ..... 61

5.2 GROEPERING VAN RESPONS VIR ONTLEDINGSDOELEINDES TEN EINDE DIE NAVORSINGSDOELSTELLINGS NA TE STREEF ..... 61

5.3 SOSIO-DEMOGRAFIESE EIENSKAPPE VAN DIE BESTUDEERDE POPULASIE ..... 62

5.3.1 Agtergrond ..... 62

5.3.2 Gevolgtrekkings oor die kenmerke van graanprodusente, met strategiese implikasie ten opsigte van graanprodusente se markdeelname ..... 65

5.4 GRAANPRODUSENTE SE MENINGS OOR DIE NOODSAAKLIKHEID OM TE KOÖPEREER ..... 66

5.4.1 Vraag 12: Meen u dat graanprodusente, as enkelinge, 'n swak mededingingsposisie in die mark het? ..... 66

5.4.2 Vraag 13: Meen u daar bestaan onderlinge mededinging by graanprodusente waardeur hul mededingingsposisie benadeel word? ..... 67

5.4.3 Vraag 14: Kan graanprodusente se mededingingsposisie deur koöperasie (spesiale soort samewerking) verbeter word? ..... 69

5.4.4 Vraag 15: Meen u dat koöperasie (spesiale samewerking) onder graanprodusente, en koöperasies as produsenteondernemings, 'n rol kan speel om die belange van graanprodusente te bevorder? ..... 70

5.4.5 Vraag 20: Meen u dat maatskaplike hervorming/ontwikkeling van graanprodusente as een van die doelwitte van koöperasie gesien moet word? ..... 71

5.5 GRAANPRODUSENTE SE MENINGS OOR DEELNAME AAN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS ..... 72

5.5.1 Vraag 18: Gee u mening oor die rol wat koöperasie kan speel om aan die behoeftes van graanprodusente te voldoen ..... 72

5.5.2 Vraag 22: Meen u dat die belange van graanprodusente beter bevorder kan word deur ondernemings of staatsinstellings, soos hieronder genoem, as wat die tipiese koöperasie kan doen? ..... 73

5.5.3 Vraag 23: Meen u dat graanprodusente deur middel van ander ondernemingsvorme as die koöperasies moet saamwerk (nie koöpereer nie)? ..... 74

5.6 GRAANPRODUSENTE SE MENINGS OOR KOÖPERASIE AS 'N MEDEDINGINGSTRATEGIE . . . 75

5.6.1 Vraag 16: Kan onderlinge samewerking daartoe lei dat meer individuele graanprodusente as mededingers in die mark gevestig raak? . . . 75

5.5.2 Vraag 17: In watter vorm moet onderlinge samewerking tussen/deur graanprodusente geskied? . . . 76

5.7 GRAANPRODUSENTE SE MENINGS OOR DIE TOEPASSING VAN KOÖPERASIEBEGINSELS DEUR KOÖPERASIES . . . 78

5.7.1 Vraag 19: Evalueer asseblief die wyse waarop die koöperasie waaraan u tans behoort (of voorheen aan behoort het) se besigheid bedryf word . . . 78

5.7.2 Vraag 21: Evalueer asseblief die mate waarin u koöperasie daarin slaag om aan die behoeftes van graanprodusente te voldoen . . . 82

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

6.1 SAMEVATTING VAN DIE LITERATUURSTUDIE . . . 83

6.2 BEVINDINGS VAN DIE LITERATUURSTUDIE . . . 85

6.2.1 Ideale vir koöperasie . . . 85

6.2.2 Grondslag van koöperasie . . . 86

6.2.3 Die taak van koöperasie . . . 87

6.2.4 Graanprodusente se markoptrede . . . 87

6.2.5 Gevolgtrekking . . . 88

6.3 BEVINDINGS VAN DIE EMPIRIESE STUDIE . . . 89

6.3.1 Agtergrond . . . 89

6.3.2 Beskrywing van die universum . . . 90

6.3.3 Graanprodusente se menings oor die noodsaaklikheid om te koöpereer . . . 91

6.3.4 Graanprodusente se menings oor deelname aan gesamentlike ondernemings . . . 91

6.3.5 Graanprodusente se mening oor koöperasie as mededingingstrategie . . . 91

6.3.6 Graanprodusente se mening oor die toepassing van koöperasiebeginsels deur koöperasies . . . 91

6.4 TOETSING VAN DIE HOOFHIPOTESE . . . 92

6.5 AANBEVELINGS . . . 92

BRONNELYS . . . 94

BYLAE: VRAELYS OM GRAANPRODUSENTE SE MENING OOR KOÖPERASIE TE PEIL . . . 98

**LYS VAN FIGURE**


| FIGUUR NOMMER | BESKRYWING/ONDERWERP | BLADSY |
|---|---|---|
| 1.1 | Basis waarop graanprodusente op onregstreekse wyse by die verskaffing van sommige produksiebenodigdhede betrek word | 7 |
| 5.1 | Graanprodusente het nie 'n swak mededingingsposisie in die mark nie | 67 |
| 5.2 | Die vryemarkbedeling wat tans heers, verbeter graanprodusente se bedingingsmag en verminder ongesonde mededinging | 68 |

## LYS VAN TABELLE


| TABEL NOMMER | BESKRYWING/ONDERWERP | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.1 | Behoeftes wat tradisioneel deur middel van koöperasie as mededingingstrategie hanteer is | 27 |
| 2.2 | Kategorieë van kenmerke wat tradisioneel aan koöperasie as mededingingstrategie gekoppel is | 28 |
| 4.1 | Die responskoers van 'n steekproef van die bestudeerde populasie | 58 |
| 5.1 | Ontleding van die respons ten einde die sosio-demografiese profiele van respondente uit te lig as agtergrond vir verder ontledings, gebaseer op die nominale indeling van die groepe respondente | 62 |
| 5.2 | Graanprodusente se persepsie van hul mededingingsposisie in die mark | 66 |
| 5.3 | Graanprodusente se persepsie van onderlinge mededinging | 68 |
| 5.4 | Graanprodusente se persepsie oor die verbetering van hul mededingingsposisie deur koöperasie | 69 |
| 5.5 | Graanprodusente se persepsie van moontlikhede dat koöperasie graanprodusente se belange kan bevorder | 70 |
| 5.6 | Graanprodusente se persepsie van maatskaplike hervorming en ontwikkeling van graanprodusente | 71 |
| 5.7 | Graanprodusente se persepsie oor die moontlikheid dat koöperasie aan hul behoeftes kan voldoen | 72 |
| 5.8 | Graanprodusente se persepsie van die mate waarin ander tipes ondersteuningstrategieë daarin kan slaag om aan die behoeftes van graanprodusente te voldoen | 74 |
| 5.9 | Graanprodusente se persepsie van moontlikhede om deur middel van maatskappye of beslote korporasies te opereer | 75 |
| 5.10 | Graanprodusente se persepsie van moontlikhede dat onderlinge samewerking graanprodusente se suksesse in die mark kan beïnvloed | 76 |
| 5.11 | Graanprodusente se persepsie van die vorm waarin onderlinge samewerking moet geskied | 77 |
| 5.12 | Graanprodusente se mening oor die wyse waarop koöperasies se besigheid bedryf word | 78 |
| 5.13 | Graanprodusente se mening oor die mate waarin koöperasies daarin slaag om aan die behoeftes van graanprodusente te voldoen | 82 |

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN ORIëNTERING TOT DIE STUDIE

## 1.1 AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM

Daar is verwagtinge dat die nuutverkose veelparty demokratiese regering van Suid-Afrika strategiese veranderings sal aanbring ten opsigte van die landboubemarkingsbeleid wat die bemarking van graan- en ander landbouprodukte regstreeks beïnvloed. Hierdie moontlike veranderings kan die bestaan en funksionering van owerheidsinstellings en owerheidsbeleidsrigtings waarop graan- en ander landbouprodusente voorheen gesteun het om hul optrede in die mark te versterk, in belangrike opsigte beïnvloed (LBBEK1 1994:8). Dit kan aangeneem word dat sodanige moontlike veranderings mettertyd sal plaasvind en nie terstond sal geskied nie, wat daartoe kan lei dat onsekerhede wat reeds oor die landboubemarkingsbeleid bestaan, verder sal toeneem.

Onsekerhede oor moontlike veranderings in die landboubemarkingsbeleid het tot gevolg dat graanprodusente veral oor hul strategiese mededingingsposisie in die mark moet herbesin. Die mededinging in die mark vir graanprodukte was voorheen tot 'n groot mate vanuit owerheidsweë gereguleer en die nuwe owerhede beplan om hierdie mark grootliks te dereguleer (LBBEK1 1994:11& 21). Die deregulering van die mark kan belangrike bedreigings en geleenthede tot stand bring, wat moontlik nie voorheen bestaan het nie en nou nuwe markstrategieë sal vereis (LBBEK1 1994:10&14). Die bedreigings en geleenthede wat in die mark voorkom is direk aan die aard van die verskillende landbouprodukte gekoppel en kan wesentlik van produktipe tot produktipe verskil. Die bemarkingsbeleid vir onderskeibare landbouproduktipes moet dus op 'n gedifferensieërde manier benader word (LBBEK1 1994:15,16&29). Hierdie studie behels 'n ontleding van koöperasie as 'n strategiese mededingingsopsie wat <u>graanprodusente</u> kan volg ten einde suksesvol te bly voortbestaan in die lig van moontlike veranderings in strategiese aspekte van die owerheidsbeleid met betrekking tot die bemarking van graanprodukte.

### 1.1.1 Oorsig van owerheidsbeleid wat die bemarking van graanprodukte beïnvloed

Die landboubemarkingsbeleid word in die Bemarkingswet (Wet no. 59 van 1968) beliggaam en die bemarking van graanprodukte word, soos talle ander tipes landbouprodukte, in 'n meerdere of mindere mate deur die bepalings van die Bemarkingswet gereguleer. Graanprodusente moet daarmee rekening hou dat die Regering-van-die-dag die bepalings van die Bemarkingswet so aanwend dat hy sy politieke en sosiale doelwitte kan bereik (LBBEK1 1994:3). Regeringsoptrede in verband met die toepassing van die Bemarkingswet kan dus strategiese geleenthede en bedreigings skep ten opsigte van die bemarking van graanprodukte.

Sedert 1980 het daar belangrike veranderings met betrekking tot die ekonomiese posisie van die graanprodusente voorgekom wat die denkrigtings en benaderings wat voorheen deur die owerhede

gehuldig en nagestreef is, daadwerklik beïnvloed het (LBBEK1 1994:5& 24). Hierdie veranderings het met verloop van tyd ingetree namate bepaalde behoeftes na vore gekom het. Die Landboubemarkingsbeleid-evalueringskomitee (LBBEK1 1994:ix) is gedurende 1993 tot stand gebring om in gespesifiseerde behoeftes van die owerhede vir ondersoeke na die daarstelling van 'n doeltreffende landboubemarkingsbeleid te voorsien (LBBEK1 1994:1).

Die denkrigtings van persone en instansies wat aan LBBEK deelneem, verskil fundamenteel van die beleidsrigtings van die owerhede wat voorheen aan bewind was (LBBEK1 1994:x&xvi). Die denkrigtings wat die owerhede voor 1980 gehuldig en in beleid opgeneem het, het 'n bepaalde landboubemarkingsomgewing onder 'n groot mate van owerheidsbeheer daargestel wat gunstig was vir die bemarking van, onder meer, primêre graanprodukte (SALU 1988:9). Die omstandighede en faktore wat die handhawing van die gunstige landboubemarkingsomgewing moontlik gemaak het, het egter sedertdien sodanig verander dat nuwe denkrigtings nou nagevolg word, soos reeds gemeld. LBBEK is van mening dat onsekerheid heers oor die ekonomiese en sosiale doelwitte van die owerhede wat na die demokratiese verkiesing aan bewind sal kom. LBBEK is verder van mening dat groter mededingingsvryheid noodsaaklik is ten einde ekonomiese welvaart te skep (LBBEK1 1994:9). LBBEK se siening sluit aan by die mening wat die nuwe landsowerhede huldig dat die voormalige landboubemarkingsbeleid onnodige beperkings op mededinging geplaas het.

### 1.1.2 Ander faktore wat die bemarking van graanprodukte beïnvloed

Individuele graanprodusente openbaar soms 'n gebrek aan kundigheid ten opsigte van belangrike markverwante bedrywighede, soos bemarkings- en bedingingskundigheid. Die historiese waarheid dat individuele graanprodusente in die vroeë stadiums van die kommersiële produksie van graan dit moeilik gevind het om markverwante pryse vir hul produkte te behaal, is 'n voorbeeld van 'n gebrek aan kundigheid, wat steeds mag bestaan (LBBEK1 1994:15; Meiring 1984:8). 'n Gebrek aan kundigheid met betrekking tot bemarkings- en bedingingsvaardighede is moontlik 'n faktor wat daartoe bygedra het dat die produsente destyds nie goed in die mark kon presteer nie.

Nadelige onderlinge mededinging vanweë die groot aantal individuele graanprodusente wat as selfstandige ondernemers in die mark optree, is 'n verdere faktor wat die riskantheid verbonde aan die bemarking van graanprodukte verhoog (LBBEK1 1994:31). Die mededingingspraktyke van individuele graanprodusente vertoon talle raakvlakke waar interaksie met mekaar noodgedwonge moet plaasvind. Individuele graanprodusente het eenderse behoeftes, word met eenderse probleme gekonfronteer en moet eenderse ondernemingspraktyke volg (SALU 1988:9-11). Die eendersheid van omstandighede en strewes lei daartoe dat die graanprodusente noodgedwonge met mekaar moet meeding op 'n wyse wat 'n nadelige invloed uitoefen op die effektiwiteit van individuele graanprodusente se mededingingsvermoë (LBBEK1 1994:31). LBBEK (LBBEK1 1994:31) is van mening dat

landbouprodusente die risiko's wat uit 'n gebrek aan kundigheid en nadelige onderlinge mededinging voortvloei tot dusver deur middel van koöperasie as mededingingstrategie oorkom het.

### 1.1.3 Samevatting

Die gesamentlike uitwerking van veranderende owerheidsoptrede in die mark en onderlinge mededinging maak dit vir individuele graanprodusente moeilik om as individuele deelnemers in die mark op te tree. Verder is die hoeveelhede produkte wat individuele graanprodusente op die mark aanbied, gemeet teen die totale markaanbod, te klein om 'n beduidende impak op die mark te maak. Individuele graanprodusente wat met hul klein hoeveelhede produkte in die mark wil optree, moet dus op 'n swak mededingende basis teen medeprodusente wat 'n ewe swak mededingingsbasis het, in die mark meeding. Hierdie swakheid kan deur koöperasie as mededingingstrategie oorkom word.

## 1.2 KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE

Koöperasie vind op verskillende grondslae en in 'n uiteenlopende reeks van aktiwiteite in die samelewing plaas (Bonner 1970:1) en is 'n menslike aktiwiteit so oud as die mensdom self, wat manifesteer wanneer twee of meer mense saamwerk ten einde enige bepaalde doel te bereik. Die toepassing van koöperasie as 'n mededingingstrategie is dus net één manifestasie van koöperasie in 'n gemeenskap (Bonner 1970:1).

Die toepassing van koöperasie as 'n mededingingstrategie, bied aan graanprodusente 'n middel wat aangewend kan word ten einde op 'n gestruktureerde wyse te voorsien in die behoeftes vir die bevordering van die graanprodusente se individuele en kollektiewe strategiese belange met betrekking tot die bemarking van graanprodukte (Mostert 1990:11). Die toepassing van koöperasie as 'n mededingingstrategie vir graanprodusente kan dus gesien word as 'n instrument vir die nastrewing van die ideale waarvolgens graanprodusente in die mark wil saamwerk ten einde:

(a) mekaar teen die uitbuiting van hul swak mededingingsposisie in die mark te beskerm;
(b) nadelige onderlinge mededinging uit te skakel;
(c) stabiliteit en oorlewing vir individuele boerderyondernemings te bewerkstellig;
(d) graanprodusente suksesvol as mededingers in die mark te vestig; en
(e) 'n bydrae tot maatskaplike hervorming te lewer.

Hierdie ideale en strewes vorm 'n basis vir koöperasie deur graanprodusente. Sommige bronne verskaf spesifieke beskrywings van beginsels vir die toepassing van koöperasie as 'n mededingingstrategie, waarin aspekte van die bogenoemde strewes verwoord word. Die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie lei gewoonlik tot die oprigting en bedryf van ondernemings wat as "koöperasies" bekend staan. Koöperasies funksioneer hiervolgens as selfstandige entiteite in die

mark en in die samelewing, met die oogmerk om werktuie te wees waardeur ondernemers, soos die graanprodusente, die ideale of strewes wat hierbo gemeld word, kan verwesenlik. Koöperasie, as 'n benaming vir hierdie tipe ondernemings, word gekoppel aan die beginsels waarop die betrokke ondernemings gegrond is (Hall & Watkins 1937:15).

### 1.2.1 Nadere beskouing van die grondslag van koöperasie as 'n bepaalde tipe ondernemingsvorm

'n Aantal bronne bevat beskrywings van die grondslag van koöperasies as 'n bepaalde tipe ondernemingsvorm. Dit blyk dat hierdie beskrywings daarop gerig is om koöperasies as 'n tipe ondernemingsvorm van ander tipes ondernemingsvorme te onderskei. Die toeligting van die grondslag van koöperasies as sodanig, kan daartoe bydra om die probleemstelling van die studie in perspektief met die resultate van die empiriese studie te plaas.

Die bronne verskil in sekere opsigte van mekaar met betrekking tot die beklemtoning van die eienskappe wat voorrang moet geniet vir die doeltreffende identifisering van 'n koöperasie as 'n onderskeibare tipe ondernemingsvorm. Enkele van die betrokke bronne word hierna aangehaal. Die aanhalings word hieronder in twee groepe verdeel volgens die klem wat die bronne op die spesifieke onderskeidende eienskappe van koöperasies plaas.

#### 1.2.1.1 Benadering wat een besondere eienskap van koöperasies beklemtoon

Die ondergenoemde literatuurbronne beskryf die unieke wyse waarop die lede van koöperasies met hul eie instelling sake bedryf, as die ware grondslag van koöperasies as 'n bepaalde tipe ondernemingsvorm:

- Van Niekerk (1986:121) huldig die mening dat die "... toewysing van die netto surplus (aan individuele lede) in verhouding (met hul bydrae) tot die omset..." die grondslag is van ondernemings wat volgens koöperasiebeginsels opgerig en bedryf word. Koöperasies kan ook, anders as die meeste ander tipes ondernemings, 'n doelgerigte bydrae tot maatskaplike hervorming lewer (Van Niekerk 1994:18).
- Kriel (1993:32&34) huldig die mening dat "...bonus op omset of surplusverdeling volgens deelname ..." die grondslag is van ondernemings wat volgens koöperasiebeginsels opgerig en bedryf word. Hierdie bron meld ook drie "... fundamentele beginsels ..." vir sodanige ondernemings, naamlik bediening teen kosprys; demokratiese beheer; en beperkte kapitaalvergoeding.
- Koöperasiepers (1968:101) beskou die besondere organisasievorm van winsverdeling op transaksiegrondslag as die wesenskenmerk van ondernemings wat volgens koöperasiebeginsels opgerig en bedryf word.

Aldrie die bogenoemde bronne beskryf die wyse waarop surplusverdeling hanteer word, as die ware kenmerk van ondernemings wat volgens koöperasiebeginsels opgerig en bedryf word. Hierdie beskouing van die wese van koöperasie konsentreer op die ekonomiese sy van koöperasies se bedrywighede. Landbouleiers en graanprodusente het egter ook sosiologiese faktore, soos die ontwikkeling van die boerderygemeenskap, in ag geneem toe hulle koöperasies gestig en bedryf het. LBBEK (LBBEK1 1994:24) se mening dat die ontwikkeling van landbouprodusente uit die agtergeblewe gemeenskappe besondere aandag moet geniet, sluit by die laasgenoemde benadering aan. LBBEK (LBBEK1 1994:24) meen verder dat die gevestigde kommersiële landbousektor, waarby die koöperasies ingesluit is, hierin 'n bydrae moet lewer.

### 1.2.1.2 Veelvuldige eienskappe as onderskeidende grondslag vir koöperasies

Die Steenkampkommissie (1967:72) se samevatting van koöperasiebeginsels, soos hieronder aangehaal, dek 'n wyer grondslag van oorwegings en behoeftes wat as doelstellings dien vir die stigting en bedryf van koöperasies. Die Steenkampkommissie se benadering verskaf voorts 'n nouer aansluiting by die strewes van graanprodusente, soos in paragraaf 1.2 hierbo gemeld. Die beginsels, soos deur die Steenkampkommissie beskryf, word dus vir die doeleindes van die studie beskou as die volledigste beskrywing van die beginsels waarop koöperasies as 'n bepaalde tipe ondernemingsvorm berus. Hierdie beginsels is:

- Doelgerigte samewerking om gemeenskaplike belange te bevorder;
- alleenverkeer (ten opsigte van transaksies) tussen die koöperasie en sy lede;
- selfstandigheid (van die koöperasie) as 'n ekonomiese entiteit;
- verdeling van winste wat die koöperasie genereer, onder die koöperasielede op 'n transaksiegrondslag;
- beperkte vergoeding van lede vir kapitaal wat hulle tot die koöperasie bygedra het; en
- vrywillige lidmaatskap van 'n koöperasie.

Die missiestelling wat vir een van die groter graankoöperasies in die land bepaal is, en wat hieronder aangehaal word, is een voorbeeld wat kan toon hoe 'n groep graanprodusente daarna strewe om beginsels soortgelyk aan die beginsels soos deur die Steenkampkommissie beskryf, in 'n selfstandige onderneming te vergestalt:

- Die missie van Noordwes Koöperasie Beperk is om op 'n koöperatiewe grondslag die materiële welvaart van sy individuele lede te bevorder deur op 'n doeltreffende wyse 'n wesenlike bydrae oor die lang termyn te lewer ter bereiking van optimale opbrengs op hul investering in die landbou" (Noordwes Nuus 1988:5).

Die bewoording van hierdie missie dui daarop dat die betrokke koöperasie sy doelstellings op 'n kollektiewe magsbasis nastreef met die strategiese belange van die individuele graanprodusent as fokuspunt. Hierdeur word daar doelbewus aan die individuele strategiese belange van graanprodusente uitdrukking gegee. Die strategiese individuele belange sentreer rondom die daarstelling van 'n optimale opbrengs op graanprodusente se investering in die landbou deur die daarstelling van 'n gunstige onderbou ten einde die voordelige bemarking van die graanprodusente se produkte te bevorder.

### 1.2.2 Uitoefening van kollektiewe bedingingsmag as grondslag vir die bevordering van graanprodusente se individuele strategiese belange

Graanprodusente streef daarna om hul strategiese belange vir die bereiking van 'n optimale opbrengs op hul investering in die landbou te bevorder deur die uitoefening van hul kollektiewe bedingingsmag, soos reeds gemeld. Graanprodusente se kollektiewe bedingingsmag word op twee hoofterreine uitgedruk, naamlik:

- Die beïnvloeding van prysbepaling met betrekking tot produksiebenodigdhede ten einde produksiekoste te beperk (SALU 1988:12); en
- die beïnvloeding van prysbepaling ten opsigte van produkpryse (Mostert 1990:11).


#### 1.2.2.1 Uitoefening van graanprodusente se kollektiewe bedingingsmag om prysbepaling van produksiebenodigdhede te beïnvloed

Hierbo (paragraaf 1.2.1) is dit reeds gemeld dat graanprodusente koöperasies gestig het ten einde hul mededinging in die mark te konsolideer. Die koöperasies wat volgens Mostert (1990:11) ook as primêre koöperasies bekend staan, het strategiese stappe geneem ten einde die pryse van produksiebenodigdhede in die guns van hul eienaars/lede te beïnvloed. Die belangrikste stap wat primêre koöperasies geneem het in hul strewe om die pryse van produksiebenodigdhede te beïnvloed, was om sentrale koöperasies te stig. Die primêre koöperasies is die eienaars van die sentrale koöperasies wat die primêre koöperasies met hul eie kapitaal opgerig het. Die individuele koöperasielid dra dus nie direk tot die finansiering van sentrale koöperasies by nie (Koöperasiepers 1988:30).

Sentrale koöperasies speel die rol om terugwaartse integrasie daar te stel deur as verskaffer van sekere produksiebenodigdhede die bemarkingskanaal tussen verskaffers en die graanprodusente as eindverbruikers te verkort. Sommige produksiebenodigdhede, soos kunsmis en trekkers word byvoorbeeld onder lisensie deur die sentrale koöperasies vervaardig en versprei, en is nie vryelik in die mark by ander tipes ondernemings beskikbaar nie (Van Niekerk 1986:81).

Graanprodusente geniet die voordele wat uit die bedrywighede van die sentrale koöperasies voortvloei op 'n indirekte wyse deurdat die primêre koöperasies produksiebenodigdhede vir graanprodusente teen gunstiger pryse deur middel van die sentrale koöperasies kan bekom (Van Niekerk 1986: 81). Hierdie indirekte wyse waarop graanprodusente aan die verskaffing van hul eie produksiebenodigdhede deelneem, kan aan die hand van figuur 1.1 hieronder, toegelig word.

**Figuur 1.1: Basis waarop graanprodusente op onregstreekse wyse by die verskaffing van sommige produksiebenodigdhede betrek word**




Bron: Saamgestel uit inligting wat Koöperasiepers (1968:30) verskaf.

Op hierdie basis het graanprodusente die strewe om pryse van produksiebenodigdhede positief in hul guns te beïnvloed, tot 'n beduidende mate verwesenlik. Graanprodusente het dus deur hul gekombineerde optrede, met die koöperasies as werktuig, daarin geslaag om vordering te maak in die stryd teen onredelike optredes van verskaffers van produksiebenodigdhede (Meiring 1984:11).

#### 1.2.2.2 Uitoefening van graanprodusente se kollektiewe bedingingsmag om pryse van graanprodukte te beïnvloed

Die stigting van koöperasies was 'n georganiseerde stap van leiers in die landboubedryf om die bedingingsmag van landbouprodusente (met insluiting van graanprodusente) in verband met die bemarking van hul produkte te versterk (Koöperasiepers 1968:39).

Die koöperasies het insette gelewer om, byvoorbeeld deur vertoë aan die owerhede, institusionele maatreëls daargestel te kry om die posisie van graanprodusente en ander landbouprodusente in die mark te verskans (Steenkampkommissie 1967:8). Die Bemarkingswet van 1937 (Wet no. 26 van 1937), wat later deur die Bemarkingswet van 1968 (Wet 59 van 1968, soos gewysig) vervang is (Mostert 1990:125), is die belangrikste wetgewing wat aan die koöperasies (en dus hul produsente-eienaars) 'n voorsprong in die mark gegee het (LBBEK1 1994:3). Hierdie Wet het aanvanklik bepaal dat sekere landbouprodukte, soos graanprodukte, alleenlik deur die beheerrade wat deur middel van die betrokke wetgewing tot stand gekom het, bemark mag word (LBBEK1 1994:3&4). Die sogenoemde "eenkanaalbemarkingskemas" het hierdeur beslag gekry en het bemarkings-

aktiwiteite ten opsigte van die belangrikste landbouprodukte, waaronder graanprodukte, oorheers (LBBEK1 1994:xv). Die werking van die eenkanaalbemarkingskemas het tot gevolg gehad dat die pryse van graanprodukte en ander landbouprodukte sentraal beheer was sodat die produsente van 'n billike prys vir hul produkte verseker kon word. Hierdie tydperk kan as 'n bloeitydperk vir die landbou in Suid-Afrika beskou word (LBBEK1 1994:4).

## 1.3 SAMEVATTING

Graanprodusente het koöperasies gestig om as selfstandige ondernemings te funksioneer ten einde graanprodusente se doeltreffendheid as mededingers in die mark te verhoog. Koöperasie, soos beliggaam in koöperasies as selfstandige ondernemings, het dus aan graanprodusente 'n strategie gebied om hul mededinging in die mark te konsolideer. Onder die omstandighede wat hierbo beskryf is, het koöperasie as mededingingstrategie vir graanprodusente vrugte afgewerp.

Veranderinge met betrekking tot die denkrigtings wat die nuwe landsowerheid huldig, kan die funksionering van begunstigende wetgewing wat graanprodusente tot dusver vir hul voordeel benut het, daadwerklik verander. Die institusionele markfaktore wat voorheen vir graanprodusente 'n gunstige markomgewing daargestel het, kan dus drasties verander, met die gevolg dat graanprodusente nou met minder bevoordelende markomstandighede te make het. Hierdie veranderinge kan ook 'n belangrike invloed op die funksionering van die koöperasies, as sodanig, uitoefen.

## 1.4 ONTWIKKELINGSFASES VAN KOÖPERASIES

Koöperasies, as werktuie ter doelwitbereiking vir die graanprodusente, het sedert hul tot standkoming drie onderskeibare ontwikkelingsfases deurgegaan. Die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie deur graanprodusente, is grootliks beïnvloed deur die veranderings wat tydens die ontwikkelingsfases voorgekom het. Aksies wat in die loop van hierdie ontwikkelingsfases ingestel was, het mettertyd onduidelikhede oor die bestaansgrondslag van koöperasies laat ontstaan. Hierdie ontwikkelingsfases word vervolgens beskryf.

### 1.4.1 Die eerste ontwikkelingsfase van koöperasies

Die eerste onderskeibare ontwikkelingsfase behels die aanvanklike pogings van leiers in die landboubedryf en die destydse regerings om koöperasies in die land te vestig (Steenkampkommissie 1967:3-5). Deskundiges is aan die einde van die vorige eeu en aan die begin van hierdie eeu (die twintigste eeu) van die buiteland af in die land ingebring ten einde graanprodusente te adviseer oor metodes om deur koöperasie as mededingingstrategie, hul optrede in die mark te versterk. Soos reeds gemeld, is die oprigting van koöperasies aan die hand van die reeds genoemde beginsels waarop die koöperasies gegrondves was, gesien as die beste hulpmiddel om graanprodusente se

deelname in die mark te versterk. Verskeie koöperasies is na aanleiding van hierdie doelgerigte aksies tot stand gebring op grond van beginsels soos deur die Steenkampkommissie geïdentifiseer (kyk paragraaf 1.2.1.2).

Hierdie pioniersfase het tot ongeveer 1922 geduur met beperkte verdere ontwikkelings tot ongeveer 1928 (LBBEK1 1994:4).

### 1.4.2 Die tweede ontwikkelingsfase van koöperasies

Die tweede ontwikkelingsfase van koöperasies word deur LBBEK (LBBEK1 1994:4) beskryf, en daar word gemeld dat hierdie ontwikkelingsfase die tydperk vanaf 1929 tot ongeveer die einde van die sewentigerjare dek. Hierdie ontwikkelingsfase word as 'n waterskeiding vir die landbou in Suid-Afrika beskryf. In die betrokke tydperk het die koöperasies 'n belangrike bydrae gelewer tot die vestiging en uitbreiding van institusionele aksies waardeur die posisie van graanprodusente en ander landbouprodusente in die mark verskans kon word (Steenkampkommissie 1967:8). Hierdie institusionele aksies het daartoe gelei dat die tradisionele koöperasies op grond van wetgewing tot op groot hoogte agente vir die staat geword het waardeur hulp en ondersteuning aan graanprodusente en ander landbouprodusente gekanaliseer was. In hierdie ontwikkelingsfase het die sogenoemde eenkanaalbemarkingskemas beslag gekry, soos reeds gemeld. Hierdie tweede ontwikkelingsfase van die landbou en koöperasies, word ook as 'n bloeitydperk van die landbou in Suid-Afrika beskou.

In hierdie (tweede) ontwikkelingsfase is daar egter van owerheidsweë stappe ingestel wat daartoe gelei het dat die koöperasies wat toe reeds gevestig was, in belangrike opsigte van die erkende koöperasiebeginsels moes afwyk. Graanprodusente is deur wetgewing verplig om hul produkte deur middel van die koöperatiewe eenkanaalbemarkingskema te bemark. Die beginsel van vrywillige koöperasie is hierdeur aangetas (Van Niekerk 1986:43). Die betrokke wetgewing het ook daartoe gelei dat koöperasies binne wetlike beperkings met nie-lede kon sake doen. 'n Tweede beginsel, naamlik uitsluitende verkeer met 'n koöperasie se lede, is dus ook deur middel van institusionele aksies aangetas. Hierdie veranderings is aan die hand van Artikel 241 van die Bemarkingswet van 1937 (Wet no. 26 van 1937) afgedwing (Van Niekerk 1986:43).

Die feit dat die koöperasies van twee van die erkende koöperasiebeginsels moes afstand doen, laat die vraag ontstaan of die ondernemings wat daarna bly voortbestaan het, steeds as ware koöperasies beskou kan word. Die koöperasies het sonder deelname van hul eienaars (die lede) op 'n gewysigde grondslag bly voortbestaan en was dus nie meer net aan hul lede verantwoordelik nie, maar moes ook volgens spesifieke owerheidsriglyne funksioneer. Die owerheidsriglyne is van tyd tot tyd sonder deelname aan die besluitneming aangepas ten einde in bepaalde doelstellings van die toenmalige owerhede te voldoen, soos reeds beskryf.

### 1.4.3 Die derde ontwikkelingsfase van koöperasies

Die derde ontwikkelingsfase van die landbou en die koöperasies in die land het gedurende die tagtigerjare 'n aanvang geneem (LBBEK1 1994:29). Die destydse regering het aan die begin van hierdie tydperk 'n program in werking gestel wat daarop gerig was om die omvangryke regeringsondersteuning aan landbouprodusente, in die vorm van begunstigende wetgewing en ander maatreëls, soos subsidies, stelselmatig tot die minimum direkte staatsondersteuning te verminder. Hierdie program word tans in ooreenstemming met die riglyne van die internasionale beweging van regeringsagentskappe (Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel - AOTH) om staatsinmenging in landbouaangeleenthede op 'n gekoördineerde wyse op wêreldwye basis te verminder, verder gevoer (SALU 1988:11; Wentzel 1994:6). Die huidige Regering van Nasionale Eenheid (RNE) beoog ook om uiteenlopende dereguleringsaksies in werking te stel ten einde momentum aan hierdie program te verleen (Landbounuus 1994:1). Die RNE wil die proses verder voer deur sogenaamde regstellende aksies, soos die herverdeling van grond, in te stel om die oorheersende rol wat kommersiële graanprodusente in die landboubedryf speel, te verminder (LBBEK1 1994:23&24).

### 1.4.4 Toekomsverwagtinge vir koöperasies

Die bestaansreg van die koöperasies was gedurende die tweede ontwikkelingsfase feitlik gewaarborg deur die wetgewing wat destyds tot stand gekom het. Die sogenoemde eenkanaalbemarkingskemas wat in die tweede ontwikkelingsfase beslag gekry het, het bemarkingsaktiwiteite ten opsigte van die belangrikste graanprodukte oorheers. Die koöperasies het daarna as agente van die beheerrade begin funksioneer en deur hul ondernemingsaktiwiteite meegewerk om die eenkanaalbemarkingskemas te handhaaf. Die hooffunksie van die koöperasies was om as agente van die beheerrade, produkte soos graan, namens die beheerrade vanaf die produsente te ontvang en daarna hulp te verleen om die produkte te distribueer volgens die riglyne wat die beheerrade neerlê (Mostert 1990:56&62).

Hierdie ontwikkelings het daartoe gelei dat die koöperasies as dienslewerende ondernemings vir die staat gefunksioneer het, met 'n ondernemingskultuur waarin die beginsels van die bemarkingsfilosofie, soos dit algemeen in die literatuur beskryf word, nie 'n prominente rol speel nie. Die bemarkingskonsep as bestuursfilosofie vir die suksesvolle funksionering van kapitalistiese ondernemings, berus op die beginsel dat 'n onderneming sy bestaansreg vind in die bevrediging van verbruikersbehoeftes (Lucas 1983:24).

Dit was tot dusver nie vir die koöperasies nodig om doelgerigte bemarkingsprogramme te loods ten einde suksesvol as ondernemings te kan bly voortbestaan nie. Dit was ook nie nodig om graanprodusente deur middel van reklame-aktiwiteite aan te spoor ten einde hul graanprodukte by die koöperasies te lewer nie. Die koöperasies is deur die werking van wetgewing daarvan verseker dat die

grootste deel van die belangrikste graanprodukte wat in die mark gelewer word, deur hulle hanteer sal word, waardeur hul voortbestaan as besigheidsondernemings gewaarborg is (Willemse 1994:6). Soos in die beskrywing van die tweede ontwikkelingstadium hierbo gemeld word, is die wesensgrondslag van die koöperasies drasties deur owerheidsoptrede gewysig.

Die oorkoepelende ondernemingsbeleidbepalings en -strategieë van die koöperasies was daarop gerig om riglyne aan hul personeel te verskaf waarvolgens die koöperasies suksesvol as agente van die beheerrade kan funksioneer. Die graanprodusente-lede/eienaars van die koöperasies was dus nie meer in volle beheer van hul eie ondernemings (koöperasies) nie. Die beginsel van selfstandigheid was dus ook van die koöperasies ontneem.

Namate markveranderlikes, soos wetgewing, mededingingstrategieë en verbruikersbehoeftes met verloop van tyd verander, begin die koöperasies dit ondervind dat hul suksesvolle voortbestaan nie meer in dieselfde mate as voorheen deur die werking van wetgewing ondersteun kan word nie. Wetgewing het in sommige gevalle reeds sodanig verander dat die beheer wat beheerrade oor die bemarking van die belangrikste landbouprodukte uitgeoefen het, in 'n belangrike mate verminder word (LBBEK1 1994:2; De Villiers 1994:45). Die koöperasies word ook nie meer verplig om hoofsaaklik as agente vir die beheerrade te funksioneer nie. Omstandighede is dus daarvoor gunstig dat die koöperasies weer selfstandiger kan funksioneer en die lede/eienaars weer groter beheer oor die funksionering van hul eie ondernemings (koöperasies) kan uitoefen. Graanprodusente word ook nie meer verplig om vir die doeleindes van die bemarking van hul produkte te koöpereer nie.

Daar is egter nie aanduidings dat die koöperasies hul sakebedrywighede tot alleenverkeer met hul lede, kan, of wil, beperk nie. Daar is dus nog nie sekerheid of die koöperasies wil terugkeer na 'n ondernemingsposisie van 'n onderskeibare tipe ondernemingsvorm wat deur die beginsels wat nagestreef word, van ander tipes ondernemings onderskei kan word nie.

## 1.5 PROBLEEMSTELLING

Die derde ontwikkelingsfase vir die koöperasies, soos hierbo beskryf, duur nog voort. In die laasgenoemde ontwikkelingsfase word nuwe uitdagings aan graanprodusente (SALU 1988:9) en die koöperasies gestel (LBBEK2 1994:5). Graanprodusente verkeer in 'n posisie wat vereis dat daar besin moet word oor strategieë wat gevolg kan word ten einde steeds suksesvol in die onsekere markomstandighede mee te ding. Die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie waarvolgens graanprodusente deur lidmaatskap van koöperasies in die mark deelgeneem het, kom nou ook onder die loep (Reëlingskema 1995:1).

Die klimaat van politieke veranderings wat tans in die land heers, kan ook belangrike veranderings meebring ten opsigte van die grondslag waarop koöperasies funksioneer (kyk paragraaf 1.2.2).

Minister Tobie Meyer het tydens die 1994-Koöperatiewe Kongres in Port Elizabeth gesê dat koöperasies deur die uitwerking van die verwagte veranderings geforseer kan word om strategiese aanpassings in hul strukture te maak ten einde steeds suksesvol te kan bly voortbestaan (Koöperatiewe Kongres 1994:4; Van Niekerk 1994:10&17).

**Die hoofprobleem waarop daar in hierdie studie gefokus word, is om te bepaal of koöperasie as mededingingstrategie geskik is om die individuele en kollektiewe belange van graanprodusente te bevorder.**

**Die subprobleme wat moontlik tot die hoofprobleem aanleiding gee, is dat:**

**(a) graanprodusente minder geneig is om te koöpereer ten einde hul gemeenskaplike belange te bevorder;**

**(b) graanprodusente minder geneig is om aan gesamentlike ondernemings deel te neem vir mededinging in die mark;**

**(c) graanprodusente die persepsie huldig dat koöperasiebeginsels nie meer as 'n geskikte mededingingstrategie beskou kan word nie: en**

**(d) graanprodusente die persepsie huldig dat die koöperasies nie meer ten volle volgens die tradisionele beginsels van koöperasie funksioneer nie.**

## 1.6 HIPOTESESTELLING

**Die hoofhipotese wat vir hierdie studie gestel word, is dat koöperasie geskik is om as mededingingstrategie aangewend te word ten einde die individuele en kollektiewe belange van graanprodusente te bevorder.**

Die hoofhipotese berus op die volgende aannames:

- Graanprodusente sal steeds as individuele entrepreneurs in die mark vir die bereiking van hul individuele langtermyndoelstellings bly funksioneer (SALU 1988:8);
- individuele graanprodusente sal dus steeds keuses kan uitoefen oor die wyse waarop hulle in die mark wil optree; en
- wetlike voorskrifte oor die bedryf van koöperasies as 'n spesifieke tipe onderneming sal nie in die toekoms drasties deur ingryping van owerheidsweë verander word nie.

(a) <u>Eerste subhipotese</u>: **Graanprodusente wil koöpereer ten einde hul gemeenskaplike belange te bevorder.**

(b) <u>Tweede subhipotese</u>: **Graanprodusente wil aan gesamentlike ondernemings deelneem vir suksesvolle mededinging in die mark.**

(c) <u>Derde subhipotese</u>: **Graanprodusente bekou koöperasie as 'n geskikte mededingingstrategie.**

(d) <u>Vierde subhipotese</u>: **Graanprodusente is van mening dat koöperasies steeds volgens die tradisionele beginsels van koöperasie funksioneer.**

## 1.7 DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

**Die hoofdoelstelling is om te bepaal of koöperasie geskik is om as mededingingstrategie aangewend te word ten einde die individuele en kollektiewe belange van graanprodusente te bevorder.**

(a) <u>Eerste subdoelstelling</u>: **Bepaal of graanprodusente wil koöpereer ten einde hul gemeenskaplike belange te bevorder.**

(b) <u>Tweede subdoelstelling</u>: **Bepaal of graanprodusente aan gesamentlike ondernemings wil deelneem vir suksesvolle mededinging in die mark.**

(c) <u>Derde subdoelstelling</u>: **Bepaal of graanprodusente koöperasie as 'n geskikte mededingingstrategie beskou.**

(d) <u>Vierde subdoelstelling</u>: **Bepaal of graanprodusente van mening is dat koöperasies volgens die koöperasiebeginsels funksioneer.**

## 1.8 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die studie na koöperasie as mededingingstrategie vir graanprodusente behels 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek ten einde die studiedoelstellings na te streef.

### 1.8.1 Literatuurstudie

Literatuur waarin die ontstaansgeskiedenis van koöperasies beskryf word, is bestudeer ten einde 'n oorsig te verkry van die belangrikste oorwegings en faktore wat individue daartoe bring om koöperasie as 'n mededingingstrategie aan te wend. Die betrokke oorwegings en faktore is ontleed ten einde die beginsels te identifiseer wat as grondslag dien vir die toepassing van koöperasie as 'n spesifieke mededingingstrategie.

Literatuur is voorts bestudeer ten einde 'n oorsig te verkry van die wyse waarop die geïdentifiseerde koöperasiebeginsels in die praktyk manifesteer. Hierdeur is afwykings in die toepassing van die koöperasiebeginsels geïdentifiseer as moontlike oorsake daarvan dat koöperasies moontlik nie

meer as eiesoortige ondernemings funksioneer nie en nie meer aan hul koöperatiewe doelstellings voldoen nie.

### 1.8.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese studie is volgens die opnamemetode (Cronje et al. 1989:77) uitgevoer. Die opnamevraelys dek drie hoofafdelings soos volg:

(1) Die identifisering van spesifieke behoeftes van graanprodusente insake geleenthede en bedreigings wat na hul mening suksesvol deur middel van koöperasie as mededingingstrategie hanteer kan word ten einde hul individuele doelwitte te verwesenlik;

(2) die identifisering van oorwegings en faktore wat graanprodusente as koöperasiebeginsels sien, wat die grondslag moet wees waarop koöperasies as eiesoortige ondernemings opgerig en bedryf moet word ten einde graanprodusente in staat te stel om suksesvol in die mark mee te ding; en

(3) die identifisering van afwykings in die toepassing van koöperasiebeginsels deur koöperasies.

Die navorsingsmetodologie wat vir die empiriese ondersoek gevolg is, is in hooftrekke soos volg ingedeel:

(1) Identifisering van die universum waaruit die bestudeerde populasie getrek is.

(2) Opstelling van 'n opnamevraelys ten einde data in te win ter nastrewing van die studiedoelstellings.

(3) Bediening van die opnamevraelys per pos aan die bestudeerde populasie.

(4) Statistiese verwerking van respons op die opnamevraelys, soos in paragraaf 1.8.3 toegelig word.

### 1.8.3 Dataverwerkingsmetode

Die opnamevraelys is ontwerp ten einde data oor die gekose veranderlikes in te win, in 'n formaat wat die indeling en uitbeelding van die data in kategorie- of groepindelings moontlik maak. Op dié wyse is respondentprofiele geskep ten einde frekwensie-analises aan die hand van die respondente se demografiese eienskappe in tipiese verteenwoordigende studieprofiele in te deel. Die inligting wat deur middel van hierdie ontledings verkry is, is aangewend ten einde die voorkeure van die onderskeie profiele te kwantifiseer, waaruit afleidings gemaak is as grondslag vir gevolgtrekkings waarmee die geldigheid van die studiehipoteses getoets is.

## 1.9 DIE MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Die belangrikheid van koöperasies in die ekonomie is nòù gekoppel aan die belangrikheid van die landbou as sodanig. Die landbou in die algemeen lewer 'n belangrike bydrae om deur die kundige benutting van die land se landbouhulpbronne die volk te voed sonder wesentlike insette van die buiteland (SALU 1988:5).

Die bydrae van die landbou in geheel tot die Bruto Binnelandse Produk (BBP) het R19 802 miljard (5,1%) van die totale BBP van R385 092 miljard (teen faktorkoste) vir 1994 beloop (Kortbegrip 1996:85&86). Die waarde van graanprodukte en ander akkerbouprodukte as sodanig het R8 357 miljard beloop (28% van die bruto waarde van lanbouproduksie van R29 698 miljard vir 1994/95) (Kortbegrip 1996:87). Hierdie bydrae van die landbou tot die ekonomie bring mee dat Suid-Afrika grootliks onafhanklik is van voedselinvoere en dat die land inderwaarheid uitvoerders van voedselprodukte is (LBBEK1 1994:12). Koöperasies lewer in hierdie verband 'n belangrike ondersteunende bydrae aan graanprodusente (kyk paragraaf 1.2.1.).

Graanprodusente se bydrae tot die BBP is egter nie die enigste maatstaf waarmee die bydrae van die graanprodusente tot die land gemeet kan word nie. Graanprodusente lewer ook 'n belangrike bydrae tot die besetting en benutting van die land se grondgebied (SALU 1988:6). Die Kortbegrip (1996:5) meld dat byna 99 miljoen hektaar grond (80%) van die totale 122 miljoen hektaar grond in die land gedurende 1991 landboukundig benut was. Die potensieel bewerkbare grond beslaan byna 16 miljoen hektaar (16%) van die grond wat landboukundig benut was. Graanprodusente wat die onderwerp van hierdie studie is, bedryf hul boerderye in die Noordwes Provinsie en die Vrystaat Provinsie en produseer graan op ongeveer 6 miljoen hektaar grond (37% van die potensieel bewerkbare grond) (Kortbegrip 1996:5). Die betrokke graanprodusente het gedurende die 1994/95-seisoen 2,5 miljoen ton mielies (54% van die totale produksie van 4,6 miljoen ton mielies) (Kortbegrip 1996:9) en 1,0 miljoen ton koring (47% van die totale produksie van 2,2 miljoen ton koring) (Kortbegrip 1996:12) geproduseer. Hieruit kan daar afgelei word dat die graanprodusente van Noordwes Provinsie en Vrystaat Provinsie gesamentlik vir die produksie van die helfte van die land se graan verantwoordelik is.

Graanprodukte vorm 'n belangrike deel van die voedsel wat die land se bevolking benut. 'n Totale bedrag van R14 miljoen is gedurende die tydperk 1994/95 aan brood en ander graanprodukte bestee (22% van die totale verbruiksbesteding van R62 miljoen in die betrokke tydperk) (Kortbegrip 1996:112). Verbruiksbesteding op brood en ander graanprodukte neem die tweede plek in na die verbruiksbesteding op vleis (40% van die totale verbruiksbesteding) gedurende die onderhawige tydperk (Kortbegrip 1996:112). Graanprodukte is ook belangrike komponente van veevoeding en die vervaardiging van dierevoeding.

Graan- en ander landbouprodusente, en hul koöperasies, lewer ook belangrike sosio-ekonomiese bydraes as werkgewers en ondersteuners van handelsondernemings in die landelike gebiede (Landbou in Suid-Afrika 1976:43). 'n Totaal van 19,5 miljoen mense (51% van 37,9 miljoen mense) het gedurende 1994 in nie-stedelike gebiede gewoon (Kortbegrip 1996:2). 'n Totaal van 3,3 miljoen mense (17,1% van die totale getal mense wat in nie-stedelike gebiede woon), woon in die nie-stedelike gebiede van Noordwes Provinsie en Vrystaat Provinsie (Kortbegrip 1996:2). Volgens Schlesinger (1994:16) is landbouprodusente belangrike werkgewers wat aan ongeveer 1,2 miljoen werkers werk verskaf en aan hulle en hul huisgesinne op die plase huisvesting en heenkome bied. Hierdie mense, wat meestal ongeletterd is (Schlesinger 1994:16), beskik nie oor vaardighede om sonder probleme in ander sektore van die ekonomie opgeneem te word nie. Indien hulle nie in die landboubedryf geakkommodeer word nie, sal die meeste van hierdie mense waarskynlik werkloos wees en armoeds- en maatskaplike probleme ondervind. Die teenwoordigheid van graanprodusente en hul koöperasies op die uitgestrekte grondgebied van die land lewer dus 'n belangrike bydrae om die buitestedelike gebiede te bevolk en te stabiliseer (SALU 1988:38-40).

## 1.10 ORIëNTERING TOT DIE STUDIE

Minister Tobie Meyer het tydens die 1994-Koöperatiewe Kongres in Port Elizabeth gesê dat die suksesvolle voortbestaan van koöperasies as 'n werktuig om die belange van graan- en ander landbouprodusente te bevorder, 'n beduidende rol kan speel om die landboubedryf in die landsekonomie te stabiliseer (Koöperatiewe Kongres (1994):5). Die wyse waarop koöperasies funksioneer moet ook so aangepas word dat 'n betekenisvolle bydrae gemaak kan word om hulp te verleen met die ontwikkeling van graan- en ander landbouprodusente wat tradisioneel nie in die koöperasiewese geakkomodeer was nie. Hierdie strewe word spesifiek deur LBBEK (LBBEK1 1994:24) beskryf. Die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie moet dus daartoe bydra om die belange van alle graanprodusente in die mark te bevorder.

Die raamwerk waarvolgens die studie onderneem is, is soos volg:

- hoofstuk 2 waarin die tradisionele beskouinge oor die toepassing van koöperasie as mededingingstategie beskryf word;
- hoofstuk 3 waarin die strategiese belange van graanprodusente verder toegelig word;
- hoofstuk 4 waarin die navorsingsmetodologie wat vir die uitvoering van die empiriese ondersoek gevolg is, beskryf word;
- hoofstuk 5 wat die bespreking van die resultate van die empiriese studie behels; en
- hoofstuk 6 waarin die studie saamgevat word, bevindings beskryf word en aanbevelings oor die toepassing van die bevindings gemaak word.

# HOOFSTUK 2

# TRADISIONELE TEORIE VAN KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE

## 2.1 INLEIDING

Mense beproef van die vroegste tye af 'n wye reeks van metodes om in die mark mee te ding ten einde vir hulleself ekonomiese voordele te bewerkstellig (Kleynhans, Posthumus, Fourie, Hunter, & Meyer, 1995:8-10; Bowen 1953:3&8;Hall & Watkins 1937:11&12). Sommige individue, soos die graanprodusente wat die onderwerp van hierdie studie is, benut produkruilprosesse ten einde as sakeondernemers 'n inkomste vir behoeftebevrediging en doelwitbereiking te bewerkstellig (Lucas 1983:3). Die produkruilprosesse word in die een of ander ondernemingsvorm vervat, sodat die voordele wat uit die aard en bedrywighede van die besondere onderneming voortvloei, tot die beskikking van die betrokke ondernemers kan wees. Die keuse van 'n bepaalde tipe ondernemingsvorm is van 'n aantal faktore afhanklik en ondernemingsvorme wissel van eenmansake tot uitgebreide openbare maatskappye (Le Roux et al 1995:37& 46; Bowen 1953:20).

Sommige individue wat oor investeringskapitaal beskik, stig maatskappye as 'n bepaalde ondernemingsvorm ten einde hul kapitaalbronne deur die werking van die kapitalistiese strategieë wat aan hierdie tipe onderneming gekoppel word, te vergroot. Die vergroting van hul kapitaalbronne is dus hierdie individue se belangrikste ondernemingstrewe (Hall & Watkins 1937:352). Ander individue wat moontlik nie oor betekenisvolle kapitaalbronne beskik nie, maar tog bepaalde ekonomiese doelwitte wil nastreef, stig koöperasies wat suksesvol met minder kapitaal tot stand gebring kan word. Koöperasie bied dus aan individue die geleentheid om ten spyte van 'n tekort aan kapitaal, as ondernemers in die mark op te tree ten einde hul doelwitte te bereik (Le Roux et al 1995:50; Hall & Watkins 1937:57; Bonner 1970:487). Hierdie doelwitte is daarop gerig om produkte en dienste aan die lede/ eienaars van 'n onderneming wat met koöperasie as mededingingstrategie opgerig is, te verskaf sonder 'n strewe om 'n groeiende opbrengs op investering te realiseer (Le Roux et al 1995:50; Hall & Watkins 1937:354). Herrick (aangehaal deur Goel & Goel 1979:5) het die strewe van individue wat op grond van koöperasie hul doelwitte wil bereik, soos volg beskryf:

- Cooperation (sic) is the act of persons voluntarily united for utilising reciprocally their own forces, resources, or both under their mutual management to their common profit or loss.

Individue wat koöperasie as mededingingstrategie navolg, se oogmerke verskil dus in 'n beduidende mate van die oogmerke van individue wat ander tipes mededingingstrategieë toepas (Van Niekerk 1986:153). Goel & Goel (1979:9-10) meen dat die aandelekapitaal wat bygedra word om koöperasies op te rig nie ten doel het om 'n basis vir (proporsionele) lidmaatskap daar te stel nie. Individue moet dus nie verwag om 'n kapitaalgroei en vergroting van hul eienaarsbelang uit deelname aan koöperasies te verwesenlik nie (Le Roux et al 1995:50). Vir kapitaalkragtige

individue is koöperasie dus nie die aangewese ekonomiese werktuig om hul besondere doelwitte van toenemende groei in kapitaal te bewerkstellig nie (Steenkampkommissie 1967:70).

Koöperasie, as 'n spesifieke mededingingstrategie (Steenkampkommissie 1967:70) om die belange van bepaalde groepe mense te bevorder, het op verskillende tydvakke in verskillende aktiwiteitsfere in die wêreldgeskiedenis voorgekom (Van Niekerk 1986:1-3; Hall & Watkins 1937:2). 'n Verskeidenheid van groepe mense uit talle volkere het op verskillende tydstippe met die verloop van die eeue, koöperasie as 'n mededingingstrategie aangewend om hul gemeenskaplike ekonomiese doelwitte na te streef. Koöperasie was blykbaar as 'n algemene toepaslike mededingingstrategie gesien wat in uiteenlopende bedryfstakke aangewend kon word (Hall & Watkins 1937:13).

Uit die navolging van koöperasie as 'n mededingingstrategie het daar oor die jare heen bepaalde ondernemingsvorme wat koöperasiekenmerke in 'n meerdere of mindere mate weerspieël, tot stand gekom (Hall & Watkins 1937:1). In 'n sekere sin kan hierdie ondernemings as die voorlopers van moderne ondernemingsvorme gesien word (Van Niekerk 1986:1-3). Enkele voorbeelde van ondernemings wat gedurende die vroeë eeue uit die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie voortgevloei het, word hieronder aangehaal (Van Niekerk 1986:1-3; Hall & Watkins 1937: 16).

- Landbouhuurderskontrakte en leenverenigings gegrond op koöperasiebeginsels, in die Babiloniese Ryk.
- Koöperatiewe begrafnisvoordeleverenigings, in die Griekse en Romeinse tydvakke.
- Spaar- en leenverenigings, in China tydens die vroeë eeue.
- Maatskappye wat gedurende die Renaissance tydperk gestig is.
- Koöperasies wat in Europa in die landboubedryf tot stand gekom het.

Koöperasie as 'n mededingingstrategie het dus 'n sterk geskiedkundige inslag wat in talle literatuurbronne beskryf word. Benewens die bekende Suid-Afrikaanse bronne is daar ook 'n aantal buitelandse bronne wat in verskillende tydvakke die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie beskryf het, soos deur die Steenkampkommissie (1967:51-60) aangehaal word.

Die herhaaldelike benutting van koöperasie as mededingingstrategie dui daarop dat mense hul oogmerke met hierdie strategie verwesenlik het. Die geskiedkundige boekstawings kan as 'n aanduiding van die sukses van koöperasie as 'n spesifieke mededingingstrategie gesien word (Goel & Goel 1979:vii; Hall & Watkins 1937:184).

Individuele bronne wat koöperasie as mededingingstrategie beskryf, identifiseer verskillende, en dikwels uiteenlopende, strategiese oorwegings of besluitnemingsbasisse wat mense tradisioneel as grondslag gebruik het om koöperasies op te rig. Hierdie strategiese oorwegings of besluitne-

mingsbasisse word dan as sogenaamde "koöperasiebeginsels" getipeer. In die literatuur word hierdie beginsels as identifikasieriglyne aangebied ten einde koöperasie as 'n bepaalde tipe mededingingstrategie en ondernemingsvorm van ander tipes strategieë en ondernemingsvorme te onderskei.

Van Niekerk (1986:120) meen dat die verskillende sienings van "skrywers" oor wat werklik as koöperasiebeginsels beskou moet word, tot groot verwarring oor die "wesensaard of wesenskenmerke" van koöperasies lei. Die identifisering van sekere besluitnemingsbasisse as sogenaamde koöperasiebeginsels word waarskynlik deur faktore, soos die bepaalde tydsgewrig en die aard van die bedryfstak waarin mense hulle hul tot koöperasie gewend het, beïnvloed (Goel & Goel 1979:3). Hieruit kan daar afgelei word dat mense se siening van koöperasiebeginsels gekoppel word aan hul besondere behoeftes en omstandighede (Goel & Goel 1979:6-7).

Dit is nie 'n oogmerk van hierdie studie om 'n diepgaande ontleding te maak van die beginsels en oogmerke waarop die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie in verskillende lande berus nie. Dit is nogtans belangrik om 'n oorsig van breëre beskouings oor die sogenaamde beginsels te verskaf as agtergrond vir die identifisering van die beginsels waarop koöperasie as mededingingstrategie binne die Suid-Afrikaanse konteks berus, wat op die onderwerp van hierdie studie betrekking het. Daar word veral na die Europese modelle van koöperasie verwys aangesien dit juis hierdie modelle was wat aan Suid-Afrikaanse graan- en ander landbouprodusente voorgehou is ten einde hulle oor te haal om koöperasies te stig (Van Niekerk 1986:120; Steenkampkommissie 1967:4). Daar was groot gewag gemaak van die aktiwiteite en koöperasiereëls van die Rochdale Pioneers van Brittanje wat Hall & Watkins (1937:82) as "... the pioneers of the modern Co-operative Movement..." beskryf het. Bonner (1970:46) handhaaf 'n ooreenstemmende siening van die rol wat die Rochdale Pioneers gespeel het.

## 2.2 TRADISIONELE BESKOUINGE VAN KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE

Die Steenkampkommissie (1967:52) meen dat mense wat hulle tot koöperasie wend, dikwels, soos die geval met mense in Europa, 'n mate van idealisme aan koöperasie heg. Hall & Watkins (1937: 91) en Koöperasiepers (1968:19) verwys ook na die ideale en strewes wat individue huldig wanneer koöperasies opgerig word. Volgens die Steenkampkommissie (1967:52) ontleen koöperasie baie van sy krag juis aan hierdie idealisme wat deur Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 1981:s.v. idealisme) as 'n "Geestesgesteldheid gekenmerk deur die vorming van en strewe na hoë ideale ..." beskryf word. HAT (1981:s.v. ideaal) beskryf die begrip "ideaal" as 'n "Voorstelling van iets in 'n toestand van volmaaktheid", of "as iets om na te streef".

Insig in die idealisme wat mense tradisioneel huldig oor die bydrae van koöperasie as mededingingstrategie vir ekonomiese welvaart, kan 'n verwysingsraamwerk skep ten einde die benaderings

jeens koöperasies in Suid-Afrika, wat later in die studie beskryf word, in perspektief teenoor die onderwerp van die studie te plaas.

In die literatuur word idealistiese beskouinge en verwagtings wat mense jeens koöperasie as mededingingstrategie huldig, beskryf. Sommige van die ideale, wat hierna aangehaal word, word moontlik nie spesifiek as ideale in die literatuur getipeer nie, maar die wese daarvan voldoen aan die definisie van die begrip "ideaal", soos hierbo beskryf. Die ideale word hierna onder die volgende opskrifte toegelig:

- Samehorigheid en gesamentlike optrede
- Daarstelling van 'n volwaardige sakeonderneming
- Diensmotief as fokuspunt vir koöperasies
- Ontwikkeling van lede/eienaars
- Sosialisme
- Behaling van spesifieke voordele vir die lede/eienaars
- Koöperasie as verdededigingsmeganisme teen die foute van die vryemarkmeganisme
- Uitskakeling van nadelige onderlinge mededinging

### 2.2.1 Samehorigheid en gesamentlike optrede

Die oprigters van koöperasies as sakeondernemings streef dikwels daarna om 'n gevoel van samehorigheid deur gesamentlike optrede onder 'n groep mense te bewerkstellig. Die Steenkampkommissie (1967:52) meld in hierdie verband dat daar onder lede van 'n koöperasie 'n sterker samehorigheidsgevoel aangetref word as wat daar onder die eienaars van byvoorbeeld 'n publieke maatskappy bestaan. Soos reeds elders gemeld, is koöperasie die mededingingstrategie van individue wat nie oor genoegsame kapitaal beskik om selfstandig grootskaalse ondernemings op die been te bring nie. Hulle krag sou dus daarin lê om saam te span ten einde 'n lewensvatbare onderneming tot stand te bring. Samehorigheid is dus een van die ideale wat vir koöperasie gehuldig en nagestreef word. Bonner (1970:46) skryf dat die Rochdale Pioneers, wat deur sommige bronne as die vaders van koöperasie beskou word, 'n groot klem op samehorigheid en gesamentlike optrede geplaas het om ondernemings wat volgens koöperasiebeginsels opgerig en bedryf word, te laat slaag.

Die samehorigheidsgevoel kan ook as 'n strewe na kollektiewe aktiwiteit beskou word. Meiring (1980:13) meen dat graanprodusente gemeenskaplike belange en 'n samehorigheidstrewe het. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar later na veranderlikes wat as gemeenskaplike belange van graanprodusente getipeer kan word, verwys as kollektiewe belange wat 'n sinonieme begrip vir gemeenskaplike belange is.

Die begrip "kollektief" word in die literatuur op velerlei ekonomiese terreine toegepas en word in hierdie studie gebruik ten einde die intensiteit van die gedeelde of aanverwante belange van graanprodusente, effektief weer te gee. Die begrip "kollektief" kan onder meer gebruik word om 'n besondere soort interaktiewe proses en unieke kommunikasieprosesse in die ekonomie te beskryf (Nel & Van Rooyen 1985:92). Die begrip "kollektief" kan ook gebruik word om die totstandkoming van 'n georganiseerde beweging aan te dui (Richardson 1985:vii). Die begrip "kollektief" kan voorts gebruik word om 'n tipiese onderhandelingsbasis te beskryf vir groepe mense met gemeenskaplike ekonomiese doelstellings. Hierdie onderhandelingsbasis is onderskeibaar van ander tipes onderhandelingsbasisse en -metodes, soos onderhandelings om kortstondige handelstransaksies te beklink. "Kollektief" kan ook aangewend word om 'n besigheidsbenadering vir optrede deur 'n groep mense aan te dui. Nel & Van Rooyen (1985:94) is van mening dat 'n kollektiewe proses die vennoot (counterpart) van individuele bedinging is en nie 'n bepaalde tipe bestuursbenadering daarstel nie.

Die begrip "kollektief", soos hierbo beskryf, word in hierdie studie gebruik om die unieke ekonomiese benadering en betrokkenheid van graanprodusente in die mark te beskryf. Op hierdie wyse kan die eiesoortige optrede van graanprodusente as spesifieke ekonomiese subjekte ter ondersteuning en aanvulling van mekaar in die mark, in die perspektief van die denkraamwerk van die vakterrein van hierdie studie beoordeel word. Kollektiewe optrede kan dus as een van die ideale vir koöperasie gesien word.

Samehorigheid, of die kollektiewe strewe, soos hierbo beskryf, moet egter nie as die sinoniem van verlies aan individuele bestaan as 'n selfstandige ekonomiese subjek, gesien word nie. Die naamwoord "individu" neem 'n belangrike betekenis in die studie aan en dit is daarom noodsaaklik om die begrip "individu" soos dit in hierdie studie gebruik word, duidelik te beskryf. Die naamwoord "individu" word in hierdie studie gebruik om te verwys na 'n graanprodusent as 'n enkeling aan wie 'n intrinsieke waarde toegeken word wat oorspronklik is en nie van 'n ander begrip afgelei word nie (Faure, Gey von Pittius, Kriek, Louw & Wainwright 1981:22). 'n Graanprodusent as individu, tree dus in verband met besluitneming oor die mededingingstrategie wat hy in die mark wil toepas, heeltemal onafhanklik op en word nie deur wetgewing of 'n owerheidsinstelling verplig om 'n bepaalde keuse uit te oefen nie.

### 2.2.2 Daarstelling van 'n volwaardige sakeonderneming

Die oprigters van koöperasies streef daarna om hul koöperasies as selfstandige ekonomiese subjekte te laat geld. As sakeondernemings moet koöperasies 'n eie bestaan hê, 'n winsstrewe handhaaf en self ondernemingsrisko's kan dra (Steenkampkommissie 1967:56; Hall & Watkins 1937:152; Van Niekerk 1986:127-128). Deur die koöperasie as 'n ware onderneming te bedryf, kan die lede van 'n koöperasie groter ekonomiese selfstandigheid verwesenlik. Hieruit vloei die ideaal voort van lede wat leiding op kommersiële gebiede wil neem om noue bande met die bestuur van die onder-

neming te skep en te bou. Hierdie ideaal staan in teenstelling met ondernemings soos openbare maatskappye waar daar gewoonlik nie 'n sterk band tussen die eienaars (aandeelhouers) en die bestuur van die onderneming nagestreef word nie.

Sommige bronne bejeën koöperasies as blote "verlengstukke" van die huishoudings of ondernemings van die lede/eienaars van die koöperasie (Steenkampkommissie 1967:52; Van Niekerk 1986: 128-129). 'n Koöperasie speel volgens hierdie bronne dus 'n aanvullende rol ten opsigte van die bedrywighede van die bestaande huishoudings of ondernemings. Die Steenkampkommissie haal 'n stelling aan dat "The co-operative has no more economic life or purpose apart from that of the participating economic units, than one of the individual plants of a large multiplant firm" (Steenkampkommissie 1967:53). Die Steenkampkommissie (1967:53) is egter van mening dat hierdie laasgenoemde siening 'n verwronge beeld is van die betekenis van koöperasies as ondernemings. Die Steenkampkommissie (1967:59&60) sien koöperasies as volwaardige ondernemings en selfstandige ekonomiese subjekte (kyk ook Van Niekerk 1986:134).

Voorbeelde van die strewe wat individue het om selfstandige sakeondernemings deur middel van koöperasie daar te stel, word weerspieël in die beskrywing van Owen se "self-supporting communities" (in Bonner 1970:13&46); die ondernemings wat die Rochdale Pioneers aan die hand van die reëls wat hulle neergelê het, van stapel gestuur het (Bonner 1970:48&49); en landboukoöperasies wat in Suid-Afrika gestig is (Koöperasiepers 1968:28). Uit hierdie voorbeelde blyk dit dat mense wat koöperasie as mededingingstrategie vir die bereiking van doelwitte wil toepas, doelbewus daaraan werk om hul koöperasies as volwaardige sakeondernemings op te rig en te bedryf.

### 2.2.3 Diensmotief as fokuspunt vir koöperasies

Sommige individue is van mening dat koöperasies 'n "diensmotief" as fokuspunt of eerste prioriteit moet nastreef, eerder as 'n "winsmotief" (Steenkampkommissie 1967:73). Hieruit kan daar afgelei word dat lede van 'n koöperasie sou kon verwag dat dienste en produkte teen kosprys of selfs ongeag koste, aan hulle gelewer moet word. Die uiterste van so 'n siening kan wees dat "diens" voorop gestel moet word, terwyl die koste van dienslewering van mindere belang is. Die siening van sekere bronne dat produkte teen die presiese kosprys aan koöperasielede verskaf moet word, sluit hierby aan (Bonner 1970: 323).

Die Steenkampkommissie (1967:74) is van mening dat dienslewering nie 'n unieke kenmerk van koöperasies is nie. Alle ondernemings lewer dienste aan hul klante ten einde hul doelwitte te bereik. Die siening dat die diensmotief as fokuspunt van die koöperasie se aktiwiteite voorop gestel moet word, lei daartoe dat die ander doelstellings vir koöperasies genegeer word en 'n tussendoel (dienslewering) met die einddoel verwar word. Goel & Goel (1979:24) meen dat koöperasies daarna streef om sover as wat dit moontlik is, dienste en produkte teen laer koste aan hul lede te lewer deur

die uitskakeling van moontlike uitbuiting deur tussengangers. Nogtans moet die handhawing van gesonde besigheidsbestuur waardeur die suksesvolle voortbestaan van die onderneming (koöperasie) verseker kan word, steeds prominente aandag geniet (Goel & Goel 1979:179). Goel & Goel (1979:179) sien die diensmotief dus ook as 'n middel tot 'n doel en nie as die einddoel opsigself nie.

Die nastrewing van 'n diensmotief met 'n benadering dat "diens" gelewer moet word, sonder inagneming van gesonde ekonomiese beginsels, is dus nie 'n haalbare ideaal nie. So 'n onhaalbare ideaal kan geen bydrae lewer om sinvolle koöperasiebeginsels te vestig nie (Steenkampkommissie 1967: 74).

### 2.2.4 Ontwikkeling van lede/eienaars

Bonner (1970:46) skryf dat die Rochdale Pioneers se hoofdoel met die oprigting van koöperasies was om geldelike voordele en die verbetering van sosiale en huishoudelike omstandighede van die gemeenskap te verwesenlik. Die Rochdale Pioneers het ook daadwerklike projekte geloods om gemeenskapsopvoeding te bewerkstellig (Bonner 1970:54-55&118-119).

Ander bronne deel die siening oor die gemeenskapsbetrokkenheid van koöperasies. Goel & Goel (1979:25&147) meen dat die ontwikkeling van die lede/eienaars van koöperasies een van die grootste doelwitte van koöperasies moet wees. Van Niekerk (1986:94) meen ook dat die koöperasies in Suid-Afrika 'n groot rol speel by die opvoeding van hul lede/eienaars.

Die ontwikkeling wat hierdie bronne voorstaan, dek 'n spektrum van opvoedings- en ontwikkelingsaspekte wat strek vanaf geletterdheidsopleiding tot besigheidsadministrasie. Die gemeenskapsbetrokkenheid van koöperasies word deur mense van uiteenlopende agtergronde as 'n vereiste gestel. Bonner (1970:54-55&118-119) beskryf die verwagtinge wat deur Britse gemeenskappe aan koöperasies gestel word en Goel & Goel (1979:25&147) beskryf die vereistes van Indiese gemeenskappe. Hierdie gemeenskappe met uiteenlopende kulturele grondslae, handhaaf eenderse sienings oor koöperasie ten spyte van kulturele verskille en die geografiese afstand tussen die lande ter sprake. Die genoemde twee lande wat as voorbeelde geneem word, dek 'n groot aardoppervlakte wat groot fisieke verwydering impliseer en dus ook daartoe kan lei dat die betrokke mense se behoeftes verskillend kan wees. Dit blyk egter dat die aandrang op die bydrae wat koöperasies ten opsigte van die ontwikkeling van die betrokke gemeenskappe moet lewer, ewe groot is. Al hierdie gemeenskappe sien koöperasie as 'n belangrike middel tot die doel om ontwikkeling te bewerkstellig. Ontwikkeling, as sodanig, is dus een van die groot ideale wat mense deur middel van koöperasie wil aanspreek. Dit blyk voorts dat ontwikkeling binne die sfeer van die ekonomiese aktiwiteite van koöperasies hanteer moet word, of ten minste daaraan gekoppel moet wees. Koöperatiewe ondernemings word dus as veelomvattende bedrywighede gesien wat vir uiteenlopende behoeftes van gemeenskappe 'n bydrae moet lewer.

### 2.2.5 Sosialisme

Sommige mense wat hulle gedurende die vorige eeue tot koöperasie as mededingingstrategie gewend het, het in hierdie strategie moontlikhede gesien om sosialistiese ideale te verwesenlik. Clough & Cole (1967:520) meen dat "... socialism implies fundamentally that goods be produced for the welfare of the society - for the benefit of all - rather than for the profit of capitalists...". Hulle verwys na moontlikhede om kommunale sentrums tot stand te bring waar al die lede van die kommunes saam kan werk en in die voordele van hul gesamentlike arbeid kan deel. Robert Owen wat in die agtiende eeu in Engeland geleef het (Bonner 1970:9), was van die eerste persone wat in die konsep van kommunale sentrums 'n oplossing gesien het vir die verligting van armoede.

Hierdie kommunes moes deur koöperasie tot stand gebring en bedryf word (Bonner 1970:14). Die Christian Socialists beweging (Hall & Watkins 1937:91) het die heil van armes gesoek in die vermenging van Christelike leerstellings en sosialistiese idees. Hierdie beweging se lede het hulle ook tot die bevordering van koöperasie as 'n mededingingstrategie gewend in 'n poging om armes op te hef. Sulke ondernemings sou sonder 'n winsoogmerk bedryf word (Hall & Watkins 1937:357).

Koöperatiewe ondernemings wat aan die hand van Robert Owen en sy geesgenote se idees opgerig moes word, sou hulle hoofsaaklik in oposisie van kapitalisme en kapitaliste bevind (Hall & Watkins 1937:357). Owen het byvoorbeeld sy toegang tot die Britse parlement gebruik om wetgewing ten gunste van die koöperatiewe beweging (soos hy en sy geesgenote dit gesien het) te beïnvloed. Nogtans het Owen en andere wat koöperasie met sosialisme wou vermeng het, skynbaar nie groot sukses met hul besondere benadering behaal nie (Hall & Watkins 1937:103&152). Hierdie mislukkings kan aan 'n gebrek aan kennis van die ware koöperasiebeginsels toegeskryf word.

Die bekende Rochdale Pioneers was teen sosialisme gekant en het die vermenging van sosialisme met koöperasie sterk teengestaan (Bonner 1970:45). Die Rochdale Pioneers het die ideaal van 'n "Better social order ..." nagestreef en wou dit deur middel van ware koöperasie bewerkstellig, waarin daar nie vir sosialistiese idees voorsiening gemaak is nie. Bonner (1970:45) kom tot die gevolgtrekking dat die idealisme vir (ware) koöperasie hierdie mense aangevuur het om dinge te bereik wat hulle nie daarsonder sou kon bereik nie. Die ideaal om sosialisme met koöperasiebeginsels te vermeng het dus nie 'n beduidende aanhang gehad nie en kan dus nie as een van die ideale vir koöperasie gesien word nie.

### 2.2.6 Behaling van spesifieke voordele vir die lede/eienaars

'n Basiese ideaal wat vir koöperasie gestel word, is dat "voordele" op ekonomiese of ander terreine, vir die koöperasielid bewerkstellig moet word. Die behaling van 'n prysvoordeel vir die lede is een voorbeeld van die voordele waarna gestrewe word (Steenkampkommissie 1967:295). Aanhangers

van koöperasie as 'n mededingingstrategie in Engeland het hoë verwagtinge gekoester dat koöperasie die lewenstandaard van die middelstand en werkersklasse kan verhoog (Hall & Watkins 1937: 45). Aanhangers van koöperasie het ook die verwagting gekoester dat gesamentlike optrede vir hulle toegang tot bedrywe en markte, wat vir individuele optrede geslote is, sou verseker (Bonner 1970:24).

Uit die bronne blyk dit dat die voordele wat deur middel van die navolging van die koöperasiestrategie vir optredes in die mark behaal kan word, dus wyer gesien word as die blote ekonomiese voordele wat daaruit kan voortvloei. Verwysings na "voordele" dek 'n wye veld en word aan die strewes van die afsonderlike gemeenskappe gekoppel. Daar is dus nie 'n bepaalde stel "voordele" wat aan koöperasie as sodanig gekoppel word nie (sien paragraaf 2.4.1).

### 2.2.7 Koöperasie as verdededigingsmeganisme teen die foute van die vryemarkmeganisme

Goel & Goel (1979:4) skryf dat die koöperatiewe beweging konseptueel 'n stryd teen uitbuiting in die vryemark behels. Koöperasiepers (1968:101) se siening dat die praktiese werking van die kapitalistiese stelsel "...spoedig..." bewys het dat "vrye mededinging" in die ope mark 'n teoretiese ideaal is, sluit hierby aan. Bowen (1953:39&49) is van mening dat die "competitive system" reeds sedert 1929 kunsmatig aan die lewe gehou is deur "...infusions by the public purse...". Monopolieë het gegroei en deelname van die massas aan die ekonomie verhoed. Ondernemings wat op koöperasie as mededingingstrategie gegrond is, funksioneer op 'n ander grondslag as die winsstrewe van die vryemarkstelsel en streef doelwitte na wat tot die voordeel van die breë gemeenskap moet strek. Koöperasie as mededingingstrategie word dus as 'n teenvoeter vir die mislukkings van die vryemarkstelsel toegepas (Hall & Watkins 1937:357; Bowen 1953:57).

Die begrip "mark" word in talle fasette van die onderwerp van hierdie studie aangewend en moet daarom duidelik toegelig word. Die omskrywing wat Nel et al (1988:4) vir die begrip "mark" aanbied, kan as 'n goeie grondslag dien vir die toeligting van die begrip in die konteks van hierdie studie. Hierdie bron se omskrywing beeld "mark" as 'n meganisme uit waardeur aanbod en vraag gereguleer word en pryse tot stand kom. Die begrip "mark" impliseer dus dat twee partye deur middel van die mark as meganisme, met mekaar beding ten einde 'n prys te bepaal waaroor beide partye saamstem.

Daar moet egter daarteen gewaak word om die mark as 'n volmaakte bedingingsmedium te bejeën (Koöperasiepers 1968:101). Die onderwerp van hierdie studie handel juis oor - en probeer die faktore aanspreek - wat graanprodusente se deelname aan die mark bemoeilik en selfs soms nadelig beïnvloed. Verwysings na die reguleeraspek van die begrip "mark" impliseer dat daar ongelykhede betrokke kan wees in die wyse waarop, of mate waarin, 'n prys bepaal word. Die optrede van

staatsinstansies kan onder meer die aanbod van produkte beïnvloed (LBBEK2 1994:29). Daar kan egter ook ander faktore, soos voorskriftelike regeringsinmenging, wat nie werklik met aanbod of vraag gekoppel is nie, aanwesig wees waardeur die werking van die meganisme "mark" versteur of abnormaal beïnvloed word. Hierdie studie is juis gefokus op 'n benadering wat graanprodusente kan aanwend ten einde hul optrede in die mark te versterk sodat die faktore wat hul belange in die mark onnodiglik benadeel, geneutraliseer kan word, of ten minste effektief die hoof gebied kan word. Die omskrywing van die begrip mark soos deur Nel et al (1988:4) aangebied, word dus vir die doeleindes van hierdie studie as verwysingsraamwerk aanvaar, met die voorbehoud dat dit ook aanvaar word dat die mark geensins 'n volmaakte, gladwerkende meganisme is nie. Die mark wat in die praktyk manifesteer is aan talle beïnvloedende faktore onderhewig wat die ware mededinging nadelig kan beïnvloed.

### 2.2.8 Uitskakeling van nadelige onderlinge mededinging

Oprigters van koöperasies in ander lande het die nadelige mededinging tussen individue wat in 'n spesifieke bedryf bedrywig was, as 'n bedreiging vir hul welvaart gesien en het geglo dat koöperasie hierdie nadelige mededinging sou uitskakel (Bonner 1970:24). Goel & Goel (1979:6) haal drie definisies van koöperasie aan waarin die hoofgedagte vervat word dat individue hul kragte deur middel van koöperasie moet saamsnoer om gemeenskaplike doelstellings te verwesenlik. Sodanige samewerking sal nadelige onderlinge mededinging effektief uitskakel, of minstens tot die minimum beperk tot voordeel van al die individue wat koöpereer.

Die ideaal om nadelige onderlinge mededinging uit te skakel was ook van die belangrikste dryfvere wat groepe produsente in Suid-Afrika sover gebring het om hul ekonomiese heil in koöperasie te vind deur onder meer beheer oor die aanbod van dienste en produkte uit te oefen (Koöperasiepers 1968:17&21). Beheer oor die aanbod van produkte en dienste op die grondslag van koöperasie kan nadelige onderlinge mededinging uitskakel, of tot die minimum beperk.

Mense wat hul ideale deur die aanwending van koöperasie as 'n mededingingstrategie wil verwesenlik, bepaal grondbeginsels waarop hierdie gesamentlike ondernemings geskoei moet word. Daar word vervolgens voortgegaan met 'n oorskouing van die kenmerke wat mense tradisioneel aan koöperasie as 'n mededingingstrategie koppel ten einde ideale, soos hierbo beskryf, te verwesenlik.

## 2.3 OORSKOUING VAN TRADISIONELE KENMERKE VAN KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE

Die Steenkampkommissie (1967:82) het bevind dat koöperasie 'n ekonomiese strategie en ondernemingsvorm vir die "middestand" (sic) is. Die sogenaamde middestand bestaan uit individue, soos handwerkers en kleinskaalondernemings (kleinhandelaars en verbruikersgroepe) en in sekere ge-

valle ook landbouprodusente. Hierdie bevinding kom ooreen met die reeds aangehaalde beskrywing deur Van Niekerk (1986:1-3) van ondernemings met koöperatiewe karakter wat reeds in die vroegste tye bestaan het. Die meeste van die ondernemings wat Van Niekerk (1986:1-3) beskryf, is deur ambagslui en kleinhandelsondernemings opgerig ten einde in bepaalde behoeftes van diegene wat die ondernemings opgerig het, te voorsien. Hierdie mense het gevoel dat hulle veel kan doen ten einde hul ooreenstemmende behoeftes te bevredig deur op grond van 'n aantal duidelik geïdentifiseerde behoeftes met mekaar saam te werk (kyk paragraaf 2.2.1). Mettertyd is daar na die spesifiek geïdentifiseerde behoeftes as "koöperatiewe beginsels" of kenmerke verwys wat as grondslag gedien het vir die wyse waarop die koöperatiewe ondernemings moes funksioneer. Die behoeftes of besluitnemingsbasisse wat bronne tradisioneel as "koöperasie"-beginsels of kenmerke identifiseer dek 'n wye veld soos die oorwegings wat in Tabel 2.1 weergegee word.

**TABEL 2.1: BEHOEFTES WAT TRADISIONEEL DEUR MIDDEL VAN KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE HANTEER IS**

| | |
|---|---|
| **Van Niekerk 1986:2-3** | |
| - Beskerming teen hoë rentekoerse | - Ope lidmaatskap |
| - Gelykop verdeling van winste | - Voordele vir lede |
| - Godsdienstige leerstellings | - Samevoeging van kapitaal |
| - Kollektiewe ondernemingsaktiwiteite | |
| **Steenkampkommissie 1967:66-67** | |
| - Verkoop van produkte teen heersende markpryse | - Beperking van die aantal aandele per lid |
| - Beperking van dividend op kapitaalinbreng | - Vrywillige lidmaatskap |
| - Beperkte rente op kapitaal | - Demokratiese beheer |
| - Verkoop teen kontant | - Politieke en godsdienstige neutraliteit |
| - Opvoeding | - Alleenverkeer met lede |
| - Beperkte seggenskap: een stem per persoon | - Aanbieding van slegs egte produkte |
| - Verpligte lewering van produkte vir bemarking | - Lidmaatskap enigste kwalifikasie vir direkteurskap |
| - Verdeling van wins/dividende op transaksiegrondslag | |
| **Kriel 1993:32-34** | |
| - Bediening teen kosprys | - Demokratiese beheer |
| - Beperkte kapitaalvergoeding | - Bonus op omset/surplusverdeling volgens deelname |
| **SALU-KOÖPERATIEWE RAAD 1966:84-88** | |
| - Demokratiese beheer | - Vrywillige lidmaatskap |
| - Surplusverdeling ooreenkomstig deelname | - Beperkte kapitaalvergoeding |
| - Bediening teen heersende pryse | - Kontantverkope |
| - Verpligte lewering van produkte | - Finansiering in verhouding tot deelname |
| - Politieke en godsdienstige neutraliteit | - Opvoedkundige instellings |
| - Besigheid slegs met lede | |

Die tradisionele kenmerke wat hierbo genoem word, kan volgens die aard daarvan gekategoriseer word ten einde die behoeftebevredigende betekenisse van die verskillende kenmerke sterker toe te lig. Insig in die behoeftebevredigende kenmerke van koöperasie as mededingingstrategie kan die evaluering van die resultate van die empiriese studie en die vertolking van die betrokke resultate bevorder. Die kategorisering van die tradisionele kenmerke hieronder berus in hierdie stadium op 'n lukrake beoordeling van die opsigtelike betekenisse van die kenmerke wat later heroorweeg en heringedeel kan word indien dit vir die bereiking van die doelwitte van die studie bevorderlik is. Die verskillende tradisionele kenmerke word vervolgens in Tabel 2.2 in die volgende kategorieë ingedeel:

- Tradisionele ekonomiese/bedryfsekonomiese kenmerke
- Tradisionele finansiële kenmerke
- Tradisionele maatskaplike kenmerke
- Tradisionele ontwikkelingskenmerke

**TABEL 2.2: KATEGORIEë VAN KENMERKE WAT TRADISIONEEL AAN KOÖPERASIE AS MEDEDINGING-STRATEGIE GEKOPPEL IS**

| | |
|---|---|
| (a) Tradisionele ekonomiese/bedryfsekonomiese kenmerke | |
| - Verpligte lewering van produkte vir bemarking<br>- Lidmaatskap enigste kwalifikasie vir direkteurskap<br>- Beperking van seggenskap tot een stem per persoon<br>- Vrywillige lidmaatskap<br>- Bediening teen kosprys<br>- Verkoop van produkte teen heersende markpryse<br>- Verpligte lewering van produkte vir bemarking<br>- Beperking van seggenskap tot een stem per persoon<br>- Beperking van dividend op kapitaal tot onderneming bygedra | - Voordele vir lede<br>- Verkoop teen kontant<br>- Alleenverkeer met lede<br>- Slegs egte goedere<br>- Demokratiese beheer<br>- Beperking van aantal aandele per lid<br>- Ope lidmaatskap<br>- Samevoeging van kapitaal |
| (b) Tradisionele finansiële kenmerke | |
| - Verdeling van wins/dividende op transaksiegrondslag<br>- Beperkte kapitaalvergoeding/beperkte rente op kapitaal<br>- Bonus op omset/surplusverdeling volgens deelname | - Beskerming teen hoë rentekoerse<br>- Gelykop verdeling van winste<br>- Beperking van dividend op kapitaal bygedra |
| (c) Tradisionele maatskaplike kenmerke | |
| - Kollektiewe ondernemingsaktiwiteite<br>- Vrywillige lidmaatskap<br>- Opvoeding | - Godsdienstige leerstellings<br>- Politieke en godsdienstige neutraliteit<br>- Alleenverkeer met lede |
| (d) Tradisionele ontwikkelingskenmerke | |
| - Gelykop verdeling van winste<br>- Opvoeding<br>- Samevoeging van kapitaal | - Voordele vir lede<br>- Kollektiewe ondernemingsaktiwiteite |

Oorsigtelik gesproke, skyn dit asof sommige van die tradisionele kenmerke en besluitnemingsbasisse wat hierbo gelys is met mekaar oorvleuel ten opsigte van doelwitte wat bereik moet word en die behoeftebevredigende terreine wat gedek moet word. Die kenmerke "Beperking van aandele per lid" en "Beperking op vergoeding vir kapitaal tot die onderneming bygedra" is 'n voorbeeld van kenmerke wat met mekaar oorvleuel in die strewe om die rol wat aandelekapitaal in die onderneming speel, te beperk. Gevalle kom voor waar sommige van die kenmerke onderverdelings van mekaar daarstel. Die twee kenmerke "Bonus op omset/surplusverdeling volgens deelname" en "Verdeling van wins/dividende op transaksiegrondslag" is 'n voorbeeld van kenmerke wat onderverdelings van mekaar kan daarstel.

Die Steenkampkommissie (1967:67) het bevind dat talle van die tradisionele kenmerke en besluitnemingsbasisse wat as "koöperasie"-beginsels getipeer word, bevordelik is vir die sukses van 'n koöperasie as 'n bepaalde tipe onderneming, maar nie almal as werklike "koöperasie"-beginsels beskou kan word nie. Die Steenkampkommissie (1967:67) is dus van mening dat die talle kenmerke wat in die literatuur weergee word, ontleed moet word ten einde die ware koöperasiebeginsels te identifiseer. Ander bronne, soos Meyer, deel die mening dat koöperasiebeginsels meer spesifiek beskryf

moet word (soos aangehaal deur Kriel 1993:32&33). Meyer (in Kriel 1993:32&33) is van mening dat *Bonus op omset/surplusverdeling volgens deelname* die (enigste) grondbeginsel van koöperasie is en identifiseer die volgende reëls wat hierdie (enkele) grondbeginsel verskans:

- Vaste of beperkte rente op kapitaal
- Beperking van aandele
- Demokratiese beheer en bestuur
- Handel slegs met lede

Dit blyk dus vir die doeleindes van hierdie studie nodig te wees om deeglik te besin oor watter van die vele genoemde tradisionele kenmerke werklik as "grondbeginsels" vir die moderne koöperatiewe onderneming beskou moet word. Die Steenkampkommissie (1967:66) beskou dit tewens van wesentlike belang dat helderheid oor die grondbeginsels van koöperasie gevind moet word ten einde ontaarding te voorkom en te verseker dat moderne koöperatiewe ondernemings by die eise van die tyd kan aanpas. Die Steenkampkommissie (1967:67) beskou sommige van die genoemde tradisionele kenmerke as te algemeen van aard en is die mening toegedaan dat die betrokke tradisionele kenmerke nie die wese van 'n koöperatiewe onderneming in teenstelling met ander ondernemingsvorme weergee nie. Die Steenkampkommissie (1967:67) beperk verdere bespreking in sy verslag tot die volgende kenmerke wat tradisioneel as besluitnemingsbasisse vir die oprigting van koöperasies dien:

- Ope lidmaatskap
- Vrywillige lidmaatskap
- Alleenverkeer met lede
- Beperking van die aantal aandele per lid
- Beperking van seggenskap tot een stem per lid
- Verdeling van oorskotte op transaksiegrondslag
- Beperking op vergoeding vir "kapitaalinbreng" (sic)

Uit die redusering van hierdie tradisionele kenmerke kom die Steenkampkommissie (1967:72) tot die gevolgtrekking dat koöperasies as selfstandige ekonomiese subjekte , wat aan die hand van suiwer omskrewe grondbeginsels van ander tipes ondernemings onderskei kan word, bejeën moet word (Van Niekerk 1986:127). Die Steenkampkommissie (1967:72) formuleer dus uit die gereduseerde tradisionele besluitnemingsbasisse vier grondbeginsels vir koöperasie wat aangewend kan word ten einde 'n koöperasie as 'n unieke onderneming van ander tipes ondernemings te onderskei, soos volg:

(a) **Vrywillige lidmaatskap**
(b) **Alleenverkeer met lede**
(c) **Verdeling van wins op transaksiegrondslag**
(d) **Beperkte vergoeding van die lid vir sy inbreng (sic) van aandelekapitaal**

Hierdie benadering van die Steenkampkommissie spreek al die behoeftes wat in Tabel 2.1 ontleed word, op 'n oorkoepelende wyse aan. Die Steenkampkommissie (1967:72) se benadering is bevorderlik vir die ondersoek na die onderwerp van hierdie studie. Hierdie grondbeginsels word met een voorbehoud as riglyn vir die verdere ondersoek aanvaar. Uit die bestudering van die literatuur het dit geblyk dat die bronne moontlik nie voldoende aandag geskenk het aan die invloed van onderlinge mededinging met betrekking tot koöperasie nie.

Individue wat koöperasie as mededingingstrategie vir hul gemeenskaplike voordeel wil toepas, kan dit nie bekostig om onderling met mekaar mee te ding nie. Onderlinge mededinging vir die behaling van voordelige pryse vir aankope van benodigdhede of die bemarking van produkte kan die behaling van die oogmerke van koöperasie teenwerk. Die uitskakeling van onderlinge mededinging kan dus moontlik as 'n vyfde beginsel vir die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie uitgelig word. Hierdie aspek word later in die studie prominent aangespreek en word deur die empiriese studie gedek (paragraaf 5.4.2).

## 2.4 TRADISIONELE BESKOUINGE VAN DIE GRONDBEGINSELS VAN KOÖPERASIE AS MEDEDINGINGSTRATEGIE

Die vier grondbeginsels wat die Steenkampkommissie (1967) geïdentifiseer het, soos in paragraaf 2.3 beskryf, word vervolgens verder beskryf ten einde 'n grondslag vir die ontplooiing van die studie te skep.

### 2.4.1 Alleenverkeer met lede

Die Steenkampkommissie (1967:67) sien koöperasies as organisasies wat vir "eiehulp" opgerig word. Koöperasies is dus organisasies wat produsente- of "konsumptegroepe..." wat hulle op (sic) die mark swak voel ...", oprig om "... deur gesamentlike optrede in hulle onderneming of huishouding..." mekaar te ondersteun. Saketransaksies word dus so hanteer dat daar op die behaling van ekonomiese, finansiële en maatskaplike voordele vir koöperasielede gekonsentreer word. Indien daar met nie-lede transaksies gevoer word, deel buitestaanders (nie-lede) wat moontlik geen verbintenis met die lede het nie, in voordele wat die koöperasie bewerkstellig en word die oogmerke van koöperasie dus belemmer. Die koöperasie se sake word daarom so gedryf dat die koöperasie "...ten aansien van 'n gegewe funksie na een kant van die mark geslote is...".

- In die geval van 'n koöperasie wat opgerig is om lede-produsente se produkte te hanteer, word geen produkte van nie-lede af ingekoop nie. So 'n koöperasie is dus ten opsigte van die funksie van produktehantering vir nie-lede geslote. Mededingingsaksies van produsente wat nie lede van die koöperasie is nie, word dus op dié wyse beperk.

- In die geval van 'n koöperasie wat opgerig is om verbruikers te bevoordeel, en produkte vir lewering aan sy lede teen voordelige pryse aankoop, is die verkoopfunksie vir nie-lede geslote. Nie-lede kan dus nie in die voordeel van voordelige pryse vir verbruikersprodukte, wat die koöperasie bewerkstellig, deel nie (Boshoff soos aangehaal deur Van Niekerk 1986:134).

Die siening dat koöperasies slegs met hul lede sake moet doen, het in sekere stadiums in Suid-Afrika baie aandag geniet en is selfs institusioneel gereguleer (Van Niekerk 1986:43). Koöperasies wat in die negentiende eeu in Engeland volgens die *Rochdale Society of Equitable Pioneers in England,* se riglyne gestig is, is ook voorbeelde van ondernemings wat hulle uitsluitend tot die bevoordeling van hul eie lede gewend het (Van Niekerk 1986:4-5&120).

Daar is dus 'n sterk aanduiding dat die grondbeginsel van *"Alleenverkeer met lede"* as een van die riglyne kan dien om die aktiwiteitsbasis van koöperasies van die aktiwiteitsbasisse van ander ondernemingsvorme, soos openbare maatskappye, te onderskei. Die aard van hierdie grondbeginsel is sodanig dat die volgende grondbeginsel wat hieronder beskryf word, logies daarby kan aansluit. Die toepassing van beide die betrokke gondbeginsels is bevorderlik vir die versterking van koöperasie onder die koöperasielede.

### 2.4.2 Verdeling van wins op transaksiegrondslag

SALU se Koöperatiewe Raad (1966:85-86) het hierdie koöperasiebeginsel beskryf as "...surplusverdeling ooreenkomstig deelname..." en is sodanige surplusse die gesamentlike eiendom van alle deelnemende lede. Swart (1981:17&18) meen dat dit "...byna deurgaans aanvaar (word) dat diens teen kosprys die uitstaande kenmerk van koöperasie is... maar dat dit "...in die praktyk natuurlik 'n onbegonne taak (is) om in die prys van elke artikel absoluut dieselfde persentasie wins in te bou...". 'n Verskeidenheid faktore, soos die feit dat al die koste verbonde aan die verkryging van die produk, nie bekend is voordat 'n verkoopprys bepaal word nie, lei daartoe dat die verkooppryse oorverhalings tot gevolg het. Die oorskotte (surplus bo koste) wat so ontstaan moet egter in die gees van koöperasie en in navolging van die beginsels wat die Rochdale Pioneers gehandhaaf het, aan die einde van die rekeningkundige tydperk aan die koöperasielede teruggegee word op grond van elkeen se bydrae tot die oorskotte (omvang van die besigheid met die koöperasie gedoen).

Die Steenkampkommissie (1967:57) kom tot die gevolgtrekking dat koöperasies 'n "sekere vorm van winsmaksimalisering" nastreef. Koöperasies moet, netsoos ander ekonomiese ondernemings, wins maak om te kan bly voortbestaan (Steenkampkommissie 1967:62). Wins moet gegenereer word om byvoorbeeld groei en ontwikkeling te finansier ten einde op die lang duur in die groeiende behoeftes van die eienaars (lede) van die koöperasies te voorsien (Van Niekerk 1986:133; Lubbe soos aangehaal deur Kriel 1993:38). 'n Deel van die wins wat gemaak word, moet dus aangewend word om reserwefondse op te bou ten einde 'n bron van finansiering vir die koöperasie se funksies

daar te stel (Van Niekerk 1986:284&300). Na toedeling aan die reserwefonds kan 'n koöperasie die oorblywende winste onder die lede verdeel (SALU soos aangehaal deur Kriel 1993:34) op grond van individuele lede se bydrae tot die omset van die koöperasie. Hierdie grondbeginsel spreek, opsigtelik gesproke, die ekonomiese, finansiële, maatskaplike en ontwikkelingsbehoeftes van koöperasielede aan.

Die Steenkampkommissie (1967:68) kom verder tot die gevolgtrekking dat daar onder teoretici (sic) eenstemmigheid bestaan dat "*Verdeling van wins op transaksiegrondslag*" as een van die grondbeginsels van koöperasies (in Suid-Afrika) as selfstandige ondernemings bejeën kan word. Van Niekerk (1986:137) deel die siening dat daar eenstemmigheid oor hierdie grondbeginsel bestaan. Hierdie grondbeginsel maak van koöperasie as mededingingstrategie, 'n unieke tipe ondernemingsbenadering of -strategie (Van Niekerk 1986:121). Meyer (soos aangehaal deur Kriel 1993:32 &33) is van mening dat hierdie grondbeginsel *die enigste* is wat koöperasie van ander tipes ondernemingsvorme kan onderskei.

In die Suid-Afrikaanse konteks was hierdie grondbeginsels selfs in sekere stadiums institusioneel gereguleer. Van Niekerk (1986:121) beskryf die wyses waarop die verdeling van winste onder lede verdeel kan word, met hul deelname in omset as die basiese toedelingsriglyn. SALU (soos aangehaal deur Kriel 1993: 34) bejeën die verdeling van wins as *'n bonus op omset* wat aan die einde van 'n rekeningkundige tydperk onder lede verdeel moet word. Sommige bronne is van mening dat hierdie basis waarop winste onder die lede (eienaars) van koöperasies verdeel word, wesentlik van ander winsverdelingsbasisse, soos verdeling op grond van aandeelhouding, verskil (Kriel 1993:34-35). Hierdie grondbeginsel beoog om koöperasielede aan te moedig, en hulle te vergoed, om hul eie onderneming se ekonomiese bedrywighede te ondersteun. Deur die toenemende deelname van die lede van 'n koöperasie aan die aktiwiteite word 'n grondslag geskep vir groeiende samewerking tussen die lede en word koöperasie as mededingingsterategie sodoende versterk.

Daar is ook sterk aanduidings dat die grondbeginsel van "*Winsverdeling op transaksiegrondslag*" as een van die riglyne kan dien om die aktiwiteitsbasis van koöperasie van die aktiwiteitsbasisse van ander tipes ondernemings, soos openbare maatskappye, te onderskei. Hierdie beginsel, wat in wese beoog om koöperasie onder die lede te bevorder, vind ook aansluiting by die grondbeginsel wat in paragraaf 2.4.3 beskryf word.

### 2.4.3 Beperkte vergoeding van die lid vir sy bydrae tot aandelekapitaal

Koöperasies word as selfstandige ekonomiese subjekte deur die samevoeging van 'n groep individue se kapitaal opgerig met die oogmerk om 'n permanente samewerkingsbasis daar te stel (Mostert 1990:11). Die kapitaal wat deur die lede bygedra word, is gewoonlik beperk in omvang en vorm 'n mindere deel van die koöperasie se kapitaalstruktuur. Van Niekerk (1986:297) meen dat die op-

betaalde aandelekapitaal van lede ongeveer vyf persent van die totale kapitaal van 'n koöperasie daarstel. Swart (1981:13) is van mening dat daar in die koöperasiewese "...heeltemal nugter..." na kapitaal gekyk word. In die moderne koöperasie "...is daar nie meer veel tekens van 'n skerp sosiaal-reformatoriese reaksie teen kapitaal nie...". Lede wat (hedendaags) kapitaal vir aandele aan hul koöperasie afstaan, verwag slegs 'n beperkte vergoeding omdat hulle (die lede) meer waarde heg aan die voordele wat ontvang word in ruil vir die ondersteuning van hul koöperasie. Swart (1981: 12&13) meen verder dat dit "...byna vanselfsprekend is dat in die koöperasie ... die beloning van kapitaal vasgepen sou word...". Kapitaal is dus (in die koöperasie ter navolging van die beginsels wat die Rochdale Pioneers gehuldig het) slegs 'n produksiefaktor - "...a means to an end...". Die Rochdale Pioneers het egter ook in die lig van ekonomiese werklikhede tot die gevolgtrekking gekom dat daar wel 'n (beperkte) vergoeding van kapitaal aan die koöperasielede betaal moes word, op grond van elke lid se ondersteuning van die koöperasie (Swart 1981:15).

Die Steenkampkommissie (1967:68) meen dat die grondbeginsel van vergoeding op transaksiegrondslag die teenkant van vergoeding volgens aandeelhouding is. Die verdeling van 'n koöperasie se wins geskied op 'n "...transaksie- in plaas van 'n kapitaalbasis..." (Steenkampkommissie 1967: 62). Van Niekerk (1986:121) is van mening dat "...die beperking van vergoeding op kapitaal bygedra...", ten doel het om die grondbeginsel van vergoeding op transaksiegrondslag te verskans. Van Niekerk (1986:140) lig hierdie stelling verder toe met die stelling dat "... beperking op die betaling van rente op koöperatiewe aandele bedoel is om te verhoed dat aandelekapitaal dieselfde oorheersende posisie in die koöperasie beklee as wat die geval is in die nie-koöperatiewe winsonderneming ...". Rentekoerse ("...dividend op aandelekapitaal...") ten opsigte van aandelekapitaal word van tydtot-tyd deur wetgewing op relatief lae koerse vasgestel (Van Niekerk 1986:140). Hierdie beginsel vind ook in die praktyk neerslag (Van Niekerk 1986:137,138,170&171). Die beperking van vergoeding op aandelekapitaal vloei volgens Van Niekerk (1986:140) uit die grondbeginsel van verdeling op transaksiegrondslag voort. Die Steenkampkommissie (1967:68) deel die siening dat "...die beperkte uitkering op aandelekapitaal uit die beginsel van winsverdeling op transaksiegrondslag..." voortvloei. Volgens Van Niekerk (1986:297&298) vertoon aandele in die koöperasies in die RSA 'n aantal kenmerke soos dat "...Geen rente... op aandelekapitaal in 'n koöperasie uit sy aandelekapitaal betaal word nie...". Koöperasies fuksioneer dus nie met die veronderstelling dat met die lede se kapitaal gewoeker word om kapitaalgroei te bewerkstellig nie. Die Steenkampkommissie (1967:63) het tot die gevolgtrekking gekom dat die beperking van renteverdienste op aandelekapitaal ("...die ingehoue ...dividenduitkerings...") tot die vergroting van die "koöperasiewins" (sic) bydra. Hierdie beperking van groei op aandelekapitaal lei daartoe dat lede belegging in koöperasie-aandele nie as 'n aantreklike belegginsopsie bejeën nie en "...dat onopbetaalde aandelegelde 'n aansienlike som bedra..." (Van Niekerk 1986:299).

Die grondbeginsel van beperking op vergoeding vir kapitaal tot die onderneming bygedra, kan dus meehelp om alle koöperasielede in staat te stel om in die voordele van koöperasie te deel ongeag

die omvang van die kapitaal waaroor hulle beskik. Hierdie grondbeginsel kan ook 'n bydrae lewer om koöperasie onder die lede te bevorder ten einde die suksesvolle voortbestaan van die koöperasie te verseker. Op dié wyse kan daar in die ekonomiese, finansiële, maatskaplike en ontwikkelingsbehoeftes van die koöperasielede voorsien word.

### 2.4.4 Vrywillige lidmaatskap

Die Steenkampkommissie (1967:71) het bevind dat *"vrywillige lidmaatskap"* uit "... die wese van koöperasie voortvloei ...". Mense koöpereer ten einde behoeftes wat hulself geïdentifiseer het te bevredig en neem bepaalde strategiese oorwegings in ag wanneer hulle daartoe oorgaan om koöperasie as strategie aan te wend om daardie behoeftes te bevredig. Die Steenkampkommissie (1967: 163) is verder van mening dat pogings om mense te verplig om te koöpereer, tot ongewenste monopolistiese toestande aanleiding kan gee. Die Steenkampkommissie is ook van mening dat "vrywillige lidmaatskap" bevorderlik is vir die grondbeginsel van "alleenverkeer met lede". Van Niekerk (1986:23) meen dat produsente soms met selfgerigte redes by koöperasies aansluit, soos om net toegang tot lenings te bekom. Volgens Van Niekerk (1986:23) koöpereer hierdie produsente nie spontaan nie, en is sekere koöperasies juis gelikwideer omdat produsente, wat weens selfgerigte redes by daardie koöperasies aangesluit het, nie getrou aan hul koöperasies was nie.

Dit blyk dus dat produsente koöperasies as sodanig, spontaan moet ondersteun ten einde die suksesvolle voortbestaan van die koöperasies te verseker. In hierdie opsig speel die grondbeginsel van vrywillige lidmaatskap dus 'n belangrike rol. Vrywillige lidmaatskap slaan voorts direk op die bevrediging van die ekonomiese, finansiële, maatskaplike en ontwikkelingsbehoeftes van die koöperasielede. Van Niekerk (1986:143) se stelling: "... koöperasie is 'n organisasie wat bepaalde groepe wil dien ...", en dat lidmaatskap van koöperasies op ander grondslae as vrywillige deelname, strydig is met die wese van koöperasie, kan hierby aansluiting vind.

## 2.5 OMSKRYWING VAN DIE TWEE VERSKILLENDE MANIERE WAAROP DIE WOORD "KOÖPERASIE" IN DIE LITERATUUR GEBRUIK WORD MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE BEHOEFTES VAN GRAANPRODUSENTE

Koöperasie het hoofsaaklik twee onderling-insluitende betekenisse in die literatuur. In die eerste opsig word koöperasie as 'n <u>werkwoord</u> en in die tweede opsig as 'n <u>naamwoord</u> gebruik.

### 2.5.1 Koöperasie as <u>werkwoord</u> om 'n verhoudingsbasis tussen ondernemers te tipeer

Bonner (1970:1) definiëer koöperasie as "... the series of actions and endeavours of any body of persons for a specific object, i.e., the persuit of an ideal ...". Hiervolgens kan "koöperasie" die kontinue ekonomiese verhoudingproses tussen individue wat koöperasie as mededingingstrategie toe-

pas, tipeer. "Koöperasie" word in die literatuur dus as 'n werkwoord gebruik om 'n unieke kontinue samewerkingsproses tussen groepe mense, soos graanprodusente, te tipeer (Steenkampkommissie 1967:72; SALU 1988:3). "Koöperasie" tipeer in hierdie verband 'n formele verbintenis tussen 'n groep individue, soos graanprodusente, wat hulself vrywilliglik aan 'n geformaliseerde stel reëls en benaderings verbind met die oog op die bereiking van bepaalde ekonomiese en sosiologiese doelstellings vir hulleself (Van Niekerk 1986:1). Die woord "koöperasie" dien ook as 'n basis vir die afgeleide werkwoord "koöpereer" om die manifestasie van koöperasie as 'n aktiewe proses wat op bepaalde beginsels gegrond is, in die samelewing aan te dui (Koöperasiepers 1968:101).

### 2.5.2 Koöperasie as 'n naamwoord vir 'n bepaalde tipe onderneming

"Koöperasie" word in die literatuur ook as 'n naamwoord gebruik om 'n bepaalde tipe onderneming in moderne ekonomieë te identifiseer (Mostert 1990:12; Kriel 1993:8). In die Suid-Afrikaanse konteks word die oprigting en bedryf van koöperasies deur die Koöperasiewet (Wet 91 van 1981) beheer. Die volgende soorte en vorms van koöperasie mag ingevolge artikel 17 van die Koöperasiewet in die land opgerig en bedryf word:

- Landboukoöperasies;
- spesiale boerekoöperasies; en
- handelskoöperasies.

Die doelstellings van hierdie drie soorte koöperasies word nou kortliks aangehaal.

#### 2.5.2.1 Landboukoöperasies

Die doelstellings van landboukoöperasies word deur artikel 21 van die Koöperasiewet voorgeskryf, en word kortliks soos volg aangehaal:

(a) Die bemarking en verwerking van landbouprodukte of verwante produkte;
(b) die verkryging of vervaardiging van boerderybenodigdhede;
(c) die daarstelling van fasiliteite en dienste wat in verband met boerdery van nut is;
(d) die bedryf van boerdery;
(e) om versekeringsbesigheid in verband met boerderyrisiko's te bedryf; en
(f) om as agent vir instellings en instansies wat met landboubedrywe gemoeid is, op te tree.

#### 2.5.2.2 Spesiale boerekoöperasies

Die doelstellings vir spesiale boerekoöperasies word uit die doelstellings vir landboukoöperasies afgelei, en in artikel 22 van die Koöperasiewet bepaal.

### 2.5.2.3 Handelskoöperasies

Artikel 23 van die Koöperasiewet bepaal dat 'n handelskoöperasie vir die uitvoering van enige doelstelling opgerig en bedryf mag word.

Die doelstellings van landboukoöperasies as sodanig sluit direk by die onderwerp van hierdie studie aan en daarom word alle verwysings en beskrywings van koöperasies as 'n bepaalde tipe ondernemingsvorm, tot landboukoöperasies beperk. Soos reeds gemeld (kyk afdeling 1.2.2.1) staan landboukoöperasies ook as primêre koöperasies bekend. Daar word in hierdie studie na landboukoöperasies of primêre koöperasies as "koöperasies" verwys ten einde lomp sinskonstruksies te vermy. Hierdie verwysingsmetode doen geen afbreuk aan die beskrywings in die studie en vergelykbaarheid van die beskrywings met ander bronne nie.

### 2.5.3 Die taak van koöperasies as doelgerigte ondernemings

Die Steenkampkommissie (1967:73) huldig die mening dat koöperasies 'n middel (sic) is wat aangewend kan word om die gebreke van die bestaande sosiaal-ekonomiese orde wat aan die kapitalistiese benadering verbonde is, te korrigeer. Koöperasies moet egter nie aangewend word met die oogmerk om die bestaande orde met 'n ander orde te vervang nie. Die Steenkampkommissie (1967:74) is dus van mening dat sekere foute in die kapitalistiese benadering deur ondernemings wat op koöperasiebeginsels gebaseer is, reggestel kan word. Onvolledige of oneffektiewe konkurrensie wat uit monopolistiese toestande in die mark voortvloei, is 'n voorbeeld van die foute wat in die kapitalistiese stelsel voorkom (Steenkampkommissie 1967:75; Koöperasiepers 1968:101). Onvolledige of oneffektiewe konkurrensie kan daartoe lei dat sekere tussenpersone in die bemarkingsketting (sic) onbillike voordele behaal, en oneffektiewe konkurrensie kom veral in die landbouvertakkings van die ekonomie voor (Steenkampkommissie 1967:76; Hall & Watkins 1937:185).

Koöperasies kan 'n rol speel om onvolledige of oneffektiewe konkurrensie deur middel van kundige optrede namens hul lede in die mark te korrigeer. Wanneer volledige konkurrensie wel heers, kan ondernemings wat op koöperasiebeginsels gebaseer is, nie 'n ander resultaat bereik as wat kapitalistiese benaderings bereik nie.

Van Niekerk (1986:94) skryf dat koöperasies se bedrywighede aan graanprodusente 'n deelname in die sakewêreld gee. Graanprodusente kry hierdeur 'n groter aansien in die sakewêreld en kan die groepsbehoeftes van graanprodusente onderling versterk. Die aktiwiteite van die koöperasies kan ook 'n leerskool vir graanprodusente daarstel.

Van Niekerk (1986:93) meen voorts dat koöperasies sekere ekonomiese funksies, soos die maak van kundige aankope van boerderybenodigdhede en die distribusiefunksie vir landbouprodukte, in

die plek van graanprodusente onderneem. Hierdeur word graanprodusente in staat gestel om meer aandag aan die voortbrenging van hulle produkte te skenk sodat hulle hoër vlakke van doeltreffendheid ten opsigte van die produksiefunksie kan handhaaf.

Koöperasies lewer ook 'n belangrike inset as skakel tussen die regering van die dag, en graanprodusente in verband met byvoorbeeld die kanalisering van geldelike hulp na die boer (Van Niekerk 1986:95). Koöperasies lewer ook insette om die ekonomiese aktiwiteite van gemeenskappe te ondersteun (Van Niekerk 1986:96).

Hall & Watkins (1937:364) sien die taak van koöperasie veel wyer as net die rol wat dit in die ekonomie te speel het om gebreke in die kapitalistiese stelsel te korrigeer en is van mening dat koöperasie 'n bydrae in alle sosiale sfere te lewer het. Hulle glo dat die mensdom hoër vlakke van menswaardigheid kan bereik deur die toepassing van koöperasiebeginsels. Goel & Goel (1979:28) stel dit sterker wanneer hulle skryf dat kapitalisme baie euwels (sic) in die wêreld ingebring het en dat koöperasie meehelp om talle ekonomiese en maatskaplike probleme in Indië op te los. Uit hierdie aanhalings kan daar afgelei word dat sommige buitelandse kenners van koöperasie, meer betekenis aan die toepassing van koöperasiebeginsels heg as wat Suid-Afrikaanse kundiges daaraan heg. Die vraag kan in hierdie stadium gevra word of koöperasie reeds hoër vlakke van volwassenheid in die buiteland bereik het as wat in Suid-Afrika die geval is? Hierdie waarneming kan gegrond word op die feit dat koöperasie as 'n gemeenskapsaktiwiteit reeds vir lang tydperke in die buiteland aandag geniet het. Daar is gepoog om deur middel van die empiriese ondersoek 'n aanduiding te verkry van die vlak van volwassenheid wat met die toepassing van koöperasiebeginsels in Suid-Afrika bereik is. Ondersoek is ingestel ten einde te bepaal of die gewone koöperasielede koöperasies slegs as ekonomiese subjekte sien, en of hulle verwag dat hul koöperasies meer as bloot net 'n ekonomiese waarde aan die lede moet bied.

## 2.6 SAMEVATTING

Individue wat moontlik nie oor betekenisvolle kapitaalbronne beskik nie, maar tog bepaalde ekonomiese doelwitte wil nastreef, wend hulle tot koöperasie as 'n mededingingstrategie vir die oprigting van selfstandige ondernemings, wat suksesvol met minder kapitaal geïmplementeer kan word. Koöperasie bied dus aan individue die geleentheid om ten spyte van 'n tekort aan kapitaal, as ondernemers in die mark op te tree ten einde hul behoeftes te bevredig en hul doelwitte te bereik. Hierdie doelwitte is daarop gerig om produkte en dienste aan die lede/eienaars van 'n onderneming wat met koöperasie as mededingingstrategie as basis opgerig is, te verskaf, sonder 'n strewe om 'n groeiende opbrengs op investering te realiseer.

Koöperasie as mededingingstrategie het 'n sterk geskiedkundige inslag wat in talle literatuurbronne beskryf word. Uit die literatuur blyk dit dat koöperasie herhaaldelik as 'n mededingingstrategie benut

word, wat verder daarop dui dat mense dikwels hul oogmerke met hierdie strategie verwesenlik. Die geskiedkundige boekstawings kan as 'n aanduiding van die sukses van koöperasie as 'n spesifieke mededingingstrategie gesien word.

Insig in die idealisme wat mense tradisioneel huldig oor die bydrae van koöperasie as 'n mededingingstrategie vir die daarstelling van ekonomiese welvaart, kan meehelp om die benaderings wat jeens koöperasie in Suid-Afrika gevolg word, in perspektief te plaas. Die bekendste ideale wat individue jeens koöperasie as 'n mededingingstrategie koester, behels die volgende visies en strewes:

- Die daarstelling van sterk samehorigheid en gesamentlike optrede onder individue wat gemeenskaplike ekonomiese en gekoppelde doelstellings nastreef deur met mekaar saam te werk ten einde voordelige optrede in die mark moontlik te maak.
- Die daarstelling van 'n samewerkingsbasis in die vorm van volwaardige sakeondernemings.
- Doelgerigte aksies ten einde die ontwikkelling van die deelnemende individue te bevorder.
- Doelgerigte koöperasie ten einde spesifieke voordele vir die deelnemende individue te bewerkstellig.
- Die aanwending van koöperasie as 'n verdedigingsmeganisme teen die swakhede van die vryemarkmeganisme.
- Die uitskakeling van nadelige onderlinge mededinging by individue wat gemeenskaplike of soortgelyke doelstellings huldig en wat hulself nie op 'n ander wyse in die mark kan handhaaf nie.

Mense wat hul ideale deur die aanwending van koöperasie as 'n mededingingstrategie wil verwesenlik, bepaal grondbeginsels waarop hierdie gesamentlike ondernemings geskoei moet word. Uit die tradisionele beskouings kan vier grondbeginsels vir koöperasie afgelei word;

(a) Alleenverkeer met lede
(b) Verdeling van wins op transaksiegrondslag
(c) Beperkte vergoeding van die lid vir sy bydrae tot die aandelekapitaal van die onderneming
(d) Vrywillige lidmaatskap

Hierdie vier grondbeginsels word met een voorbehoud as riglyn vir die verdere ondersoek aanvaar. Kundiges skenk moontlik nie voldoende aandag aan die invloed van onderlinge mededinging by koöperasielede nie. Onderlinge mededinging, vir byvoorbeeld die behaling van voordelige pryse vir aankope van benodigdhede of die bemarking van produkte, kan die behaling van die oogmerke van koöperasie teenwerk. Die uitskakeling van onderlinge mededinging kan dus moontlik as 'n vyfde koöperasiebeginsel uitgelig word. Hierdie aangeleentheid word in die empiriese studie gedek.

In die literatuur het koöperasie twee onderling-insluitende betekenisse. In die eerste opsig word koöperasie as 'n werkwoord en in die tweede opsig as 'n naamwoord gebruik.

- Koöperasie word enersyds as 'n werkwoord gebruik om 'n unieke kontinue samewerkingsproses tussen groepe mense, soos graanprodusente, te tipeer.
- Andersyds word die woord "koöperasie" as 'n naamwoord gebruik om 'n bepaalde tipe onderneming in moderne ekonomieë te identifiseer.

In die Suid-Afrikaanse konteks word die oprigting en bedryf van koöperasies deur die Koöperasiewet beheer. Drie soorte koöperasies mag in die land opgerig en bedryf word, naamlik landboukoöperasies; spesiale boerekoöperasies; en handelskoöperasies.

Die doelstellings van landboukoöperasies as sodanig sluit direk by die onderwerp van hierdie studie aan en daarom word alle verwysings na, en beskrywings van, koöperasies as 'n bepaalde tipe ondernemingsvorm, tot landboukoöperasies beperk. Landboukoöperasies staan ook as primêre koöperasies bekend. Daar word in hierdie studie egter na landboukoöperasies as "koöperasies" verwys sonder enige voorvoegsels.

In hierdie hoofstuk word daar ook na die taak van koöperasies verwys. Sommige kundiges is van mening dat koöperasies 'n taak het om die gebreke van die bestaande sosiaal-ekonomiese orde wat aan die kapitalistiese benadering verbonde is, te korrigeer. Koöperasies moet egter nie aangewend word met die oogmerk om die bestaande orde met 'n ander orde te vervang nie. Onvolledige of oneffektiewe konkurrensie wat uit monopolistiese toestande in die mark voortvloei, is 'n voorbeeld van die foute wat in die kapitalistiese stelsel voorkom. Koöperasies dra daartoe by om die graanprodusent en ander landbouprodusente 'n deelname in die sakewêreld te verleen en die groepsbehoeftes van die betrokke produsente onderling te versterk. Die aktiwiteite van die koöperasies stel verder 'n leerskool vir graanprodusente daar. Koöperasies onderneem verder ook sekere ekonomiese funksies in die plek van graanprodusente en dien as skakel tussen die regering van die dag en die graanprodusente.

Sommige buitelandse kundiges meen dat koöperasie 'n nog wyer rol in alle sosiale sfere moet speel. Hierdie kundiges glo dat die mensdom hoër vlakke van menswaardigheid kan bereik deur die toepassing van koöperasiebeginsels. Die betrokke kundiges heg meer betekenis aan die toepassing van koöperasiebeginsels vir sosio-ekonomiese doeleindes as wat Suid-Afrikaanse kundiges daaraan heg. Die vraag kan gevra word of koöperasie reeds hoër vlakke van volwassenheid in die buiteland bereik het as wat in Suid-Afrika die geval is. Hierdie aangeleentheid is tydens die empiriese fase van hierdie studie ondersoek ten einde 'n aanduiding te verkry van persepsies oor die vlak van volwassenheid wat met die toepassing van koöperasiebeginsels in Suid-Afrika bereik is. In

die volgende hoofstuk word daar op die toepassing van koöperasiebeginsels in die Suid-Afrikaanse konteks gekonsentreer.

# HOOFSTUK 3

# STRATEGIESE BELANGE VAN GRAANPRODUSENTE

## 3.1 INLEIDING

Graanprodusente tree as individue tot die mark toe. SALU (1988:1) benader graanprodusente ook in individuele verband en is van mening dat daar by aangeleenthede, soos strategiese beplanning, in verband met die opbouing van landbou rekening gehou moet word met die sentrale belangrikheid van die boer (en dus ook die graanprodusent) as onafhanklike ondernemer. LBBEK (LBBEK1 1994:22) sien landbouprodusente ook as individue in die mark en huldig die mening dat (individuele) ondernemers self die gewone besigheidsrisiko's vir mededinging in die mark moet dra.

Uit hierdie aanhalings kan daar verder afgelei word dat die georganiseerde landbou en die landsowerhede 'n markgedrewe ekonomiese stelsel vir die landbou voorstaan. 'n Mededingende omgewing waarin vraag en aanbod die mark reguleer, is dus die aangewese ekonomiese raamwerk vir die landbou in Suid-Afrika.

Die strategieë wat individuele graanprodusente vir mededinging in sodanige mark kies, moet daarom op winsgewendheid en oorlewing gerig wees (SALU 1988:3; LBBEK2 1994:50-52&54-67). Die onderwerp en doelstelling van hierdie studie is daarop gerig om te bepaal of koöperasie as mededingingstrategie daartoe kan bydra om die strategiese belange van graanprodusente in die mark te bevorder. Daar is reeds in paragraaf 1.2.2. gemeld dat die koöperasies opgerig is ten einde die strategiese belange van graanprodusente (onder meer) te bevorder. Soos ook reeds gemeld, het die koöperasies egter intussen sodanig verander dat daar herbesin moet word oor die bydrae wat koöperasie vir graanprodusente kan lewer. Hierdie strategiese oorwegings moet uit hoofde van die probleemstelling van hierdie studie, enersyds vanuit die gesigspunt van die strategiese belange van individuele graanprodusente, en andersyds uit die gesigspunt van die kollektiewe strategiese belange van graanprodusente met mekaar versoen word. In hierdie hoofstuk word die individuele en kollektiewe strategiese belange van graanprodusente onder die loep geneem.

## 3.2 GRONDLIGGENDE STRATEGIESE BELANGE VAN INDIVIDUELE GRAANPRODUSENTE

In paragraaf 2.4.1 is daar reeds verwys na die Steenkampkommissie se bevinding dat produsente of konsumptegroepe (sic) "...wat hulle op die mark swak voel (sic)..." hul optrede in die mark kombineer ten einde op sterker bene in die mark te staan. Graanprodusente is beide (a) produsente ten opsigte van die produkte wat bemark word, en (b) "konsumtegroepe" ten opsigte van die boerderybenodigdhede wat aangekoop word. Die strewes en ideale wat individue gewoonlik jeens koöperasie as 'n mededingingstrategie koester, is reeds in paragraaf 2.2 beskryf. Afgesien van die reeds genoemde ideale streef graanprodusente ook daarna om deur koöperasie sekere ekonomiese funksies, soos die maak van kundige aankope van boerderybenodigdhede en die distribusiefunksie vir

landbouprodukte, uit te voer ten einde bepaalde voordele te behaal (Van Niekerk 1994:10). Hierdie strewes lei daartoe dat selfstandige ondernemings, of koöperasies, aan die hand van bepaalde beginsels gestig word, soos in paragraaf 2.4 beskryf is.

Benewens die beginsels waarop koöperasies as selfstandige ondernemings berus, moet graanprodusente ook aandag skenk aan die praktiese toepassing van koöperasie as mededingingstrategie ten einde besigheid te bedryf. Volgens Aaker (1988:4-6) bestaan 'n besigheidstrategie uit die volgende elemente, waaraan ondernemers aandag moet skenk vir effektiewe mededinging in die mark:

- Die produk-mark (product market) waarin meegeding word.
- Die vlak van investering (groei- of handhawingstrategie) vir die bereiking van doelwitte.
- Die strategieë wat gevolg moet word met betrekking tot die uitvoering van die verskillende besigheidsfunksies.
- Die strategiese bates as grondslag van die mededingingstrategie, vir die opbouing van 'n volhoubare mededingende voordeel.
- Die toewysing van bates aan die verskillende besigheidseenhede waaruit die onderneming sal bestaan.
- Die skepping van sinergisme waardeur die verskillende besigheidseenhede van die onderneming mekaar kan ondersteun.

Hierdie verdeling van die elemente waaruit 'n besigheidstrategie bestaan, kan as grondslag gebruik word ten einde die grondliggende strategiese aspekte van die besigheid wat graanprodusente in die mark bedryf, te ontleed.

### 3.2.1 Die produk-mark waarin meegeding word

SALU (1988:3) is van mening dat landbouprodusente 'n ekonomiese doelstelling moet navolg met die oog daarop dat "Landbouondernemers..." teen markpryse produkte in die mark moet lewer en steeds 'n "...netto boerderyinkomste verdien..." ten einde in die lang termyn "...ekonomies..." te oorleef. Graanprodusente moet die markbenadering waarmee in die mark meegeding moet word, dus evalueer ten einde 'n strategie te identifiseer vir die nastrewing van hierdie doelstelling. Aaker (1988:186) meen dat markontleding op 'n ondubbelsinnige omskrywing van die betrokke mark gebaseer moet word, waarin daar spesifiek na die deel van die mark waarin die betrokke produk figureer, verwys word, en verwys daarom na 'n "produk-mark". Verder volgens Aaker (1988:4) bestaan die bestek van die produk-mark waarin meegeding word, uit die volgende faktore:

- Die toetredingsvlak waarop daar in die mark geïnvesteer sal word.
- Die produkte wat die besigheid aanbied, met bewustelike uitsluiting van die produkte waarmee nie gehandel sal word nie.

- Die markte wat bedien sal word, met bewustelike uitsluiting van die markte wat nie betree sal word nie.
- Die mededingers teen wie meegeding sal word, met bewustelike uitsluiting van diegene met wie nié meegeding sal word nie.

Die produk-markte in die Suid-Afrikaanse landbou kan, afgesien van die markte vir verskillende tipes landbouprodukte en -aktiwiteite (Van Niekerk 1994:15), ook in drie onderskeibare produksiekategorieë of toetredingsvlakke ingedeel word (LBBEK2 1994:3). Daar kan tussen bestaansprodusente, ontwikkelende produsente en kommersiële produsente onderskei word. Individue in die onderskeibare produksiekategorieë het uiteenlopende behoeftes wat vanweë die omvang van die behoeftes van mekaar verskil. Hierdie behoeftes behels gewoonlik aangeleenthede, soos finansiering, bemarkingskundigheid, ontwikkelingshulp, markinligting en ekonomiese oorlewing (LBBEK2 1994:4; Mostert 1990:11-32; Kriel 1993:30-31; Van Niekerk 1986:93&94). Hierdie behoeftes kan egter soms ook gemeenskaplik wees met betrekking tot al drie die onderskeie produksiekategorieë.

Bedingingskundigheid is een van die belangrikste faktore waaraan produsente 'n gemeenskaplike behoefte ondervind. Van Niekerk (1994:29) is van mening dat "...die boer in Suid-Afrika nog altyd bewus was van sy swak bedingingsmag as enkeling...". Daar is ook reeds in paragraaf 2.2.7 daarna verwys dat daar foute in die vryemarkmeganisme bestaan wat die bedingingsvermoë van graanprodusente benadeel. Die mening van LBBEK (LBBEK1 1994:5) dat daar 'n algemene afname in die winsgewendheid van die landbou voorkom, dui daarop dat daar in owerheidskringe ook kommer bestaan oor die vermoë van produsente om mededingend in die mark deel te neem. LBBEK (LBBEK1 1994:12) stel die volgende riglyn voor waardeur die winsgewendheid in die landbou verhoog kan word:

> "Deregulering van landboubemarking moet deel vorm van 'n geïntegreerde liberaliseringsprogram vir die hele ekonomie, en moet die bevordering van volgehoue ekonomiese prestasie en groei deur die vestiging van regverdige mededinging, ten doel hê".

Graanprodusente en ander landbouprodusente het dus 'n behoefte daaraan om deur kundige bedinging 'n invloed uit te oefen op prysbepaling in verband met die verkryging van boerderybenodigdhede en die afset van produkte, tot hul voordeel (Kriel 1993:30). Graanprodusente wil deur middel van effektiewer bedinging die winsgewendheid van landbouproduksie verhoog.

### 3.2.2 Die vlak van investering (groei- of handhawing) ter bereiking van doelwitte

Individuele graanprodusente wat reeds in die genoemde drie produksiekategorieë bedrywig is, of daarin wil toetree, moet besluit oor die omvang van die investering wat benodig word. Sodanige besluite slaan direk op die finansieringsaspek van die voorgenome vlak van investering. Benewens

die finansiering van produksie as sodanig, moet graanprodusente ook aan die verkryging van verbeterde tegnologie aandag skenk ten einde mededingend te produseer (LBBEK1 1994:16-18).

LBBEK (LBBEK1 1994:23) het bevind dat finansiering vir graanprodusente hoofsaaklik deur die bestaande koöperasies behartig word. Hierdie bevinding word deur ander studies gereflekteer (Mostert 1990:26). LBBEK (LBBEK1 1994:23) het voorts ook bevind dat hierdie produsente afhanklik is van die finansiering wat verkry word. Die skuldlas van produsente wat vanweë hierdie afhanklikheid vir finansiering ontstaan, is een van die belangrike probleme in die Suid-Afrikaanse landbou, wat onsekerheid en onstabiliteit tot gevolg het (Kriel 1993:2).

Dit is dus vir graanprodusente noodsaaklik om mededingingstrategieë te volg waardeur hierdie finansiële onsekerheid en onstabiliteit teengewerk kan word.

### 3.2.3 Die strategieë wat gevolg moet word met betrekking tot die uitvoering van die verskillende besigheidsfunksies

Sodra individuele graanprodusente keuses gemaak het oor die wyse waarop daar in die mark meegeding moet word, met inagneming van die produksiekategorie of toetredingsvlak en die produkmark volgens individuele behoefte, moet daar ook besin word oor die wyse waarop besigheid bedryf sal word. Graanprodusente moet dus daaroor besin of al die besigheidsfunksies selfstandig uitgevoer sal word en of sommige, of al die funksies, aan 'n ander party oorgedra sal word.

Hierdie besigheidsfunksies behels die volgende:

- Verkryging van boerderybenodigdhede.
- Produksiefinansiering.
- Hantering (gradering, opberging en vervoer) van produkte.
- Bemarking van produkte.
- Risikodekking.
- Waardetoevoeging deur die verwerking van produkte.
- Ontwikkelingsaksies.

Die koöperasies verskaf dienste vir die uitvoering van hierdie funksies aan graanprodusente (Mostert 1990:24-28; Kriel 1993:52-58). Die dienste word op 'n geïnstitusionaliseerde grondslag aan die lede van die koöperasies gelewer. Soortgelyke dienste word op 'n minder geformaliseerde basis ook gelewer aan ontwikkelende en bestaansprodusente wat nie lede van die koöperasies is nie (Van Niekerk 1994:32). Dienslewering aan produsente wat nie lede van die koöperasies is nie, staan as nie-ledebesigheid (sic) bekend.

Soos reeds gemeld, het die koöperasies met die verloop van tyd sodanig verander dat daaroor besin moet word of graanprodusente se behoeftes in verband met dienslewering in die huidige bestel nog steeds bevredigend hanteer word. In hierdie verband meen LBBEK (LBBEK1 1994:15) dat dienslewering in verband met sommige behoeftes, soos die oordrag van tegnologie, landbounavorsing en inligtingsverskaffing aan ontwikkelende en bestaansprodusente, verbeter moet word. Ontwikkeling en oordrag van ontwikkeling, is onontbeerlik vir die handhawing van mededingendheid in die algemeen in die landbou en spesifiek vir die ontwikkeling van produsente wat nie tot die betrokke dienste toegang gehad het nie (LBBEK1 1994:19).

Hierdie behoeftes is ook van strategiese belang vir graanprodusente, daarom moet metodes en strategieë gevind word ten einde die betrokke behoeftes effektief aan te spreek.

### 3.2.4 Strategiese bates as grondslag van 'n mededingingstrategie vir die opbouing van 'n volhoubare mededingende voordeel

Distribusie van produkte is 'n belangrike onderdeel van die bemarkingsproses vir graanprodukte in al drie die reeds genoemde produksiekategrorieë. Die produkhanterings- en vervoeraspekte van distribusie speel 'n strategiese rol ten opsigte van die mate waartoe graanprodusente mededingendheid in die mark kan handhaaf. Die koste van bestaande opbergingsfasiliteite en vervoerinfrastruktuur, en die benutting daarvan, verkeer egter op onekonomiese vlakke, waardeur die mededingendheid van graanprodusente ernstig benadeel word. In hierdie stadium is die koste van opbergingsfasiliteite en die vervoerinfrastruktuur 'n vergelykende nadeel vir graanprodusente (LBBEK1 1994:15&16). Die distribusiefunksie is van strategiese belang vir graanprodusente, daarom moet metodes en strategieë gevind word ten einde die tekortkominge wat tans heers, effektief aan te spreek.

### 3.2.5 Die toewysing van bates aan verskillende besigheidseenhede

Oorwegings in verband met die toewysing en benutting van bates is gekoppel aan oorwegings met betrekking tot die uitvoering van funksies, soos in paragraaf 3.2.3 beskryf is. Besluitneming oor die toewysing van bates vir die uitvoering van die besigheidsfunksies kan dus eers nadat daar uitklaring oor die uitvoering van spesifieke funksies besluit is, aandag geniet (Van Niekerk 1994:14;LBBEK2 1994:48&49). Die spesifieke toewysing van bates val buite die bestek van hierdie studie en kan moontlik in ander studies hanteer word.

### 3.2.6 Die skepping en benutting van sinergisme waardeur die verskillende besigheidseenhede van die onderneming mekaar kan ondersteun

Die mieliebedryf is die belangrikste graanbedryf in Suid-Afrika met betrekking tot welvaartskepping en voedselsekerheid (LBBEK2 1994:52). 'n Voorbeeld van die soeke na sinergisme kan gevind word in LBBEK (LBBEK2 1994:52) se beskrywing van 'n aantal faktore wat 'n rol kan speel ten einde koste in hierdie belangrike bedryf te optimaliseer. Die skepping van sinergisme ten einde die mededingendheid van graanprodusente te verhoog, kan in talle aspekte van die besigheid wat bedryf word, ter sprake kom. Aspekte van die besigheid wat bedryf word waarin sinergisme 'n voordelige rol kan speel is:

(a) Die vlak van investering (groei- of handhawingstrategie) ter bereiking van doelwitte wat nagestreef word;
(b) die funksionele strategieë wat gevolg moet word met betrekking tot die uitvoering van die verskillende funksies;
(c) die strategiese bates wat die grondslag van die mededingingstrategie vorm vir die opbouing van 'n volhoubare mededingende voordeel; en
(d) die toewysing van bates aan die verskillende besigheidseenhede waaruit die onderneming sal bestaan.

## 3.3 KOLLEKTIEWE STRATEGIESE BELANGE VAN GRAANPRODUSENTE

Van Niekerk (1994:10) meen dat boerderyondernemings talryk, maar in verhouding klein is, teenoor die omvang van die ondernemings met wie sake gedoen word. Graanprodusente verkeer dus as afsonderlike ekonomiese entiteite in 'n swak posisie om markkragte tot hul voordeel te beïnvloed en individuele graanprodusente is genoop om onderling saam te werk (te koöpereer) ten einde hierdie tekortkoming te probeer oorkom. Stygende insetkoste en lae pryse vir graanprodukte is die belangrikste markfaktore wat graanprodusente deur koöperasie wil oorkom (Kriel 1993:17). Meiring (1984: 11) meen dat graanprodusente in 'n stadium moes koöpereer ten einde die "...wurggreep van kunsmis- en brandstofmaatskappye te breek...". Dit blyk dus dat daar 'n aantal terreine is waarop graanprodusente kan, en moet, koöpereer ten einde markfaktore in hul guns te beïnvloed. Hierdie samewerking kan deur middel van 'n aantal strategieë, soos horisontale of vertikale integrasie, of deur maatskappyvorming, bewerkstellig word (Aaker 1988: 249&247). Elkeen van hierdie strategieë kan bepaalde voordele en nadele teweegbring. Die belangrikste gevolg wat uit die toepassing van enige van hierdie genoemde strategieë kan voortvloei, is dat die verskillende boerderyondernemings hul identiteit kan verloor.

Dit is egter reeds gemeld dat graanprodusente dit verkies om selfstandige ondernemings te bedryf en eerder deur koöperasie as mededingingstrategie in die mark mee te ding ten einde ekonomiese

doelwitte, soos markbeïnvloeding, na te streef. Die doelstelling van hierdie studie is om te bepaal of koöperasie geskik is om as mededingingstrategie aangewend te word ten einde die verlangde markbeïnvloeding te bewerkstellig en ander kollektiewe doelwitte na te streef.

Die besigheid wat individuele graanprodusente bedryf, toon in die volgende opsigte raakvlakke waar eenderse behoeftes bestaan:

- Die produk-mark waarin meegeding word.
- Die uitvoering van die verskillende besigheidsfunksies.
- Die strewe na die opbouing van 'n volhoubare mededingende voordeel.

Die homogeniteit van behoeftes kan, na aanleiding van die beskrywing van die grondliggende strategiese behoeftes van individuele graanprodusente in paragraaf 3.2, verder toegelig word.

### 3.3.1 Die produk-mark waarin meegeding word

Oorwegings met betrekking tot die kollektiewe strategiese belange van graanprodusente moet in die eerste plek handel met die probleme wat in paragraaf 3.2.1 beskryf word. Die reeds genoemde probleme wat individuele graanprodusente in verband met finansiering, bemarkingskundigheid, ontwikkelingshulp en markinligting ervaar, word ook deur al die graanprodusente in dieselfde mark ondervind (LBBEK2 1994:4; Mostert 1990:11-32; Kriel 1993:30-31; Van Niekerk 1986:93&94). Die probleme bemoeilik dit vir individuele graanprodusente om produkte teen markpryse in die mark te lewer ten einde 'n netto boerderyinkomste te verdien. Die betrokke probleme kan deur middel van kollektiewe optrede aangespreek word.

Onderlinge mededinging in die betrokke produk-mark wat nadelig op die mededingingsvermoë van individuele graanprodusente inwerk, is die tweede faktor wat deur middel van koöperasie die hoof gebied kan word (LBBEK2 1994:51; Mostert 1990:11).

Derdens moet die gebrek aan bedingingskundigheid, as een van die belangrikste faktore waaraan produsente 'n gemeenskaplike behoefte ondervind, aangespreek word. Die foute wat in die vryemarkmeganisme bestaan, lei soms daartoe dat graanprodusente 'n "teenmag" tot stand bring wat deur middel van kundige bedinging die "eensydigheid" van die bestaande orde kan teenwerk (Kriel 1993:30). Graanprodusente wil deur middel van effektiewer bedinging in koöperatiewe verband, die winsgewendheid van landbouproduksie verhoog.

### 3.3.2 Strategieë wat gevolg moet word met betrekking tot die uitvoering van die verskillende besigheidsfunksies

In paragraaf 3.2.3 is daar gemeld dat die koöperasies sekere dienste aan graanprodusente verskaf. Daar is ook gemeld dat daar bepaal moet word of die koöperasies ten spyte van al die veranderings wat met verloop van tyd plaasgevind het, nog steeds in staat is om die behoeftes van graanprodusente te bevredig. Graanprodusente benodig 'n grondslag vir kollektiewe bedinging in die mark, ten einde te verseker dat die hoogste mate van effektiwiteit in verband met die uitvoering van besigheidsfunksies daargestel word (LBBEK1 1994:31).

## 3.4 SAMEVATTING

Georganiseerde landbou en die owerheidsektor sien graanprodusente en ander lanbouprodusente as onafhanklike ondernemers in die mark en huldig die mening dat die (individuele) graanprodusente, onder meer, self die gewone besigheidsrisiko's vir mededinging in die mark moet dra. Graanprodusente moet volgens hierdie siening talle verantwoordelikhede aanvaar, waaronder die verantwoordelikheid om effektief in die mark te oorleef ten einde winsgewende besigheid te bedryf en ekonomies te oorleef. Besondere aandag moet dus aan 'n markbenadering gewy word.

Die "mark" moet ondubbelsinnig omskryf word. Daar moet spesifiek na die deel van die mark waarin die betrokke produk figureer, verwys word, as die "produk-mark". Daar is bepaalde riglyne vir die ontwerp van 'n paslike besigheidstrategie, wat die volgende apekte van 'n ondernemer se optrede in die mark raak:

- Die vlak van investering (groei- of handhawingstrategie) ter bereiking van doelwitte wat nagestreef word.
- Die strategieë wat gevolg moet word met betrekking tot die uitvoering van die verskillende besigheidsfunksies.
- Die strategiese bates as grondslag van die mededingingstrategie, vir die opbouing van 'n volhoubare mededingende voordeel.
- Die toewysing van bates aan die verskillende besigheidseenhede waaruit die onderneming sal bestaan.
- Die skepping van sinergisme waardeur die verskillende besigheidseenhede van die onderneming mekaar kan ondersteun.

Dié benadering skep 'n grondslag vir 'n effektiewe strategie vir mededinging in 'n produk-mark. Die produk-markte in die Suid-Afrikaanse landbou kan, afgesien van die markte vir verskillende tipes landbouprodukte en -aktiwiteite, ook in drie onderskeibare produksiekategorieë of toetredingsvlakke ingedeel word, naamlik bestaansprodusente, ontwikkelende produsente en kommersiële produ-

sente. Produsente in al drie hierdie kategorieë ondervind eenderse tipes probleme wat die effektiwiteit van hul mededinging in die mark aan bande lê.

In hierdie stadium van die studie blyk dit dat koöperasie, as mededingingstrategie, graanprodusente in 'n gunstige posisie kan stel vir die oorkoming van die genoemde probleme en die bevordering van hul individuele en kollektiewe strategiese belange.

Die individuele en kollektiewe strategiese belange van graanprodusente dek, benewens die omskrywing van die produkmark, die volgende aspekte van mededinging in die mark:

- Die omvang van die investering wat vir mededinging in die produk-mark benodig word.
- Die strategieë wat gevolg moet word met betrekking tot die uitvoering van die verskillende besigheidsfunksies.
- Die strategiese bates as grondslag van die mededingingstrategie, vir die opbouing van 'n volhoubare mededingende voordeel.
- Die toewysing van bates aan die verskillende besigheidseenhede waaruit die onderneming sal bestaan.
- Die skepping van sinergisme waardeur die verskillende besigheidseenhede van die onderneming mekaar kan ondersteun.

Graanprodusente benodig 'n grondslag vir kollektiewe bedinging in die mark ten einde te verseker dat die hoogste mate van effektiwiteit in verband met die uitvoering van besigheidsfunksies daargestel word. Die koöperasies lewer sekere dienste aan graanprodusente waardeur mededinging vir graanprodusente in die mark bevorder kan word. Koöperasies het met verloop van tyd egter sodanig verander dat daar nou bepaal moet word of die koöperasies nog in staat is om die behoeftes van graanprodusente te bevredig.

Daar moet dus bepaal word of graanprodusente nog effektiewe koöperasie beleef; of die ideale wat gehuldig word, nog nagestreef word; en of die selfstandige ondernemings (koöperasies) wat graanprodusente op grond van koöperasiebeginsels opgerig het, nog volgens die erkende koöperasiebeginsels funksioneer.

# HOOFSTUK 4

# NAVORSINGSMETODOLOGIE

## 4.1 INLEIDING

In paragraaf 1.8.1 is dit gemeld dat literatuur waarin die geskiedenis van koöperasie as mededingingstrategie beskryf word, bestudeer is ten einde 'n oorsig te verkry van die belangrikste oorwegings en faktore wat individue daartoe bring om koöperasie as 'n mededingingstrategie aan te wend. Die betrokke oorwegings en faktore is ontleed ten einde die beginsels te identifiseer wat as grondslag dien vir die toepassing van koöperasie as 'n spesifieke mededingingstrategie.

Inligting wat deur middel van die literatuurstudie verkry is, is aangewend ten einde 'n opnamevraelys te ontwerp. Die vraelys is benut om die persepsies van 'n steekproef van graanprodusente oor verskillende aspekte van koöperasie en die toepassing van die bekende koöperasiebeginsels te bepaal.

Die respons op die opnamevraelys het die neiging van graanprodusente om te koöpereer en aan gesamentlike ondernemings deel te neem, toegelig. Uit die respons is ook afleidings gemaak met betrekking tot graanprodusente se persepsie van die noodsaaklikheid van koöperasie onder graanprodusente. Verder het die respons bepaalde probleme, tekortkominge en moontlike aanpassings in verband met die toepassing van die koöperasiebeginsels toegelig.

In paragraaf 1.8 is daar kortliks verwys na die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gevolg is om koöperasie as mededingingstrategie vir graanprodusente te bestudeer. In hierdie hoofstuk word die volgende aspekte in meer besonderhede beskryf:

- Redes vir die keuse van die populasie wat bestudeer is;
- die bestudeerde populasie;
- die aard en ontwerp van die dataversamelingsmetode;
- die aard en omvang van die statistiese verwerkings; en
- die struktuur waarvolgens die empiriese resultate bespreek word.

## 4.2 REDES VIR DIE KEUSE VAN DIE BESTUDEERDE POPULASIE

Die onderwerp van hierdie studie handel oor koöperasie as mededingingstrategie vir graanprodusente. Daar is besluit om die lede van drie koöperasies in Noordwes Provinsie as teikenpopulasie by die empiriese ondersoek te betrek. Hierdie drie koöperasies is in alfabetiese volgorde:

- Noordwes Koöperasie Beperk (Registrateur 1991:xvi) met die hoofkantoor op Lichtenburg in Noordwes Provinsie.

- Sentraalwes (Koöperatief) Beperk (Registrateur 1991:xvi) met die Hoofkantoor op Klerksdorp in Noordwes Provinsie.
- Suidwes Koöperasie Beperk met die hoofkantoor op Leeudoringstad in Noordwes Provinsie (Suidwes Koöperasie Beperk 1995:6).

Die lede/eienaars van die genoemde drie koöperasies bedryf hul boerderyondernemings hoofsaaklik in ontwikkelingstreke B, C en J en die ligging van die betrokke drie koöperasies se bedieningsgebiede pas in hierdie drie streke in. Die ontwikkelingstreke word deur die Sentrale Statistiekdiens (SSD) (1992:xxi&xxvii) beskryf. Die SSD (1992:vii) meld dat die bevindings wat in die onderhawige landbou-opname vervat is, op 'n 10%-steekproefopname berus waaruit wetenskaplike afleidings of inferensies aangaande die universum gemaak word. Daar word ook gemeld dat "... Statisties gesproke ...die presisie van 'n steekproefberaming of -skatting bereken (word) as die produk van die betrokke sogenaamde standaardfout en die betroubaarheidskoëffisiënt...". Daar mag ook steekproeffoute en nie-steekproeffoute in die opname voorkom, maar die SSD (1992:ix) "... trag om hierdie foute te verklein deur middel van navorsing, opleiding en verskeie kontroleprosedures ...".

Die besluit om die lede/eienaars van die genoemde drie koöperasies by die empiriese studie te betrek, berus op die vergelykbare belangrikheid van die betrokke graanprodusente se bydraes tot die totale bruto boerderyinkomste van die land. Beoordeling van die vergelykbare belangrikheid van die gekose teikenpopulasie kan geskied in die lig van die bevinding van die SSD (1992:xxxi&xxxii) dat akkerbou, as 'n hoofvertakking van die landbou in geheel, 31% van die totale bruto boerderyinkomste van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) gedurende 1992 beloop het. Uit die bevindings van die SSD (1992:xxxi&xxxii) blyk dit verder dat akkerbou die tweede grootste verdiener van bruto boerderyinkomste daarstel. Volgens die bevindings van die SSD het diereproduksie in dieselfde tydperk 43% tot die bruto boerderyinkomste bygedra en was dus die boerderyvertakking wat die grootste bydrae tot die bruto boerderyinkomste gelewer het.

Akkerbou bestaan uit 'n aantal onderverdelings, soos graan- en gewasverbouing. Graanverbouing deur graanprodusente is die grootste subvertakking van akkerbou, soos afgelei kan word uit die feit dat graanverbouing gedurende 1992, 65% van die totale akkerbouproduksie beloop het (SSD 1992:xxxi&xxxii).

Die betekenisvolheid van die teikenpopulasie (graanprodusente) se boerderyondernemings kan verder in perspektief geplaas word deur die betrokke boerderyeenhede getalsgewys met die totale aantal boerderyeenhede wat gedurende 1992 met akkerbou in die RSA gemoeid was, te vergelyk. Volgens die SSD (1992:12-14) was daar 'n totaal van 10 794 boerderyeenhede in RSA wat akkerbou as die dominante boerderyvertakking (75%>) gedurende 1992 bedryf het. In dieselfde tydperk was daar in RSA se Ontwikkelingstreke B (920: 8,5%), C (2 903: 27%) en J (2 095: 19,4%) 'n totaal van 5 918 boerderyeenhede (54,8%) waar akkerbou die dominante boerderyvertakking (75%>) was.

Soos reeds gemeld, kan daar uit die SSD se bevindings afgelei word dat graanproduksie landswyd die grootste subvertakking van akkerbou daarstel, waaruit die betekenisvolheid van graanproduksie as verdiener van bruto boerdery-inkomste in ontwikkelingstreke B, C en J ook afgelei kan word. Daar kan dus aangeneem word dat graanproduksie ook in ontwikkelingstreke B, C en J die grootste onderverdeling van akkerbou daarstel.

Uit die bogenoemde afleidings blyk dit dat die teikenpopulasie wat volgens die beplanning by die empiriese studie betrek is, 'n belangrike groepering van graanprodusente verteenwoordig. Gevolgtrekkings wat uit die respons van die studie gemaak is, het dus 'n doeltreffende grondslag geskep vir die nastrewing van die doelwitte van die studie.

## 4.3 BESKRYWING VAN DIE BESTUDEERDE POPULASIE

Die eienskappe van die bestudeerde populasie word hieronder beskryf ten opsigte van die individuele en gemeenskaplike oogmerke wat graanprodusente in ag neem wanneer daar oor 'n strategie vir deelname in die mark besluit word. Die volgende aangeleenthede is dus bestudeer ten einde by die hipotesestellings van die studie aansluiting te vind:

* Graanprodusente se persepsie oor die noodsaaklikheid om te koöpereer ten einde hul individuele en gemeenskaplike belange te bevorder.
* Graanprodusente se persepsie oor deelname aan gesamentlike ondernemings vir mededinging in die mark.
* Graanprodusente se persepsie oor die toepassing van koöperasiebeginsels as 'n mededingingstrategie.
* Graanprodusente se mening oor die toepassing van die tradisionele koöperasiebeginsels deur koöperasies.

Die bogenoemde aangeleenthede word vervolgens verder toegelig.

### 4.3.1 Koöperasie onder graanprodusente en deelname van graanprodusente aan gesamentlike ondernemings

Die SSD (1992:5) het bevind dat daar in 1992 'n totaal van 61 564 boerderyeenhede in RSA was. Die boerderyeenhede het bestaan uit eenmansake, vennootskappe, maatskappye en ander tipes ondernemingsvorme. Die SSD (1992:5) het voorts bevind dat 49 686 (81%) boerderyondernemings as eenmansake bedryf word.

Een formele aanduiding van 'n neiging tot koöperasie onder landbouprodusente kan gevind word in die Registrateur van Koöperasies (1991:5) se bevinding dat daar in 1990, sestien "somergraan pri-

mêre landboukoöperasies" met 'n totale (aangetekende) ledetal van 54 792 bestaan het. Hierdie ledetal dui daarop dat die meerderheid van boerderyeenhede oor lidmaatskap van koöperasies beskik.

Dit word aanvaar dat statistieke van die Registrateur en die SSD, wat verskillende funksies vervul, nie regstreeks met mekaar vergelykbaar is nie, en die statistieke boonop verskillende tydperke dek. Die SSD (1992:5) se bevindings oor die getal boerderyondernemings enersyds, en die ledetalle van koöperasies soos deur die Registrateur verstrek, andersyds, dui daarop dat die oorwig van boerderyondernemings in RSA lede is van koöperasies. Hierdie aanname kan ook daarop dui dat landbouprodusente neig om te koöpereer. Die toepaslikheid van die laasgenoemde aanname op graanprodusente is aan die hand van die respons van die empiriese studie getoets.

Die ledetalle van die drie koöperasies wat by hierdie studie betrek word, soos in paragraaf 4.2 gemeld, sien soos volg daaruit:

- Noordwes Koöperasie : 3 609 lede
  (Noordwes Koöperasie Beperk, Jaarverslag 1996:12)
- Sentraalwes (Koöperatief) : 10 727 lede
  (Sentraalwes (Koöperatief) Beperk, Jaarverslag 1995:7)
- Suidwes Koöperasie Beperk : 4 160 lede
  (Suidwes Koöperasie Beperk, Jaarverslag 1995:6.)
  (Die ledetal van Suidwes Koöperasie wat hier gemeld word, is gebaseer op 'n aanname uit gegewens wat in die betrokke jaarverslag gemeld word. Suidwes Koöperasie Beperk het na amalgamasie met 'n ander koöperasie, wat hoofsaaklik met diereproduksie gemoeid was, tot stand gekom. Uit die gegewens wat gemeld word, kan daar afgelei word dat slegs 'n sekere groep van die koöperasie se lede wel met graanproduksie as dominante bedryfsvertakking gemoeid is. Slegs die lede wat met graanproduksie as dominante vertakking gemoeid is, is by hierdie studie betrek.)

Uit die voorafgaande inligting blyk dit dat die teikenpopulasie wat by hierdie studie betrek is, uit ongeveer 18 500 koöperasielede bestaan.

Die ledetal van die drie gekose koöperasies gesien teenoor die totale aantal boerderyondernemings wat met graanverbouing gemoeid is, dui daarop dat die meerderheid van teikenpopulasie neig om te koöpereer deur aan gesamentlike ondernemings deel te neem. (Hierdie veronderstelling is deur middel van die empiriese studie getoets.)

#### 4.3.2 Beskouings oor koöperasie as geskikte mededingingstrategie

Die bevinding van LBBEK (LBBEK1 1994:31) dat landbouprodusente koöperasie as 'n doeltreffende mededingingstrategie bejeën, is reeds in paragraaf 1.1.2 aangehaal. Die aanname wat in paragraaf 4.3.1 beskryf word, kan in aansluiting by LBBEK (LBBEK1 1994:31) se bevinding gesien word as 'n sterk aanduiding dat die teikenpopulasie wat by hierdie studie betrek word, koöperasie as 'n geskikte mededingingstrategie beskou.

Dit kan aangeneem word dat dit 'n kenmerk van die teikenpopulasie is om deur middel van koöperasie as mededingingstrategie in die mark mee te ding. Hierdie aanname is ook deur middel van die empiriese studie getoets.

#### 4.3.3 Persepsies oor die toepassing van koöperasiebeginsels deur koöperasies

Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat die koöperasies weens 'n verskeidenheid van faktore van sekere koöperasiebeginsels afgewyk het, soos in paragraaf 1.4.2 gemeld word. Dit is een van die doelstellings van hierdie studie om te bepaal of graanprodusente van mening is dat koöperasies steeds volgens die tradisionele beginsels van koöperasie funksioneer.

Geen bronne kon gevind word waarin die persepsie van graanprodusente en ander landbouprodusente oor die toepassing van koöperasiebeginsels deur die koöperasies, weergegee word nie. Geen aanname kan dus oor die mening van die betrokke produsente gemaak word nie. Die persepsie van graanprodusente oor die toepassing van koöperasiebeginsels deur koöperasies is gevolglik deur die empiriese studie getoets.

## 4.4 DIE AARD EN ONTWERP VAN DIE DATAVERSAMELINGSMETODE

### 4.4.1 Inleiding

Die teikenpopulasie wat vir die doeleindes van hierdie studie bestudeer is, woon op verskillende plekke in 'n uitgestrekte geografiese gebied. Die fisiese afstande waaroor die bestudeerde populasie bereik moes word, het daartoe gelei dat dataversameling volgens die opnamemetode (Cronje, Hammersma, Lucas & Smalley 1989:77) uitgevoer is. 'n Afskrif van die opnamevraelys verskyn as 'n bylae. Die opnamevraelyste is weens die volgende redes per pos aan die bestudeerde populasie bedien (Marais 1989:158):

* Koste
  Omdat die bestudeerde populasie verspreid in 'n uitgestrekte geografiese gebied woon, sou die koste verbonde aan ander dataversamelingsmetodes, soos persoonlike onderhoudsvoering, buitensporig hoog gewees het.
* Gerief
  Posvraelyste kon gelyktydig aan die bestudeerde populasie gestuur word en die ontvangers van die posvraelyste kon dit in hul eie tyd voltooi.
* Anonimiteit
  Die respondente is verseker van anonimiteit. Dit het die verskaffing van eerlike antwoorde, selfs oor sensitiewe onderwerpe, bevorder.
* Onsydigheid
  Respondente is nie beïnvloed deur die teenwoordigheid of die mening van 'n onderhoudvoerder nie.

Hierdie metode van dataversameling hou bepaalde nadele in, en is soos volg (Marais 1989:158):

- Die waarskynlikheid dat 'n lae responsiekoers behaal sal word;
- 'n gebrek aan aanpasbaarheid;
- gebrek aan beheer;
- gebrek aan verteenwoordiging;
- die sogenaamde "omkeertyd"; en
- volledigheid.

Daar is van die genoemde nadele kennis geneem, maar daar is nogtans met die reeds genoemde dataversamelingsmetode voortgegaan, aangesien daar geoordeel is dat die voordele van die metode swaarder weeg as die nadele wat daaraan gekoppel is.

### 4.4.2 Vraaginhoud

Die vrae in die opnamevraelys is op 'n gestruktureerde wyse aangebied, op so 'n wyse dat sydigheid vermy word (Cronje et al 1989:78). Die vrae is voorts daarop gerig om die ondergenoemde tipes data te verkry.

* Demografiese-/agtergrondsvrae
  Hierdie vrae is daarop gerig om veranderlikes te identifiseer wat aangewend kan word ten einde 'n profielraamwerk van die respondente te skep waarvolgens die resultate van die opname vertolk kan word. Hierdie tipe vrae kom in die meeste vraelyste voor en word gebruik om feitlike data te verkry (Cronje et al 1989:80& 81).

* Menings- en houdingsvrae

  Die onderwerp van hierdie studie handel oor die mening wat graanprodusente jeens koöperasie as mededingingstrategie huldig. Die meeste van die vrae in die opnamevraelys is menings- en houdingsvrae en is gebruik om die gevoelens, oortuigings, idees en voorveronderstellings te peil wat respondente huldig in verband met die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie om individuele behoeftes aan te spreek. Dit word aanvaar dat die intensiteit van die menings en gevoelens van die individuele respondente kan verskil en daarom word hierdie tipe vrae aan 'n responsskaal gekoppel (Cronje et al 1989:82). Daar is met die dataverwerking gepoog om die intensiteit van die menings van respondente ook aan die geïdentifiseerde respondentprofiele te koppel.

### 4.4.3 Vraagformaat

Soos reeds gemeld is die vrae in die opnamevraelys gestruktureerd aangebied om die volgende redes:

* Die data wat benodig word is hoofsaaklik hipotesetoetsend van aard (Cronje et al 1989:78; Leedy 1989:143).
* Oop vrae lok dikwels 'n laer respons uit as gestruktureerde vrae omdat sulke vrae demotiverend op 'n respondent kan inwerk en omdat hierdie tipe vrae heelwat dinkwerk van respondente verg (Marais 1989:160).
* Gestruktureede vrae word maklik verwerk aangesien dit vooraf gekodeer is. Die data wat deur middel van die opnamevraelys ingewin is, is diskreet van aard en is nominaal, ordinaal en volgens intervalle ontleed (Leedy 1989:304&305). Dataverwerking en -ontledings wat uitgevoer is, is deur die voorafkoderingsproses vergemaklik (Marais 1989:161).

### 4.4.4 Voortoetsing

Dit is volgens Leedy (1989:143) noodsaaklik dat 'n voortoetsing (pilot study) uitgevoer moet word ten einde die bruikbaarheid van die opnamevraelys te toets en te verfyn voordat die opnamevraelys aan respondente bedien word. Die opnamevraelys is dus vir voortoetsing aan 'n aantal personeellede van Noordwes Koöperasie voorgelê ten einde die verstaanbaarheid en vertolking van die vrae te toets.

Ontleding van die respons by die voortoetsingsfase het die belangrikste veranderlikes uitgelig waaroor die menings van 'n verteenwoordigende steekproef van graanprodusente doelmatig getoets kan word. Uit die resultate van die voortoetsing is ook 'n aanduiding verkry van die tydsduur wat deur respondente benodig word om hul respons te lewer. Die enkele vrae wat wel probleme

opgelewer het, is geherstruktureer en die opnamevraelys is daarna verfyn en in die finale formaat opgestel.

Die opnamevraelys dek twee hoofafdelings, naamlik:

(1) Gestruktureerde vrae ten einde agtergrondinligting oor die respondente te bekom vir klassifisering van respondente in onderskeibare respondentprofiele.

(2) Meningsvrae gekoppel aan 'n responsskaal vir die toetsing van respondente se menings oor die volgende aangeleenthede:

- Spesifieke behoeftes van graanprodusente in verband met geleenthede en bedreigings wat deur koöperasie as mededingingstrategie aangespreek kan word ten einde graanprodusente se individuele en kollektiewe strategiese belange te bevorder;
- noodsaaklikheid daarvan om aan gesamentlike ondernemings deel te neem;
- die toepassing van koöperasiebeginsels deur koöperasies; en
- afwykings in die toepassing van koöperasiebeginsels deur die koöperasies.

Die opnamevraelys is vervolgens aan die ondergenoemde groeperings van die bestudeerde populasie gestuur:

- Die voorsitter van elk van nege boere-unies wat in die bedieningsgebiede van die reeds genoemde drie gekose koöperasies funksioneer. Die name van die nege voorsitters van boere-unies is volgens 'n gelykkansige steekproeftrekkingsprosedure (Leedy 1989:155; Arkin 1984: 26-34) op 'n lys van 32 boereunies uitgekies. Hierdie kategorie van landbouleiers is nie formeel met die bestuur van koöperasies gemoeid nie en is nie noodwendig lede van koöperasies nie.
- 'n Steekproef van 75 koöperasielede wat in die bedieningsgebiede van die reeds genoemde drie koöperasies boer. Die name van hierdie koöperasielede is deur middel van 'n gelykkansige monstertrekkingsprosedure (Leedy 1989:155; Arkin 1984:26-34) op die ledelyste van die genoemde drie koöperasies gekies. Die name van graanprodusente wat moontlik nie meer lede van die koöperasies is nie, verskyn in sommige gevalle ook op die lyste. Die moontlikheid dat die name van die laasgenoemde produsente in die steekproeftrekkingsproses uitgekies kon word, kan daartoe bydra dat die respons wat ontvang word 'n balans tussen die menings van koöperasielede en nie-lede kan weerspieël. Die steekproef van 25 lede per koöperasie stel nie 'n volledige verteenwoordiging van die koöperasies se ledetal daar nie, omdat dit nie 'n oogmerk van die studie is om die sienings van die respondente van die verskillende koöperasies onderling te vergelyk ten einde byvoorbeeld persepsies oor koöperasie as 'n mededingingstrategie op 'n streeksgrondslag te toets nie.

Die respons wat deur middel van die finale opnamevraelyste verkry is, is ontleed waarna gevolgtrekkings gemaak en 'n verslag oor die resultate van die studie opgestel is.

### 4.4.5 Die responskoers

Die responskoers wat by die bestudeerde populasie verkry is, word in tabel 4.1 uiteengesit.

Tabel 4.1: DIE RESPONSKOERS VAN 'N STEEKPROEF VAN DIE BESTUDEERDE POPULASIE

| BESTUDEERDE POPULASIES | POSVRAELYSTE | | RESPONS-KOERS (%) |
|---|---|---|---|
| | UIT | IN | |
| Voorsitters: Boere-unies | 9 | 6 | 67% |
| Noordwes Koöperasie Beperk | 25 | 10 | 40% |
| Sentraalwes (Koöperatief) Beperk | 25 | 10 | 40% |
| Suidwes Koöperasie Beperk | 25 | 13 | 52% |
| TOTAAL | 84 | 39 | 46% |

Hoewel 'n veel hoër responkoers wenslik sou wees, voldoen die responskoers (46%) aan die aanvaarde kriterium van 20 tot 40 persent responskoers wat vir posvraelyste geld (Universiteit van Suid-Afrika 1986:79; Nel et al 1988:186-188).

## 4.5 DIE AARD EN OMVANG VAN DIE STATISTIESE VERWERKING

Die opnamevraelys is só ontwerp dat data oor die gekose veranderlikes ingewin kon word in 'n formaat wat die indeling en uitbeelding van die data in kategorie- of groepindelings moontlik maak (Leedy 1989:304&305). Die betrokke veranderlikes is dus so gekies en gehanteer dat die data slegs diskrete waardes kon aanneem. Die skaal van meting van die betrokke tipe veranderlikes is onbeperk en kan nominaal (waargenome waardes nie vooraf tot sekere kategorieë beperk nie) (Nel, Rädel & Loubser 1988:373), ordinaal (waargenome waardes vooraf tot bepaalde kategorieë beperk) of in intervalle (waargenome waardes op 'n voorafbepaalde skaal ingedeel) uitgedruk word (Nel et al 1988:369). Voorbeelde van die veranderlikes wat vir die doeleindes van hierdie studie op hierdie wyse hanteer kan word, is data oor die frekwensie van respons op spesifieke vrae; groottes van meetbare fenomene, soos die omvang van persepsies oor spesifieke beginsels; of plaasgroottes; of tonnemaat van produkte wat geproduseer word. Hierdie tipe data (kategoriese data) spruit gewoonlik voort uit waarnemings wat op 'n aantal subjekte; of onderwerpe; of proefpersone toegepas word.

Ontleding van die opnamerespons is met behulp van die Statistical Analyses System (SAS)-program op rekenaarfasiliteite (Leedy 1989:34&35) uitgevoer. As eerste stap is die respondente deur middel

van frekwensie-analises aan die hand van hul demografiese eienskappe in tipiese verteenwoordigende studieprofiele ingedeel. Die profiele is met die onderskeie studievelde (veranderlikes) gekoppel en in tweerigtingtabelle uitgebeeld. Vir elke profiel is een tabel geproduseer waarin die frekwensies van keuses wat die respondente uitgeoefen het, uitgebeeld word.

As 'n tweede stap is Chi-kwadraattoetsing gebruik om die hipoteses (kyk paragraaf 1.6) te toets.

## 4.6 DIE STRUKTUUR WAARVOLGENS DIE RESULTATE BESPREEK WORD

Die resultate van die empiriese ondersoek na koöperasie as mededingingstrategie vir graanprodusente, 1995, geskied in die volgende raamwerk:

- Die demografiese- of agtergrondkenmerke van die respondente.
- Respondente se siening oor die die noodsaaklikheid om te koöpereer.
- Respondente se mening oor deelname aan gesamentlike ondernemings vir mededinging in die mark.
- Respondente se mening oor die toepassing van koöperasiebeginsels as mededingingstrategie.
- Die persepsie van die respondente rakende die funksionering van koöperasies vir die toepassing van die koöperasiebeginsels.

Die resultate word deur kommentaar en gevolgtrekkings toegelig en word visueel deur tabelle en staafkaarte geïllustreer (Nel et al 1988:338,346,421&434).

## 4.7 SAMEVATTING

Literatuur waarin die geskiedenis van koöperasie as mededingingstrategie beskryf word, is bestudeer ten einde 'n oorsig te verkry van die belangrikste oorwegings en faktore wat individue daartoe bring om koöperasie as 'n mededingingstrategie aan te wend. Dit blyk dat unieke ondernemings, wat koöperasies genoem word, opgerig word as uitvloeisel uit die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie, soos reeds gemeld. Inligting wat deur middel van die literatuurstudie verkry is, is aangewend ten einde 'n opnamevraelys te ontwerp waarmee die persepsies van 'n steekproef van graanprodusente oor die aard van koöperasiebeginsels, en die toepassing van koöperasiebeginsels, bepaal kan word.

Die lede van drie koöperasies in Noordwes Provinsie is as teikenpopulasie by die empiriese ondersoek betrek. Hierdie drie koöperasies is in alfabetiese volgorde:

- Noordwes Koöperasie Beperk met die hoofkantoor op Lichtenburg in Noordwes Provinsie.
- Sentraalwes (Koöperatief) Beperk met die Hoofkantoor op Klerksdorp in Noordwes Provinsie.
- Suidwes Koöperasie Beperk met die hoofkantoor op Leeudoringstad in Noordwes Provinsie.

Die besluit om die lede/eienaars van die genoemde drie koöperasies by die empiriese studie te betrek, berus op die vergelykende belangrikheid van die betrokke graanprodusente se bydraes tot die totale bruto boerderyinkomste van die land.

Die teikenpopulasie wat by hierdie studie betrek is, bestaan uit ongeveer 18 500 koöperasielede. Daar kan aangeneem word dat dit 'n kenmerk van die teikenpopulasie is om te koöpereer. Aangesien die oorwig van die teikenpopulasie op 'n formele basis aan koöperasies behoort, kan daar ook aangeneem word dat dit 'n kenmerk van die teikenpopulasie is om aan gesamentlike ondernemings deel te neem. Dit kan voorts aangeneem word dat die teikenpopulasie koöperasie as 'n geskikte mededingingstrategie beskou.

Die teikenpopulasie wat vir die doeleindes van hierdie studie bestudeer is, woon op verskillende plekke in 'n uitgestrekte geografiese gebied. Die fisiese afstande waaroor die bestudeerde populasie bereik moes word, het daartoe gelei dat dataversameling volgens die opnamemetode uitgevoer is. Die opnamevraelyste is per pos aan die bestudeerde populasie bedien.

Die vrae in die opnamevraelys is op 'n gestruktureerde wyse aangebied, op so 'n wyse dat sydigheid vermy word. Die opnamevraelys dek twee hoofafdelings, naamlik:

- Gestruktureerde vrae ten einde agtergrondinligting oor die respondente te bekom.
- Meningsvrae gekoppel aan 'n responsskaal vir die toetsing van respondente se menings.

Die respons wat deur middel van die finale opnamevraelyste verkry is, is ontleed om gevolgtrekkings te maak, waarna 'n volledige verslag oor die resultate van die studie opgestel is. Respons is van ongeveer 46% van die gekose steekproef verkry.

# HOOFSTUK 5
# EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE

## 5.1 INLEIDING

Die opnamevraelys is bedien aan graanprodusente in die operasionele gebiede van drie koöperasies, Noordwes Koöperasie Beperk, Sentraalwes (Koöperatief) Beperk en Suidwes Koöperasie Beperk. Die vrae wat in die opnamevraelys opgeneem is, dek in hooftrekke die volgende aangeleenthede:

- Agtergrondsvrae ten einde respondente se profiele te ontleed.
- Graanprodusente se siening oor die noodsaaklikheid daarvan om te koöpereer ten einde hul individuele en kollektiewe belange te bevorder.
- Graanprodusente se siening oor deelname aan gesamentlike ondernemings vir suksesvolle mededinging in die mark.
- Graanprodusente se persepsie oor die toepassing van koöperasiebeginsels as 'n geskikte mededingingstrategie.
- Graanprodusente se menings oor die funksionering van koöperasies volgens die koöperasiebeginsels.

Die respons op die opnamevraelys word hieronder ontleed, en word deur kommentaar en gevolgtrekkings toegelig. Die kommentaar word verder visueel deur tabelle en staafkaarte (Nel et al 1988: 338,346,421&434) aangevul waar nodig.

## 5.2 GROEPERING VAN RESPONS VIR ONTLEDINGSDOELEINDES TEN EINDE DIE NAVORSINGSDOELSTELLINGS NA TE STREEF

Die respons van die bestudeerde populasie word onder die volgende paragraafindelings ontleed ten einde die repons in die perspektief van die navorsingsdoelstellings te beoordeel:

- Sosio-demografiese eienskappe van die bestudeerde populasie;
- graanprodusente se menings oor die noodsaaklikheid om te koöpereer;
- graanprodusente se menings oor deelname aan gesamentlike ondernemings;
- graanprodusente se menings oor koöperasie as 'n mededingingstrategie; en
- graanprodusente se menings oor die toepassing van koöperasiebeginsels deur koöperasies.

## 5.3 SOSIO-DEMOGRAFIESE EIENSKAPPE VAN DIE BESTUDEERDE POPULASIE

### 5.3.1 AGTERGROND

Die respons van die bestudeerde populasie op vrae 1 tot 11 van die opnamevraelys is aanvanklik in 'n tabel opgesom ten einde die profiel van die bestudeerde populasie te ontleed. Die ontleding van die respons het responspatrone blootgelê wat laat blyk het dat die respons nominaal in drie groeperings ingedeel moet word aan die hand van die omvang van graanproduksie per individuele respondent (Leedy 1989:23). 'n Tweede tabel is daarna opgestel waarin die hoogste persentasie van respons per nominale indeling oor die sosio-demografiese kenmerke van die bestudeerde populasie, weergegee word (sien tabel 5.1). **Die weergawe van die respons in tabel 5.1 word onder aparte kolomopskrifte, volgens 'n nominale identifikasie vir groeperings van respondente se graanproduksie as "Groot", "Medium" en "Klein", aangebied.**

Nadat die respons in die nominale groeperings ontleed is, het dit geblyk dat die ander sosio-demografiese kenmerke van die respondente, verdere responspatrone blootlê, soos deur die persentasiemetings aangetoon. Hierdie reponspatrone lig verdere sosio-demografiese verskille tussen die respondente toe, waardeur die identifisering van respondentprofiele vergemaklik word. Die indeling van die respons in nominale groepindelings verbreed die grondslag waarop gevolgtrekkings gebaseer kan word.

**TABEL 5.1: ONTLEDING VAN DIE RESPONS TEN EINDE DIE SOSIO-DEMOGRAFIESE PROFIELE VAN RESPONDENTE UIT TE LIG AS AGTERGROND VIR VERDERE ONTLEDINGS, GEBASEER OP DIE NOMINALE INDELING VAN DIE GROEPE RESPONDENTE** (Die respons op vraag 11 was weglaatbaar klein en is nie in Tabel 5.1 opgeneem nie.)

| VRAAG | GROOT (N=9) | MEDIUM (N=16) | KLEIN (N=14) |
|---|---|---|---|
| 1. Op watter basis boer u? | 89%: Vir eie rekening (N=8) | 81%: Vir eie rekening (N=13) | 64%: Vir eie rekening (N=9) |
| 2. Besit u die grond waarop u boer? | 78%: Ja (N=7) | 62%: Ja (N=10) | 64%: Ja (N=9) |
| 3. U ouderdom? | 89%: Tussen 40 en 65 jaar oud (N=8) | 94%: Tussen 30 en 65 jaar oud (N=15) | 64%: Tussen 50 en 65 jaar oud (N=9) |
| 4. U opleidingspeil? | 78%: St. 10 (N=7) | 75%: St. 10 (N=12) | 79%: St. 10 (N=11) |
| 5. Hoelank boer u al? | 78%: 16 jaar en langer (N=7) | 75%: 16 jaar en langer (N=12) | 57%: 16 jaar en langer (N=8) |
| 6. Wat is die proporsie of belangrikheid van graanproduksie in u boerdery soos gemeet teen u totale boerderyinkomste? | 78%: Graanverbouing meer as 61% van die boerderyaktiwiteite (N=7) | 53%: Graanverbouing meer as 61% van die boerderyaktiwiteite (N=10) | 7%: Graanverbouing meer as 61% van die boerderyaktiwiteite (N=1) |
| 7. Wat was u gemiddelde inkomste uit graanverbouing oor die laaste 2 jaar waarin u graan verbou het? | 100%: Meer as R500 000 (N=9) | 100%: Meer as R200 000 maar minder as R500 000 (N=16) | 100%: Minder as R200 000 (N=14) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8. Hoe bemark u die graan wat u verbou het? | 56%: Lewer alle graan aan 'n koöperasie (N=5) | 69%: Lewer alle graan aan 'n koöperasie (N=11) | 57%: Lewer alle graan aan 'n koöperasie (N=8) |
| 9. Is u, of was u lid van 'n koöperasie? | 100%: Ja (N=9) | 100%: Ja (N=16) | 93%: Ja (N=13) |
| 10. Hoe lank is u reeds lid van 'n koöperasie? | 89%: Langer as 21 jaar (N=8) | 56%: Langer as 21 jaar (N=9) | 50%: Langer as 21 jaar (N=7) |

Die ontleding in tabel 5.1 toon opmerklike persentasieverskille tussen die kenmerke van die respondente volgens die indeling in die groepe "Groot", "Medium" en "Klein". 'n Oorsig van die opsomming in Tabel 5.1 lei tot die volgende waarnemings van die ooglopendste verskille tussen die kenmerke van die respondente, gegrond op die persentasiemetings:

– Profiel van die "Groot" graanprodusente

- Persentasiegewys, boer die meeste van die "Groot" graanprodusente vir eie rekening.
- 'n Belangrike persentasie van die "Groot" graanprodusente het besitreg op die grond waarop geboer word.
- Graanverbouing vorm persentasiegewys vir die "Groot" graanprodusente die belangrikste deel van hul boerderye.
- Alle "Groot" graanprodusente verdien meer as R500 000 uit graanverbouing.
- "Groot" graanprodusente is tot 'n groot mate lede van koöperasies.
- "Groot" graanprodusente behoort vir die langste tydperke van die drie nominale groeperings van respondente, aan koöperasies.
- "Groot" graanprodusente benut tot 'n groot mate ander kanale vir die bemarking van graan, buite die kanale wat koöperasies bied.

Die eerste vier waarnemings met betrekking tot die profiel van "Groot" graanprodusente verskaf aanduidings van die profielaspekte wat vergelykenderwys daartoe lei dat hierdie groep graanprodusente nominaal as "Groot" getipeer word. Dit blyk verder dat die "Groot" graanprodusente die voordele van koöperasie wil benut, soos blyk uit hul prominente lidmaatskap van koöperasies (die vyfde en sesde waarnemings). Ten spyte van hierdie prominente ondersteuning van koöperasie, benut die "Groot" graanprodusente in 'n belangrike mate bemarkingsgeleenthede buite-om die koöperasieopset. Hierdie waarneming met betrekking tot die profiel van "Groot" graanprodusente dien as illustrasie van die Steenkampkommissie (1967: 70) se bevinding dat kapitaalkragtige individue moeilik aan koöperasiebeginsels gebind word. Die lojaliteit van die "Groot" graanprodusente jeens koöperasie, en ook hul koöperasies, kan dus bevraagteken word.

– Profiel van die "Medium" respondente

- "Medium" graanprodusente boer byna tot dieselfde mate vir eie rekening as wat die geval is met "Groot" graanprodusente.
- "Medium" graanprodusente het tot 'n mindere mate besitreg op die grond waarop geboer word soos gesien teenoor die "Groot" graanprodusente.
- "Medium" graanprodusente bedryf tot 'n groot mate gemengde boerderye.
- "Medium" graanprodusente verdien meer as R200 000, maar minder as R500 000, uit graanboerdery.
- "Medium" graanprodusente behoort net soos die "Groot" graanprodusente tot 'n groot mate aan koöperasies.
- "Medium" graanprodusente benut, vergelykenderwys, tot die grootste mate van die drie nominale groeperings, die bemarkingskanale wat koöperasies bied.

Die eerste vier waarnemings met betrekking tot die profiel van "Medium" graanprodusente verskaf aanduidings van die profielaspekte wat vergelykenderwys daartoe lei dat hierdie groep graanprodusente nominaal as "Medium" getipeer word. Die laaste twee waarnemings met betrekking tot die profiel van "Medium" graanprodusente dien as 'n aanduiding dat die <u>"Medium" graanprodusente</u>, in vergelyking met die ander twee nominale groeperings van respondente, die <u>grootste lojaliteit</u> teenoor koöperasie, en hul koöperasies, toon.

– Profiel van die "Klein" respondente

- "Klein" graanprodusente boer persentasiegewys tot die kleinste mate vir eie rekening soos gesien teenoor die ander twee nominale groeperings van respondente.
- "Klein" respondente het net soos die "Medium" graanprodusente tot 'n mindere mate besitreg op die grond waarop geboer word.
- Graanverbouing vorm vir die "Klein" graanprodusente 'n onbelangrike deel van hul boerderye en hulle verdien minder as R200 000 uit graanverbouing.
- "Klein" graanprodusente is tot 'n groot mate lede van koöperasies en behoort vir redelike lang tydperke aan koöperasies.
- "Klein" graanprodusente benut net soos "Groot" graanprodusente, tot 'n groot mate ander kanale vir die bemarking van graan, buite die kanale wat koöperasies bied.

Die eerste drie waarnemings met betrekking tot die profiel van "Klein" graanprodusente verskaf aanduidings van die profielaspekte wat vergelykenderwys daartoe lei dat hierdie groep graanprodusente nominaal as "Klein" getipeer word. Uit die laaste twee waarnemings met

betrekking tot die profiel van "Klein" graanprodusente blyk dit dat die "Klein" graanprodusente ook die voordele van koöperasie wil benut, maar tog tot 'n groot mate bemarkingsgeleenthede buite-om die koöperasie se graanbemarkingsopset benut. Die lojaliteit van "Klein" graanprodusente jeens koöperasie, en hul koöperasies, kan dus bevraagteken word.

**5.3.2 Gevolgtrekkings oor die kenmerke van graanprodusente, met strategiese implikasies ten opsigte van graanprodusente se markdeelname**

Dit blyk dat die meeste graanprodusente, ongeag die omvang van individuele graanprodusente se graanverbouing, vir hul eie rekening boer en 'n belangrike persentasie van die graanprodusente ook die grond besit waarop hulle boer. 'n Gevolgtrekking kan dus na aanleiding van die peil van grondbesitreg van graanprodusente gemaak word dat die meerderheid van graanprodusente op individuele grondslag boer en dat ander vorme van boerderyondernemings, soos vennootskappe en maatskappye, nie 'n prominente aandeel in die graanproduksiebedryf het nie. Hierdie gevolgtrekking staaf die gevolgtrekking van die SSD, soos aangehaal in paragraaf 4.3.1.

Koöperasies moet daarmee rekening hou dat hul ondernemingsbedrywighede steeds op dienslewering aan 'n getal individuele persone met individuele behoeftes, en nie op enkele regspersone, soos maatskappye, gerig moet wees nie.

Die graanprodusente wat volgens die ontleding in tabel 5.1 in die groepe "Groot" en "Medium" ingedeel is, kan nie as "oud" getipeer word nie. Die meerderheid van graanprodusente is ook ten minste tot op matriekvlak geletterd. Die graanprodusente sal waarskynlik vir lang tydperke in die toekoms nog boer en sal daarom van marktendense en ander aangeleenthede wat op graanproduksie betrekking het, kennis neem ten einde hulleself voor te berei om steeds suksesvol te kan bly voortbestaan.

Graanprodusente sal dus neig om "moderne" metodes en bestuurspraktyke te volg. In 'n ander studie is soortgelyke bevindings gemaak met betrekking tot die ouderdomsgroepering van boere en die vlak van akademiese opleiding van boere (Marais 1989:171&252).

Dit blyk ten slotte dat die "Medium" graanprodusente persentasiegewys die grootste mate van lojaliteit teenoor hul koöperasies toon en dus die steunpilare van hul koöperasies is. Koöperasies kan dus die sterkste fokus vir bemarkingsaksies op die "Medium" graanprodusente rig. Dit blyk dat koöperasies steeds 'n prominente rol te speel het vir produsente oor die wye spektrum van graanproduksieaktiwiteite. Koöperasies moet egter vir suksesvolle voortbestaan aandag skenk aan twee potensiële ontwikkelingsterreine, naamlik verskerping van hul aktiwiteite op die bemarkingsgebied

en uitbreiding van dienslewering om die lojaliteit van produsente wat gemengde boerderye bedryf, uit te brei.

## 5.4 GRAANPRODUSENTE SE MENINGS OOR DIE NOODSAAKLIKHEID OM TE KOÖPEREER

Graanprodusente se menings oor die noodsaaklikheid om te koöpereer is aan hand van vrae 12; 13; 14; 15; en 20 van die opnamevraelys, met onderverdelings by elke vraag, getoets. Die patrone wat die persentasiemetings vertoon verskaf 'n aanduiding van graanprodusente se persepsie oor geleenthede en bedreigings in die mark. **Die respons op vraag 15(a) is verder ook aan Chi-kwadraattoetsing onderwerp ten einde subhipotese 1 te toets.** Die respons word hierna per vraag afsonderlik, met elke vraag se onderverdelings, ontleed.

### 5.4.1 Vraag 12: Meen u dat graanprodusente, as enkelinge, 'n swak mededingingsposisie in die mark het?

By hierdie vraag is vier stellings aangebied ten einde respondente die geleentheid te gee om verskillende fasette van die vraag te oorweeg. Respons op hierdie vraag kan 'n aanduiding verskaf of die respondente enigsins hul mededingingsposisie in die mark onder oë neem. Hoë persentasies respons kan vertolk word as aanduidings dat die betrokke respondente hierdie vraag teen die agtergrond van hul individuele mededingingsposisie beoordeel. Respons op hierdie vraag word in tabel 5.2 ontleed en gevolgtrekkings uit die ontleding in die tabel kan as agtergrond dien vir die toets van subhipotese 1.

**TABEL 5.2: GRAANPRODUSENTE SE PERSEPSIE VAN HUL MEDEDINGINGSPOSISIE IN DIE MARK**


| STELLING | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|
| Graanprodusente het nie 'n swak mededingingsposisie in die mark nie | 78%: Stem nie saam nie n=7 | 69%: Stem nie saam nie n=11 | 50%: Stem nie saam nie n=7 |
| Graanprodusente word deur verskaffers en graankopers in die mark uitgebuit | 78%: Stem saam n=7 | 81%: Stem saam n=13 | 79%: Stem saam n=10 |
| Graanprodusente se bedingingsmag is te klein om goeie pryse vir hul produkte te behaal | 100%: Stem saam n=9 | 88%: Stem saam n=14 | 64%: Stem saam n=9 |
| Graanprodusente, as enkelinge, se bedingingsmag is te klein om goeie pryse vir die aankoop van boerderybenodigdhede te bewerkstellig | 89%: Stem saam n=8 | 81%: Stem saam n=13 | 93%: Stem saam n=13 |

Daar bestaan opsigtelike verskille tussen die menings van die "Groot", "Medium" en "Klein" graanprodusente met betrekking tot hul medediginsposisie in die mark. Die "Groot" graanprodusente voel dat hul mededingingsposisie in die mark kwesbaar is. Die "Medium" graanprodusente deel in

'n mindere mate die siening van die "Groot" graanprodusente. Die "Klein" graanprodusente is verdeeld in hul siening van hul eie mededingingsposisie in die mark.

Die hoë persentasies respons dui daarop dat graanprodusente wel hul eie mededingingsposisie in die mark onder oë neem. Indien graanprodusente dus bedag is op hul mededingingsvermoë kan dit aangeneem word dat hulle wel aandag sal skenk aan strategieë om hul mededingingsposisie te optimaliseer. Hierdie gevolgtrekkings kan soos in figuur 5.1 grafies voorgestel word:

Figuur 5.1: **GRAANPRODUSENTE HET NIE 'N SWAK MEDEDINGINGSPOSISIE IN DIE MARK NIE**




### 5.4.2 Vraag 13: Meen u daar bestaan onderlinge mededinging by graanprodusente waardeur hul mededingingsposisie benadeel word?

Respons op hierdie vraag verskaf 'n aanduiding van graanprodusente se oriëntasie ten opsigte van die dinamiek van hul individuele markoptredes. Die respons op hierdie vraag word in tabel 5.3 ontleed. Gevolgtrekkings wat uit die ontleding gevorm word kan 'n aanduiding verskaf of graanprodusente bedreigings in mekaar se markoptredes sien.


**TABEL 5.3: GRAANPRODUSENTE SE PERSEPSIE VAN ONDERLINGE MEDEDINGING**

| STELLING | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|
| Graanprodusente ondersteun mekaar en skakel onnodige mededinging uit | 44%: Stem saam n=4 | 56%: Stem saam n=9 | 56%: Stem saam n=8 |
| Ongesonde onderlinge mededinging word deur die vryemarkbedeling vererger | 44%: Stem saam n=4 | 50%: Stem saam n=8 | 50%: Stem saam n=7 |
| Die toetrede van 'n groot aantal "nuwe" graanprodusente tot die mark kan veroorsaak dat graanprodusente se mededingingsposisie verswak word | 44%: Stem saam n=4 | 69%: Stem saam n=11 | 57%: Stem saam n=9 |
| Die onderlinge mededinging by graanprodusente het nie 'n beduidende invloed op hul bedingingsmag in die mark nie | 56%: Stem saam n=5 | 50%: Stem saam n=8 | 50%: Stem saam n=7 |
| Die vryemarkbedeling wat tans heers, verbeter graanprodusente se bedingingsmag en verminder ongesonde mededinging | 22%: Stem saam n=2 | 56%: Stem saam n=9 | 44%: Stem saam n=6 |

Die opsomming van die respons in tabel 5.3, toon, met enkele uitsonderings, nie groot persentasieafwykings in die respons op die verskillende vrae nie. Die enkele uitsonderings is soos volg:

- Dit blyk dat "Groot" graanprodusente meer bedag is op die invloed wat onderlinge mededinging en die vryemarkbedeling op markkragte kan uitoefen, teenoor die neutrale mening van die "Medium" en "Klein" graanprodusente.
- Die "Medium" en "Klein" graanprodusente huldig 'n meer buigsame benadering jeens die vryemarkbedeling. Hierdie gevolgtrekkings word in die grafiese voorstelling in figuur 5.2 uitgebeeld.

**Figuur 5.2: DIE VRYEMARKBEDELING WAT TANS HEERS, VERBETER GRAANPRODUSENTE SE BEDINGINGSMAG EN VERMINDER ONGESONDE MEDEDINGING**



Die bostaande responsontledings lewer nie 'n betroubare grondslag vir opklaring van die vraag of die uitskakeling van ongesonde onderlinge mededinging 'n verdere beginsel vir koöperasie daarstel nie. Die resultaat van die ontledings in paragraaf 5.4.4 oor die bewussyn van graanprodusente dat hulle moet koöpereer, toon dat onderlinge mededinging nie ernstige oorweging onder graanprodusente geniet nie.

### 5.4.3 Vraag 14: Kan graanprodusente se mededingingsposisie deur koöperasie (spesiale soort samewerking) verbeter word?

Hierdie vraag is in sewe dele onderverdeel ten einde die respondente die geleentheid te gun om die volle implikasie van koöperasie te oorweeg. Die respons op die vraag met onderverdelings word in tabel 5.4 ontleed. Hoë persentasies respons kan daarop dui dat graanprodusente doelbewuste aandag aan koöperasie onder graanprodusente skenk.

**TABEL 5.4: GRAANPRODUSENTE SE PERSEPSIE OOR DIE VERBETERING VAN HUL MEDEDINGINGSPOSISIE DEUR KOÖPERASIE**

| STELLING | | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|---|
| (a) | Onderlinge samewerking kan stabiliteit en oorlewing vir individuele boerderyondernemings verseker | 100%: Stem saam n=9 | 100%: Stem saam n=16 | 86%: Stem saam n=12 |
| (b) | Koöperasie onder graanprodusente moet selektief plaasvind sodat graanprodusente wat natuurlikerwys met mekaar skakel, mekaar kan ondersteun | 78%: Stem saam n=7 | 94%: Stem saam n=15 | 79%: Stem saam n=11 |
| (c) | Graanprodusente het koöperasie (spesiale samewerking) nie nodig nie | 78%: Stem nie saam nie n=7 | 94%: Stem nie saam nie n=15 | 86%: Stem nie saam nie n=12 |
| (d) | Verskille in graanprodusente se omstandighede maak koöperasie moeilik haalbaar | 56%: Stem saam n=5 | 50%: Stem saam n=8 | 50%: Stem saam n=7 |
| (e) | Graanprodusente wil nie koöpereer (spesiale samewerking) nie | 78%: Stem nie saam nie n=7 | 93%: Stem nie saam nie n=15 | 50%: Stem nie saam nie n=7 |
| (f) | Die huidige vryemarkbedeling maak koöperasie (spesiale samewerking) onmoontlik | 100%: Stem nie saam nie n=9 | 69%: Stem nie saam nie n=11 | 57%: Stem nie saam nie n=8 |
| (g) | Die huidige vryemarkbedeling maak koöperasie oorbodig | 100%: Stem nie saam nie n=9 | 94%: Stem nie saam nie n=15 | 79%: Stem nie saam nie n=11 |

Die respons op die positiewe stelling in deel (a) van die vraag toon met hoë positiewe persentasies dat graanprodusente sterk ten gunste van onderlinge samewerking is ten einde hul ekonomiese oorlewing te verseker. Die hoë persentasies van respons wat nie saamstem met die negatiewe stellings (c), (e) en (g) van die vraag nie, kan as 'n beaming van die positiewe respons op stelling (a) gesien word. Graanprodusente is dus ten gunste van koöperasie om hul mededingingsposisie te verbeter. Die respons op stellings (b), (d) en (f) van die vraag wat handel oor faktore wat koöperasie kan beïnvloed, toon opsigtelike benaderingsverskille. Hierdie benaderingsverskille jeens die fak-

tore wat koöperasie kan beïnvloed, doen nie afbreuk aan die positiewe mening rondom die belangrikheid van koöperasie as sodanig nie. Die hoofbesture van koöperasies moet hierdie benaderingsverskille inagneem wanneer strategiese beplanning oor die bestuur van hul koöperasies aandag geniet ten einde te veseker dat daar in die behoeftes van die koöperasielede voldoen word.

'n Teenvraag oor ander ondernemingsvorme, wat nie koöperasies is nie, om graanprodusente se belange te bevorder word later in hierdie studie onder die loep geneem.

**5.4.4 <u>Vraag 15</u>: Meen u dat koöperasie (spesiale samewerking) onder graanprodusente, en koöperasies as produsenteondernemings, 'n rol kan speel om die belange van graanprodusente te bevorder?**

Hierdie vraag is in vier stellings onderverdeel ten einde die respondente die geleentheid te gun om die volle implikasie van die vraag te oorweeg. Die respons op die vraag, met onderverdelings, word in tabel 5.5 ontleed.

**TABEL 5.5: GRAANPRODUSENTE SE PERSEPSIE VAN MOONTLIKHEDE DAT KOÖPERASIE GRAANPRODUSENTE SE BELANGE KAN BEVORDER**

| STELLING | | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|---|
| (a) | 'n Graanprodusent kan sy eie belange onafhanklik van ander graanprodusente behartig en het nie koöperasie nodig nie | 78%: Stem nie saam nie n=7 | 69%: Stem nie saam nie n=11 | 71%: Stem nie saam nie n=10 |
| (b) | 'n Koöperasie kan belangrike insette lewer om insetkoste laag te hou | 100%: Stem saam n=9 | 94%: Stem saam n=15 | 100%: Stem saam n=14 |
| (c) | 'n Koöperasie kan belangrike insette lewer om produksiekoste laag te hou | 94%: Stem saam n=15 | 93%: Stem saam n=13 | 100%: Stem saam n=9 |
| (d) | Koöperasie kan veroorsaak dat graanprodusente hul onafhanklikheid verloor | 89%: Stem nie saam nie n=8 | 56%: Stem nie saam nie n=9 | 64%: Stem nie saam nie n=9 |

Die hoë persentasie respons wat nie met stelling (a) saamstem nie toon dat graanprodusente van mening is dat hul heil in koöperasie lê. Hierdie gevolgtrekking ondersteun die gevolgtrekking in paragraaf 5.4.3 oor die positiewe ingesteldheid van graanprodusente teenoor koöperasie ten einde hul kollektiewe belange te bevorder. Vraag (a) is aan Chi-kwadraattoetsing onderwerp, soos reeds gemeld, ten einde subhipotese 1 te toets (Nel et al 1988:373-378).

Ho 1: Daar is geen neiging van voorkeure onder graanprodusente op die vraag of hulle van mening is dat hulle hul eie belange kan behartig en nie koöperasie nodig het nie.

$$\chi^2 = 8,526 \succ \chi^2_{0,95} = 3,841 \ (\alpha = 0,05)$$

Ho 1 word dus verwerp. Daar is 'n neiging in graanprodusente se voorkeure. Uit die data blyk dit duidelik dat graanprodusente van mening is dat hulle nie hul eie belange kan behartig nie en dat hulle moet koöpereer. Subhipotese 1 word aanvaar en die betrokke subdoelstelling is dus bereik.

Die respons op stellings (b) en (c) dui daarop dat graanprodusente hoë verwagtings koester oor wat koöperasie vir hulle kan meebring. Die "Groot" graanprodusente sien nie 'n bedreiging daarin dat graanprodusente hul onafhanklikheid kan inboet wanneer hulle koöpereer nie. Die "Medium" en "Klein" graanprodusente is minder gerus oor die moontlikheid dat hulle hul onafhanklikheid as ondernemers kan verloor.

### 5.4.5 <u>Vraag 20</u>: Meen u dat maatskaplike hervorming/ontwikkeling van graanprodusente as een van die doelwitte van koöperasie gesien moet word?

Hierdie vraag is in vyf dele onderverdeel ten einde respondente se persepsie van verskillende aspekte van maatskaplike hervorming en ontwikkeling van graanprodusente te toets. Die respons op die vraag, met onderverdelings, word in tabel 5.6 ontleed.

**<u>TABEL 5.6</u>: GRAANPRODUSENTE SE PERSEPSIE VAN MAATSKAPLIKE HERVORMING EN ONTWIKKELING VAN GRAANPRODUSENTE**

| STELLING | | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|---|
| (a) | Maatskaplike hervorming val buite die werkterrein van graanprodusente | 44%: Stem saam n=4 | 69%: Stem saam n=11 | 64%: Stem saam n=9 |
| (b) | Graanprodusente het nie 'n behoefte aan maatskaplike hervorming nie | 56%: Stem nie saam nie n=5 | 44%: Stem nie saam nie n=7 | 64%: Stem nie saam nie n=9 |
| (c) | Die staat moet verantwoordelikheid neem vir die ontwikkeling van graanprodusente wat 'n behoefte aan ontwikkeling het | 56%: Stem nie saam nie n=5 | 56%: Stem nie saam nie n=9 | 29%: Stem nie saam nie n=10 |
| (d) | Graanprodusente wat 'n behoefte aan ontwikkeling het, moet vir hul eie ontwikkeling verantwoordelikheid neem | 78%: Stem saam n=7 | 69%: Stem saam n=11 | 64%: Stem saam n=9 |
| (e) | Onbeperkte ontwikkeling van bykomende graanprodusente kan die vlak van nadelige mededinging nog verder verhoog | 44%: Stem saam n=4 | 50%: Stem saam n=8 | 57%: Stem saam n=8 |

Die redelike middelmatige persentasiemetings van die respons op stellings (a) en (b) dui daarop dat graanprodusente nie 'n groot behoefte met betrekking tot hervorming en ontwikkeling ervaar nie. Die persentasies van respons met betrekking tot stellings (c) en (d) kan vertolk word as sou graanprodusente nie met hervormings- en ontwikkelingsaksies belas wil wees nie. Hierdie gevolgtrekking word ondersteun deur die neutrale respons op stelling (e).

## 5.5 GRAANPRODUSENTE SE MENINGS OOR DEELNAME AAN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

### 5.5.1 Vraag 18: Gee u mening oor die rol wat koöperasie kan speel om aan die behoeftes van graanprodusente te voldoen

Die vraag oor graanprodusente se persepsie van die rol wat koöperasie kan speel om aan die behoeftes van graanprodusente te voldoen, is in nege stellings verdeel ten einde die respondente in die posisie te stel om die volle implikasie van die vraag te oorweeg. Respons op hierdie vraag kan graanprodusente se behoeftes in die perspektief van die koöperasiebeginsels stel. Die respons word in tabel 5.7 ontleed.

**TABEL 5.7: GRAANPRODUSENTE SE PERSEPSIE OOR DIE MOONTLIKHEID DAT KOÖPERASIE AAN HUL BEHOEFTES KAN VOLDOEN**

| STELLING | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|
| (a) Koöperasie kan die gevolge van nadelige onderlinge mededinging verminder | 56%: Stem saam n=5 | 50%: Stem saam n=8 | 64%: Stem saam n=9 |
| (b) Koöperasie moet lei tot die oprigting van 'n volwaardige sakeonderneming wat selfstandig funksioneer | 89%: Stem saam n=6 | 56%: Stem saam n=9 | 50%: Stem saam n=7 |
| (c) Koöperasie kan daartoe bydra om graanprodusente teen kapitalistiese praktyke te beskerm en moet doelbewus daarop gerig wees om almal op gelyke basis te stel | 89%: Stem saam n=8 | 88%: Stem saam n=14 | 88%: Stem saam n=14 |
| (d) Koöperasie kan daartoe bydra om spesifieke voordele vir graanprodusente te bewerkstellig wat nie op 'n ander wyse bewerkstellig kan word nie | 100%: Stem saam n=9 | 100%: Stem saam n=16 | 93%: Stem saam n=13 |
| (e) Koöperasie moet spesifieke bydraes lewer vir die ontwikkeling van graanprodusente | 100%: Stem saam n=9 | 88%: Stem saam n=14 | 100%: Stem saam n=14 |
| (f) Koöperasie is daarop gerig om samehorigheid en gesamentlike optrede te bevorder tot voordeel van diegene wat koöpereer | 100%: Stem saam n=9 | 94%: Stem saam n=15 | 100%: Stem saam n=14 |
| (g) Koöperasie moet daarvoor voorsiening maak om diens teen die laagste moontlike koste te lewer en moet geen "winste" uit dienslewering aan graanprodusente behaal nie | 67%: Stem saam n=6 | 81%: Stem saam n=13 | 71%: Stem saam n=10 |
| (h) Koöperasie bied 'n metode om tekortkominge in die vryemarkmeganisme teen te werk, sodat die vryemarkomstandighede benut kan word | 100%: Stem saam n=9 | 88%: Stem saam n=14 | 86%: Stem saam n=12 |
| (i) Koöperasie is 'n verouderde begrip en kan geen rol meer speel om die belange van graanprodusente te bevorder nie. | 100%: Stem nie saam nie n=9 | 88%: Stem nie saam nie n=14 | 71%: Stem nie saam nie n=10 |

Die respons met betrekking tot die stelling (a) toon dat graanprodusente onseker is oor die gevolge van onderlinge mededinging ten opsigte van graanprodusente se markoptrede. Hierdie gevolgtrekking ondersteun die soortgelyke gevolgtrekking in paragraaf 5.4.2. Die respons op stelling (b) toon

dat daar 'n redelike verdeeldheid onder graanprodusente bestaan oor die verwagting dat koöperasie moet lei tot die oprigting van 'n volwaardige sakeonderneming. Graanprodusente se ervaring is dat koöperasies nie toegelaat word om werklik onafhanklik te funksioneer nie, soos dit deur die literatuurstudie na vore gebring is. Koöperasies se onafhanklikheid is as gevolg van institusionele voorskrifte benadeel.

Vraag (b) is verder ook aan Chi-kwadraattoetsing onderwerp ten einde subhipotese 2 te toets.

Ho 2: Daar is geen neiging van voorkeure onder graanprodusente op die vraag of hulle van mening is dat hulle hul eie belange kan behartig en nie koöperasie nodig het nie.

$\chi^2 = 25{,}972 > \chi^2_{0,95} = 3{,}841$ ($\propto = 3{,}841$)

Ho 2 word dus verwerp. Daar is 'n neiging in graanprodusente se voorkeure. Uit die data blyk dit duidelik dat graanprodusente van mening is dat koöperasie moet lei tot die oprigting van 'n volwaardige sake-onderneming wat selfstandig funksioneer. Subhipotese 2 word aanvaar en die betrokke subdoelstelling is dus bereik.

Die hoë persentasie positiewe respons op stellings (c) en (h) dui daarop dat graanprodusente 'n behoefte daaraan het om beskerm te word teen praktyke wat soms in die kapitalistiese milieu gevolg word, wat neig om sekere deelnemers in die mark te bevoordeel. Die hoë persentasies van positiewe respons ten opsigte van stellings (d), (e) en (f) dui daarop dat die erkende koöperasiebeginsels nog sterk ondersteun word en dat die ideale wat tradisioneel aan koöperasie as 'n mededingingstrategie gekoppel is, nog aangehang word. Die hoë persentasies respons wat nie met stelling (i) saamstem nie is 'n verdere bevestiging van die gevolgtrekkings wat reeds gemaak is oor die positiewe gesindheid wat graanprodusente jeens koöperasie koester. Koöperasies moet hierdie steun vir koöperasie inagneem wanneer koöperasielede daaroor kla dat hulle nie meer ware koöperasie ervaar nie. Dit het uit die literatuurstudie geblyk dat mense, soos die graanprodusente, dikwels na koöperasie as mededingingstrategie teruggryp wanneer strawwe ekonomiese druk ervaar word.

**5.5.2 <u>Vraag 22</u>: Meen u dat die belange van graanprodusente beter bevorder kan word deur ondernemings of staatsinstellings, soos hieronder genoem, as wat die tipiese koöperasie kan doen?**

Hierdie vraag is in vyf dele onderverdeel ten einde die respondente die geleentheid te gun om verskillende fasette van die vraag te oorweeg. Die respons op die vraag, met onderverdelings, word in tabel 5.8 ontleed.

TABEL 5.8: GRAANPRODUSENTE SE PERSEPSIE VAN DIE MATE WAARIN ANDER TIPES ONDERSTEUNINGSTRATEGIEë DAARIN KAN SLAAG OM AAN DIE BEHOEFTES VAN GRAANPRODUSENTE TE VOLDOEN

| STELLING | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|
| (a) Semi-staatsinstellings met inspraak deur graanprodusente | 89%: Stem nie saam nie n=8 | 81%: Stem nie saam nie n=13 | 43%: Stem nie saam nie n=6 |
| (b) 'n Beslote korporasie waaraan graanprodusente wat noue kontak met mekaar het, kan behoort | 32%: Stem saam n=3 | 69%: Stem saam n=11 | 57%: Stem saam n=8 |
| (c) Staatsbeheer om goeie produkpryse deur wetlike voorskrifte te verseker | 100%: Stem nie saam nie n=9 | 88%: Stem nie saam nie n=14 | 57%: Stem nie saam nie n=8 |
| (d) 'n Maatskappy met onbeperkte lidmaatskap vir kapitaalgroei deur middel van dividende en 'n toename in die aandele van die onderneming | 44%: Stem nie saam nie n=4 | 62%: Stem nie saam nie n=10 | 50%: Stem nie saam nie n=7 |
| (e) Staatsdepartemente met beheer oor alle funksies van die landboubedryf sonder inspraak van boereorganisasies | 89%: Stem nie saam nie n=8 | 100%: Stem nie saam nie n=16 | 93%: Stem nie saam nie n=13 |

Die hoë persentasie van respons van "Groot" en "Medium" graanprodusente wat nie met stellings (a), (c) en (e) saamstem nie, dui daarop dat graanprodusente dit eens is oor die noodsaaklikheid daarvan dat die staat nie by die graanbedryf moet inmeng nie. Die "Klein" graanprodusente se respons toon dat hierdie groepering van graanprodusente redelik vatbaar is vir staatsbeheer oor sekere aspekte van die graanverbouingsbedryf. Die hoë persentasie negatiewe respons op stelling (e) dui egter daarop dat die staat na die mening van die "Klein" graanprodusente nie 'n oorheersende rol in die bedryf moet speel nie.

Graanprodusente sal ander tipes ondersteuningstrategieë, soos die oprigting van beslote korporasies of maatskappye tot 'n redelike mate oorweeg. "Groot" en "Klein" graanprodusente is redelik gekant teen die moontlikheid om maatskappye met kapitaalgroei as hoofoogmerk, in die graanproduksiebedryf te stig.

**5.5.3 Vraag 23: Meen u dat graanprodusente deur middel van ander ondernemingsvorme as die koöperasies moet saamwerk (nie koöpereer nie)?**

Hierdie vraag is in vyf dele onderverdeel ten einde die respondente die geleentheid te gun om die volle implikasie van die vraag te oorweeg. Die respons op die vraag, met onderverdelings, word in tabel 5.9 ontleed.

**TABEL 5.9: GRAANPRODUSENTE SE PERSEPSIE VAN MOONTLIKHEDE OM DEUR MIDDEL VAN MAATSKAPPYE OF BESLOTE KORPORASIES TE OPEREER**

| STELLING | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|
| (a) Graanprodusente moet 'n maatskappy of 'n beslote korporasie oprig om hul eie voordeel te bewerkstellig en kan van koöperasie afstand doen | 67%: Stem nie saam nie n=6 | 63%: Stem nie saam nie n=10 | 79%: Stem nie saam nie n=11 |
| (b) Graanprodusente kan op 'n informele basis met mekaar saamwerk en sodoende onnodige beperkings op besigheidsbedrywighede uitskakel | 44%: Stem nie saam nie n=4 | 56%: Stem nie saam nie n=9 | 71%: Stem nie saam nie n=10 |
| (c) Groepe graanprodusente kan beslote korporasies oprig wat as afsonderlike eenhede in die mark opereer | 78%: Stem nie saam nie n=7 | 69%: Stem nie saam nie n=11 | 79%: Stem nie saam nie n=11 |
| (d) Groter groepe graanprodusente kan deur die samevoeging van kapitaal, lewensvatbare maatskappye oprig en so hul finansiële vermoë verhoog | 67%: Stem nie saam nie n=6 | 44%: Stem nie saam nie n=7 | 57%: Stem nie saam nie n=8 |
| (e) Graanprodusente kan deur boereverenigings genoeg inligting bekom/uitruil om hul besigheidsvaardighede te verbeter en hoef nie te koöpereer nie | 78%: Stem nie saam nie n=7 | 81%: Stem nie saam nie n=13 | 86%: Stem nie saam nie n=12 |

Die hoë persentasies respons wat nie met die stellings (a) en (e) saamstem nie toon dat graanprodusente sterk teen die gedagte staan om heeltemal met koöperasie weg te doen. Die redelike hoë persentasies response wat nie met stellings (b), (c) en (d) saamstem nie toon ook dat strategieë om slegs op 'n informele basis saam te werk of om slegs op boereverenigingaktiwiteite te fokus, min steun geniet. Uit hierdie twee gevolgtrekkings kan daar ook afgelei word dat graanprodusente aan gesamentlike ondernemings wil deelneem en nog steeds ten gunste van die tradisionele koöperasiebeginsels is. Hierdie gevolgtrekking ondersteun die gevolgtrekking na aanleiding van die Chikwadraattoetsing van vraag 18(b).

## 5.6 GRAANPRODUSENTE SE MENINGS OOR KOÖPERASIE AS 'N MEDEDINGINGSTRATEGIE

### 5.6.1 Vraag 16: Kan onderlinge samewerking daartoe lei dat meer individuele graanprodusente as mededingers in die mark gevestig raak?

Hierdie vraag is in vier stellings onderverdeel sodat die respondente die verskillende fasette van onderlinge samewerking in die mark kan oorweeg. Die respons op die vraag, met onderverdelings, word in tabel 5.10 ontleed.

**TABEL 5.10: GRAANPRODUSENTE SE PERSEPSIE VAN MOONTLIKHEDE DAT ONDERLINGE SAMEWERKING GRAANPRODUSENTE SE SUKSESSE IN DIE MARK KAN BeÏNVLOED**

| STELLING | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|
| (a) Onderlinge samewerking kan daartoe lei dat graanprodusente suksesvol as 'n ekonomiese mag in die mark gevestig raak | 89%: Stem saam n=8 | 75%: Stem saam n=12 | 94%: Stem saam n=13 |
| (b) Indien graanprodusente se vermoë om die mark te beïnvloed te sterk word, kan dit nadelige gevolge vir die ekonomie inhou | 56%: Stem nie saam nie n=5 | 75%: Stem nie saam nie n=12 | 57%: Stem nie saam nie n=8 |
| (c) Graanprodusente kan nie veel doen om die mark te beïnvloed nie en onderlinge samewerking kan ook nie veel aan die situasie verander nie | 67%: Stem nie saam nie n=6 | 63%: Stem nie saam nie n=10 | 50%: Stem nie saam nie n=7 |
| (d) Kapitaalkragtige graanprodusente sal organisasies waardeur onderlinge samewerking georganiseer word oorheers en tot hul eie voordeel misbruik | 44%: Stem saam n=4 | 81%: Stem saam n=13 | 71%: Stem saam n=10 |

Die hoë persentasies respons wat stelling (a) ondersteun bevestig die ander gevolgtrekkings dat graanprodusente nog steeds die verwagting koester dat koöperasie as mededingingstrategie sterk moontlikhede bied om die bedingingsposisie van graanprodusente te bevorder. Die redelike hoë persentasies respons wat nie met stellings (b) en (c) saamstem nie, kan as ondersteuning vir die laasgenoemde gevolgtrekking dien.

Die hoë persentasies respons van die "Medium" en "Klein" graanprodusente wat met stelling (d) saamstem, dui daarop dat die betrokke graanprodusente bedreigings in die aksies van "Groot" graanprodusente sien.

**5.5.2 Vraag 17: In watter vorm moet onderlinge samewerking tussen/deur graanprodusente geskied?**

Hierdie vraag is in vyf dele onderverdeel ten einde die respondente die geleentheid te gun om die verskillende aspekte van onderlige samewerking te oorweeg. Die respons op die vraag, met onderverdelings, word in tabel 5.11 ontleed.

**TABEL 5.11: GRAANPRODUSENTE SE PERSEPSIE VAN DIE VORM WAARIN ONDERLINGE SAMEWERKING MOET GESKIED**

| STELLING | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|
| (a) Geen boere-organisasie is nodig nie - die staat moet alle landbou-aktiwiteite beheer en koördineer | 100%: Stem nie saam nie n=9 | 100%: Stem nie saam nie n=16 | 93%: Stem nie saam nie n=13 |
| (b) Graanprodusente moet koöpereer en hul koöperasies ondersteun om hul optrede in die mark te versterk | 100%: Stem saam n=9 | 94%: Stem saam n=15 | 100%: Stem saam n=14 |
| (c) Deelname aan boereverenigings/studiegroepe alleen (geen koöperasies nodig nie) | 100%: Stem nie saam nie n=9 | 94%: Stem nie saam nie n=15 | 86%: Stem nie saam nie n=12 |
| (d) Informele skakeling tussen graanprodusente om van tyd-tot-tyd strategieë vir optrede in die mark te bespreek | 67%: Stem saam n=6 | 63%: Stem saam n=10 | 93%: Stem saam n=13 |
| (e) Samewerking moet in 'n kommersiële besigheid georganiseer word wat nie soos 'n koöperasie funksioneer nie | 56%: Stem nie saam nie n=5 | 69%: Stem nie saam nie n=11 | 86%: Stem nie saam nie n=12 |

Hierdie vraag is so gestel dat benaderings oor onderlinge samewerking, wat nie noodwendig op die koöperasiebeginsels gebaseer is nie, ook oorweeg kan word. Die hoë persentasies response wat nie saamstem met stellings (a), (c) en (e) nie, kan aantoon dat graanprodusente verkies om te steun op koöperasiebeginsels vir die bevordering van hul belange in verband met graanverbouing. Hierdie gevolgtrekking ondersteun die gevolgtrekkings in paragrawe 5.4.3 en 5.4.4 waar tot die gevolgtrekking geraak is dat graanprodusente wil koöpereer ten einde hul belange te bevorder. Die hoë persentasies positiewe respons op stelling (b) toon aan dat graanprodusente koöperasie as mededingingstrategie wil toepas en hul koöperasies wil ondersteun ten einde hul strategiese belange te bevorder. Vraag (b) is verder ook aan Chi-kwadraattoetsing onderwerp ten einde subhipotese 3 te toets.

Ho 3: Daar is geen neiging van voorkeure onder graanprodusente op die vraag of hulle moet koöpereer en hul koöperasies moet ondersteun om hul markoptrede te versterk nie.

$$\chi^2 = 38,053 \succ \chi^2_{0,95} = 3,841 \; (\alpha = 0,05)$$

Ho 3 word dus verwerp. Daar is 'n neiging in graanprodusente se voorkeure. Uit die data blyk dit duidelik dat graanprodusente van mening is dat hulle moet koöpeer en hul koöperasie moet ondersteun ten einde hul markoptrede te versterk. Subhipotese 3 word aanvaar en die betrokke subdoelstelling is dus bereik.

## 5.7 GRAANPRODUSENTE SE MENINGS OOR DIE TOEPASSING VAN KOÖPERASIEBEGINSELS DEUR KOÖPERASIES

### 5.7.1 Vraag 19: Evalueer asseblief die wyse waarop die koöperasie waaraan u tans behoort (of voorheen aan behoort het) se besigheid bedryf word

Hierdie vraag dek graanprodusente se siening van die toepassing van die vier tradisionele koöperasiebeginsels (Steenkampkommissie 1967:72). Die vraag is in vier stellings onderverdeel ten einde die respondente die geleentheid te gun om die toepassing van die koöperasiebeginsels afsonderlik te oorweeg. Die respons op die vraag, met onderverdelings, word in tabel 5.12 ontleed.

**TABEL 5.12: GRAANPRODUSENTE SE MENING OOR DIE WYSE WAAROP KOÖPERASIES SE BESIGHEID BEDRYF WORD**

| STELLING | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|
| (a) Die koöperasie bedryf min of geen nie-lede besigheid | 100%: Stem nie saam nie n=9 | 81%: Stem nie saam nie n=13 | 50%: Stem nie saam nie n=7 |
| (b) Die koöperasie verdeel sy winste op grond van die omvang van besigheid wat individuele lede met hul koöperasie doen | 66%: Stem saam n=6 | 81%: Stem saam n=13 | 71%: Stem saam n=10 |
| (c) Die koöperasie beperk dividenduitbetalings | 56%: Stem saam n=5 | 63%: Stem saam n=10 | 50%: Stem saam n=7 |
| (d) Die koöperasie verplig graanprodusente nie om te koöpereer nie | 44%: Stem saam n=4 | 44%: Stem saam n=7 | 43%: Stem saam n=6 |

Hierdie vier stellings word eerstens deur middel van die respons-persentasies ontleed en tweedens is die vier stellings verder ook afsonderlik aan Chi-kwadraattoetsing onderwerp. Die data ten opsigte van die drie groepe nominale verdelings van respons is verpoel om verwerking te vereenvoudig. Die data is sodoende nog verder verwerk om tendense betekenisvol te kan identifiseer. Die verpoeling is soos volg uitgevoer:

- Respondente wat 'n vraag nie beantwoord het nie, is weggelaat in die spesifieke toets.
- Respondente wat nie 'n mening gehad het nie (waarvan daar min was) is ook weggelaat.
- Response van "Stem gedeeltelik saam" en "Stem ten volle saam" is verpoel as "Ja".
- Response van "Verskil gedeeltelik" en "Verskil ten volle" is verpoel as "Nee".

Die uitslag van die toetsing van die vier stellings is ook verpoel en is ten slotte as 'n eenheid beoordeel ten einde gevolgtrekkings te maak.

Stelling (a): Koöperasies se prestasie ten opsigte van Nie-lede besigheid

Die hoë persentasie respons van die "Groot" en "Medium" graanprodusente dui daarop dat die koöperasies in belangrike opsigte afwyk van die beginsel dat besigheid slegs met lede bedryf moet word. "Klein" produsente huldig 'n neutrale mening oor die aangeleentheid. Vraag (a) is verder ook aan Chi-kwadraattoetsing onderwerp ten einde subhipotese 4 gedeeltelik te toets.

Ho 4a: Daar is geen neiging van voorkeure onder graanprodusente op die vraag of hulle van mening is dat koöperasies min of geen nie-lede besigheid bedryf nie.

$$\chi^2 = 3,612 \succ \chi^2_{0,90} = 2,706 \ (\propto = 0,057)$$

Ho 4a word dus verwerp. Daar is 'n neiging in graanprodusente se voorkeure. Uit die data blyk dit duidelik dat graanprodusente van mening is dat koöperasies wel nie-lede besigheid bedryf. Hierdie uitslag kan die aanvaarbaarheid van subhipotese 4 negatief beïnvloed. Koöperasies pas die beginsel van die voer van besigheid slegs met lede nie toe nie.

Stelling (b): Koöperasies se prestasie ten opsigte van winsverdeling op transaksiegrondslag

Die redelike hoë persentasie respons wat met stelling (b) saamstem dui daarop dat koöperasies redelik goed presteer met betrekking tot die verdeling van winste op grond van die omvang van die besigheid wat met die koöperasie gedoen word. Vraag (b) is verder ook aan Chi-kwadraattoetsing onderwerp ten einde subhipotese 4 gedeeltelik te toets.

Ho 4b: Daar is geen neiging van voorkeure onder graanprodusente op die vraag of hulle van mening is dat koöperasies hul winste op grond van die omvang van besigheid wat individuele lede met hul koöperasies doen, verdeel nie.

$$\chi^2 = 1,985 \succ \chi^2_{0,80} = 1,642 \ (\propto = 0,162)$$

Ho 4b word dus verwerp. Daar is 'n neiging in graanprodusente se voorkeure. Uit die data blyk dit duidelik dat graanprodusente van mening is dat koöperasies wel hul winste op grond van die omvang van besigheid wat individuele lede met hul koöperasies doen, verdeel. Hierdie uitslag kan die aanvaarbaarheid van subhipotese 4 positief beïnvloed.

Stelling (c): Koöperasies se prestasie met betrekking tot die beperking van dividenduitbetalings

Die redelike lae persentasies respons wat met stelling (c) saamstem dui daarop dat graanprodusente neutrale menings huldig oor die toepassing van hierdie beginsel. Die neutraliteit kan gewyt word aan onbekendheid van dividenduitbetalings in die koöperasiemilieu aangesien die opbrengs op kapitaal in koöperasie-aandele belê, doelbewus beperk word, soos in paragraaf 2.4.3 beskryf word. Die lede kan vanweë hierdie beperking heeltemal onkundig wees oor die hantering van dividenduitbetalings omdat dividenduitbetalings 'n klein rol speel in lede se handelinge met hul koöperasies. Die betrokke koöperasielede ervaar dus nie 'n kapitaalgroei ten opsigte van hul aandele nie. Die vraag oor die beperking van dividenduitbetalings is doelbewus in die opnamevraelys opgeneem ten einde uit die respons te bepaal of koöperasies die beginsel van beperking op dividendbetalings handhaaf. Indien dividenduitbetalings 'n mindere rol speel, en dus van mindere belang is in die koöperasies se interaksie met hul lede, kan dit daarop dui dat die betrokke koöperasies hierdie beginsel handhaaf.

Vraag (c) is verder ook aan Chi-kwadraattoetsing onderwerp ten einde subhipotese 4 gedeeltelik te toets.

> Ho 4c: Daar is geen neiging van voorkeure onder graanprodusente op die vraag of hulle van mening is dat koöperasies dividenduitbetalings beperk.
>
> $\chi^2 = 1,060 \succ \chi^2_{0,95} = 3,841 \ (\alpha = 0,05)$

Ho 4c word dus aanvaar. Daar is geen neiging in graanprodusente se voorkeure nie. Uit die data blyk dit duidelik dat graanprodusente nie 'n mening kan vorm of koöperasies dividenduitbetalings beperk nie. Hierdie uitslag kan dus nie die aanvaarbaarheid, of onaanvaarbaarheid, van subhipotese 4 beïnvloed nie.

Stelling (d): Menings oor verpligte koöperasie

Graanprodusente het nie 'n duidelike persepsie van die beskrywing "verpligte koöperasie" nie aangesien verpligte koöperasie in sekere stadiums institusioneel gereël was. Daar het egter intussen veranderings in wetgewing voorgekom, soos reeds gemeld. Graanprodusente is moontlik nog nie goed ingelig oor die veranderinge wat in die institusionele omgewing voorgekom het nie, en kan dus nie 'n mening oor die aangeleentheid vorm nie.

Die institusionele omgewing waarin koöperasies figureer het al sedert die tagtiger jare verander sodat 'n vryemarkbedeling op alle terreine geld. Daar is dus geen institusionele reëling waardeur verpligte koöperasie afgedwing kan word nie.

Vraag (d) is verder ook aan Chi-kwadraattoetsing onderwerp ten einde subhipotese 4 gedeeltelik te toets.

Ho 4d: Daar is geen neiging van voorkeure onder graanprodusente op die vraag of hulle van mening is dat koöperasies graanprodusente verplig om te koöpereer nie.

$\chi^2 = 0{,}112 \succ \chi^2_{0{,}95} = 3{,}841$ ($\propto = 0{,}05$)

Ho 4d word dus aanvaar. Daar is nie 'n neiging in graanprodusente se voorkeure nie. Uit die data blyk dit duidelik dat graanprodusente nie 'n mening daaroor kan vorm of koöperasies graanprodusente verplig om te koöpeer nie. Hierdie uitslag kan dus nie 'n bydrae lewer om die aanvaarbaarheid van subhipotese 4 te toets nie.

<u>Gevolgtrekking oor die toetsing van respons op vrae 19(a) tot (d)</u>

Die Chi-kwadraattoetsing ten opsigte van vraag 19(a) dui daarop dat die koöperasies wel nie-lede besigheid bedryf en daarom afwyk van die koöperasiebeginsel dat besigheid slegs met lede bedryf word. Die Chi-kwadraattoetsing ten opsigte van vraag 19(b) dui daarop dat koöperasies hul winste verdeel op grond van die omvang van besigheid wat individuele lede met hul koöperasies doen, en dus die betrokke koöperasiebeginsel handhaaf. Die negatiewe resultate van die Chi-kwadraattoetsing ten opsigte van vrae 19(c) en (d) dui opsigtelik daarop dat die koöperasies die betrokke twee koöperasiebeginsels nie toepas nie. Daar is egter reeds op gewys dat graanprodusente as gevolg van oningeligtheid oor die laasgenoemde twee aangeleenthede, nie bepaalde menings daaroor kan vorm nie.

**Uit die data, ontleding van die responspersentasies en die Chi-kwadraattoetsing van die vrae, kan daar nie opklaring van sleutelaspekte van die betrokke vraag verkry word nie en subhipotese 4 kan dus nie aanvaar word nie. Die betrokke subdoelstelling is dus nie bereik nie.**

### 5.7.2 Vraag 21: Evalueer asseblief die mate waarin u koöperasie daarin slaag om aan die behoeftes van graanprodusente te voldoen

Hierdie vraag is in vyf stellings onderverdeel ten einde die respondente die geleentheid te gun om die verskillende aspekte van behoeftebevrediging te oorweeg. Die respons op die vraag, met onderverdelings, word in tabel 5.13 ontleed.

**TABEL 5.13: GRAANPRODUSENTE SE MENING OOR DIE MATE WAARIN KOÖPERASIES DAARIN SLAAG OM AAN DIE BEHOEFTES VAN GRAANPRODUSENTE TE VOLDOEN**

| STELLING | | GROOT | MEDIUM | KLEIN |
|---|---|---|---|---|
| (a) | Die koöperasie slaag daarin om samehorigheid en gesamentlike optrede te bevorder tot voordeel van diegene wat koöpereer | 100%: Stem saam n=9 | 88%: Stem saam n=9 | 78%: Stem saam n=11 |
| (b) | Die koöperasie slaag daarin om tekortkominge in die vryemarkmeganisme teen te werk, sodat die vryemarkomstandighede voordelig benut kan word | 89%: Stem saam n=8 | 63%: Stem saam n=10 | 64%: Stem saam n=9 |
| (c) | Die koöperasie slaag daarin om spesifieke voordele vir graanprodusente te bewerkstellig wat nie op 'n ander wyse bewerkstellig kan word nie | 89%: Stem saam n=8 | 81%: Stem saam n=13 | 93%: Stem saam n=13 |
| (d) | Die koöperasie slaag daarin om nadelige onderlinge mededinging tussen sy lede/ eienaars te verminder | 66%: Stem saam n=6 | 81%: Stem saam n=13 | 79%: Stem saam n=11 |
| (e) | Die koöperasie presteer goed op die gebied van die ontwikkeling van graanprodusente | 89%: Stem saam n=8 | 63%: Stem saam n=10 | 71%: Stem saam n=10 |

Die hoë persentasies respons, op enkele uitsonderings na, wat met die stellings in tabel 5.13 saamstem, toon dat graanprodusente positiewe persepsies het van die mate waarin koöperasies daarin slaag om verskillende aspekte van graanprodusente se behoeftes te bevredig. Een van die minder ernstige verskille in menings behels die mening van die "Groot" graanprodusente wat tevrede is dat koöperasies sukses behaal met die beperking van die tekortkominge van die vryemarkbedeling as sodanig. Die "Medium" en "Klein graanprodusente is minder daarvan oortuig dat koöperasies werklik daarin slaag om die tekortkominge van die vryemarkmeganisme te oorkom.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 SAMEVATTING VAN DIE LITERATUURSTUDIE

Koöperasie vind op verskillende grondslae en in 'n uiteenlopende reeks van aktiwiteite in die samelewing plaas en is 'n menslike aktiwiteit so oud as die mensdom self. Koöperasie kom voor elke keer wanneer twee of meer mense, soos graanprodusente, op 'n gestruktureerde grondslag, aan die hand van voorafbepaalde beginsels, saamwerk ten einde enige bepaalde doel te bereik. Die toepassing van koöperasie as 'n mededingingstrategie is één manifestasie van koöperasie in 'n gemeenskap.

Die toepassing van koöperasie as 'n mededingingstrategie bied aan graanprodusente 'n middel wat aangewend kan word ten einde op 'n gestruktureerde wyse te voorsien in die behoeftes vir die bevordering van die graanprodusente se individuele en kollektiewe strategiese belange met betrekking tot die bemarking van graanprodukte. Die toepassing van koöperasie as 'n mededingingstrategie vir graanprodusente kan dus gesien word as 'n instrument vir die nastrewing van die ideale waarna graanprodusente in die mark strewe.

Hierdie ideale vorm 'n basis vir koöperasie deur graanprodusente. Die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie lei gewoonlik tot die oprigting en bedryf van ondernemings wat as "koöperasies" bekend staan. Koöperasies funksioneer as selfstandige entiteite in die mark en in die samelewing met die oogmerk om werktuie te wees waardeur ondernemers, soos graanprodusente, hul ideale kan verwesenlik. Koöperasie, as 'n benaming vir hierdie tipe ondernemings, word gekoppel aan die beginsels waarop die betrokke ondernemings gegrond is.

Koöperasies kan as 'n tipe ondernemingsvorm van ander tipes ondernemingsvorme onderskei word. Die volgende beskrywing word vir die doeleindes van die studie beskou as die volledigste beskrywing van die tradisionele beginsels waarop koöperasies as 'n bepaalde tipe ondernemingsvorm berus:

- Doelgerigte samewerking om gemeenskaplike belange te bevorder;
- alleenverkeer (ten opsigte van transaksies) tussen die koöperasie en sy lede;
- selfstandigheid (van die koöperasie) as 'n ekonomiese entiteit;
- verdeling van winste wat die koöperasie genereer, onder die koöperasielede op 'n transaksiegrondslag;
- beperkte vergoeding van lede vir kapitaal wat hulle tot die koöperasie bygedra het; en
- vrywillige lidmaatskap van die koöperasie.

Graanprodusente moet egter, benewens mededingingstrategieë, ook rekening hou met regeringsoptrede in die mark. Daar moet rekening gehou word met die neiging van die regering-van-die-dag om bepalings van die bemarkingswetgewing só aan te wend dat hy sy politieke en sosiale doelwitte kan bereik. Regeringsoptrede in verband met die toepassing van bemarkingswetgewing kan dus strategiese geleenthede en bedreigings skep ten opsigte van die bemarking van graanprodukte.

Sedert 1980 het daar belangrike veranderings met betrekking tot die ekonomiese posisie van graanprodusente voorgekom, wat die denkrigtings en benaderings wat voorheen deur die owerhede gehuldig en nagestreef is, daadwerklik beïnvloed het. Hierdie veranderings het met verloop van tyd ingetree namate bepaalde behoeftes na vore gekom het.

Die gesamentlike uitwerking van veranderende owerheidsoptrede in die mark en onderlinge mededinging, maak dit vir individuele graanprodusente moeilik om as individuele deelnemers in die mark op te tree. Verder is die hoeveelhede produkte wat individuele graanprodusente op die mark aanbied, gemeet teen die totale markaanbod, te klein om 'n beduidende impak op die mark te maak. Individuele graanprodusente wat met hul verhoudelike klein hoeveelhede produkte in die mark wil optree, moet dus op 'n swak mededingende basis teen mede-produsente wat 'n ewe swak mededingingsbasis het, in die mark meeding. Hierdie swakheid in die markposisie van graanprodusente kan deur koöperasie as mededingingstrategie oorkom word.

Koöperasies, as werktuie ter doelwitbereiking vir die graanprodusente, het sedert hul totstandkoming onderskeibare ontwikkelingsfases deurgegaan. Die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie deur graanprodusente, is grootliks beïnvloed deur die veranderings wat tydens die ontwikkelingsfases voorgekom het. Aksies wat in die loop van hierdie ontwikkelingsfases ingestel was, het mettertyd onduidelikhede oor die bestaansgrondslag van die koöperasies laat ontstaan.

Die klimaat van politieke veranderings wat tans in die land heers, kan ook belangrike veranderings meebring ten opsigte van die grondslag waarop koöperasies funksioneer. Graanprodusente verkeer in 'n posisie wat vereis dat daar besin moet word oor strategieë wat gevolg kan word ten einde steeds suksesvol in die onsekere markomstandighede mee te ding. Die toepassing van koöperasie as mededingingstrategie waarvolgens graanprodusente deur lidmaatskap van die koöperasies in die mark deelgeneem het, kom nou ook onder die loep.

Die hoofprobleem wat na aanleiding van die literatuurstudie geformuleer is, is om te bepaal of koöperasie as mededingingstrategie geskik is om die individuele en kollektiewe belange van graanprodusente te bevorder. Die subprobleme wat moontlik tot die hoofprobleem aanleiding gee, is dat:

(a) graanprodusente minder geneig is om met mekaar saam te werk ten einde hul gemeenskaplike belange te bevorder;

(b) graanprodusente minder geneig is om aan gesamentlike ondernemings deel te neem vir mededinging in die mark;

(c) graanprodusente die persepsie huldig dat die koöperasiebeginsels nie meer as 'n geskikte mededingingstrategie beskou word nie: en

(d) graanprodusente die persepsie huldig dat die koöperasies nie meer ten volle volgens die tradisionele beginsels van koöperasie funksioneer nie.

Die hoofhipotese wat vir die bereiking van die doelstellings van hierdie studie gestel word, is dat koöperasie geskik is om as mededingingstrategie aangewend te word ten einde die individuele en kollektiewe belange van graanprodusente te bevorder. Die eerste subhipotese is dat graanprodusente met mekaar wil saamwerk ten einde hul gemeenskaplike belange te bevorder. Die tweede subhipotese is dat graanprodusente aan gesamentlike ondernemings wil deelneem vir mededinging in die mark. Die derde subhipotese is dat graanprodusente koöperasie as 'n geskikte mededingingstrategie beskou. Die vierde subhipotese is dat graanprodusente van mening is dat die koöperasies steeds volgens die tradisionele koöperasiebeginsels funksioneer. Die hipoteses is as riglyn vir die uitvoering van die studie geneem en doelstellings is gestel wat deur die studie behaal moet word.

Die hoofdoelstelling wat vir die bereiking van die doelstellings van hierdie studie gestel word, is om te bepaal of koöperasie geskik is om as mededingingstrategie aangewend te word ten einde die individuele en kollektiewe belange van graanprodusente te bevorder. Die eerste subdoelstelling is om te bepaal of graanprodusente wil koöpereer ten einde hul gemeenskaplike belange te bevorder. Die tweede subdoelstelling is om te bepaal of graanprodusente aan gesamentlike ondernemings wil deelneem vir suksesvolle mededinging in die mark. Die derde subdoelstelling is om graanprodusente se mening oor koöperasie as 'n geskikte mededingingstrategie te bepaal. Die vierde subdoelstelling is om graanprodusente se mening oor die funksionering van koöperasies volgens die koöperasiebeginsels te bepaal.

## 6.2 BEVINDINGS VAN DIE LITERATUURSTUDIE

### 6.2.1 Ideale vir koöperasie

Mense het oor die eeue heen visies gehad en het daarna gestrewe om vir hulleself beter lewensomstandighede te skep, gegewe die vermoëns en bronne waaroor hulle beskik. Vir die bereiking van hierdie strewes en visies wend mense hulleself na ekonomiese prosesse en die oprigting van on-

dernemings vir die behaling van spesifieke doelstellings. Hierdie doelstellings verskil van geval tot geval en word gewoonlik aan bepaalde omstandighede gekoppel, of vloei uit bepaalde omstandighede voort. Die omstandighede kan uit suiwer ekonomiese oorwegings voortvloei of kan byvoorbeeld 'n sosiologiese oorsprong hê. Die visies en strewes van mense lei ook daartoe dat ideale gestel word wat behaal moet word deur die aanwending van die betrokke mense se vermoëns en bronne.

Die bekendste ideale wat individue jeens koöperasie as 'n mededingingstrategie koester, behels die volgende visies en strewes:

- Die daarstelling van kollektiewe optrede onder individue wat gemeenskaplike ekonomiese en gekoppelde doelstellings nastreef.
- Die daarstelling van 'n samewerkingsbasis in die vorm van volwaardige sakeondernemings, wat koöperasies genoem word.
- Doelgerigte aksies ten einde die ontwikkelling van die deelnemende individue te bevorder.
- Doelgerigte koöperasie ten einde spesifieke voordele vir die deelnemende individue te bewerkstellig.
- Die toepassing van koöperasie as 'n verdededigingsmeganisme teen die swakhede van die vryemarkmeganisme.
- Die uitskakeling van nadelige onderlinge mededinging by individue wat gemeenskaplike of soortgelyke doelstellings huldig en wat hulself nie op 'n ander wyse in die mark kan handhaaf nie.

Mense wat hul ideale deur die aanwending van koöperasie as 'n mededingingstrategie wil verwesenlik, bepaal grondbeginsels waarop hierdie gesamentlike ondernemings geskoei moet word. Koöperasie is 'n ekonomiese strategie en ondernemingsvorm vir die "middelstand". Die sogenaamde "middelstand" sluit ook landbouprodusente in. Mettertyd is daar na die spesifiek geïdentifiseerde behoeftes as "koöperatiewe" beginsels of kenmerke verwys wat as grondslag gedien het vir die wyse waarop die koöperatiewe ondernemings moes funksioneer.

### 6.2.2 Grondslag van koöperasie

Vir die doeleindes van die studie word die volgende vier grondbeginsels as die tradisionele koöperasiebeginsels aanvaar:

**(a) Alleenverkeer met lede**

**(b) Vrywillige lidmaatskap**

**(c) Verdeling van wins op transaksiegrondslag**

**(d) Beperkte vergoeding van die lid vir sy bydrae tot aandelekapitaal**

Uit die literatuur blyk dit dat koöperasie twee onderling-insluitende betekenisse in die literatuur aanneem. In die eerste opsig word koöperasie as 'n werkwoord en in die tweede opsig as 'n naamwoord gebruik. Koöperasie word dus enersyds gebruik as 'n beskrywing van die basis vir ekonomiese verhoudinge tussen die oprigters van ondernemings op grond van koöperasiebeginsels. Die woord "koöperasie" word in hierdie verband dus as 'n werkwoord gebruik om 'n unieke samewerkingsbasis tussen groepe mense, soos graanprodusente, te beskryf. Andersyds word die woord "koöperasie" as 'n naamwoord gebruik om 'n bepaalde tipe onderneming in moderne ekonomieë te identifiseer.

In die Suid-Afrikaanse konteks word die oprigting en bedryf van koöperasies deur die Koöperasiewet beheer. Drie soorte koöperasies mag in die land opgerig en bedryf word, naamlik landboukoöperasies; spesiale boerekoöperasies; en handelskoöperasies.

Die doelstellings van landboukoöperasies, as sodanig, soos in die Koöperasiewet beskryf, sluit direk by die onderwerp van hierdie studie aan en daarom word alle verwysings na, en beskrywings van, koöperasies as 'n bepaalde tipe ondernemingsvorm tot landboukoöperasies beperk. Landboukoöperasies staan ook as primêre koöperasies bekend. Daar word in hierdie studie egter na landboukoöperasies as "koöperasies" verwys sonder enige voorvoegsels.

### 6.2.3 Die taak van koöperasie

Sommige kundiges is van mening dat koöperasies 'n taak het om die gebreke van die bestaande sosiaal-ekonomiese orde, wat aan die kapitalistiese benadering verbonde is, te korrigeer. Koöperasies moet egter nie aangewend word om die bestaande orde met 'n ander orde te vervang nie. Onvolledige of oneffektiewe konkurrensie wat uit monopolistiese toestande in die mark voortvloei, is 'n voorbeeld van die foute wat in die kapitalistiese stelsel voorkom. Koöperasies dra daartoe by om die graanprodusente 'n deelname in die sakewêreld te verleen en die groepsbehoeftes van die graanprodusente onderling te versterk as teenvoeter vir die foute in die kapitalistiese stelsel.

Die aktiwiteite van die koöperasies stel verder 'n leerskool vir graanprodusente daar. Koöperasies onderneem verder ook sekere ekonomiese funksies in die plek van die betrokke produsente en dien as skakel tussen die regering van die dag en die produsente.

### 6.2.4 Graanprodusente se markoptrede

Georganiseerde landbou en die owerheidsektor sien graanprodusente as onafhanklike ondernemers in die mark en huldig die mening dat die (individuele) graanprodusente, onder meer, self die gewone besigheidsrisiko's vir mededinging in die mark moet dra. Graanprodusente moet volgens hierdie siening talle verantwoordelikhede aanvaar, waaronder die verantwoordelikheid om effektief in die mark te oorleef ten einde winsgewende besigheid te bedryf en ekonomies te oorleef. Besondere aandag moet dus aan 'n markbenadering gewy word.

Die "mark" moet ondubbelsinnig omskryf word. Daar moet spesifiek na die deel van die mark waarin die betrokke produk figureer, verwys word en 'n paslike besigheidstrategie moet ontwerp word. Op dié wyse kan 'n grondslag vir 'n effektiewe strategie vir mededinging in 'n produk-mark geskep word. Die produk-markte in die Suid-Afrikaanse landbou kan, afgesien van die markte vir verskillende tipes landbouprodukte en -aktiwiteite ook in drie onderskeibare produksiekategorieë of toetredingsvlakke ingedeel word, naamlik bestaansprodusente, ontwikkelende produsente en kommersiële produsente. Produsente in al drie hierdie kategorieë ondervind eenderse tipes van probleme wat die effektiwiteit van hul mededinging in die mark aan bande lê. Dit blyk dat koöperasie as mededingingstrategie, graanprodusente in 'n gunstige posisie kan stel vir die oorkoming van die genoemde probleme en die bevordering van hul individuele en kollektiewe strategiese belange.

Die individuele en kollektiewe strategiese belange van graanprodusente dek, benewens die omskrywing van die produk-mark, die volgende aspekte van mededinging in die mark:

- Die omvang van die investering wat vir mededinging in die produk-mark benodig word.
- Die strategieë wat gevolg moet word met betrekking tot die uitvoering van die verskillende besigheidsfunksies.
- Die strategiese bates as grondslag van die mededingingstrategie, vir die opbouing van 'n volhoubare mededingende voordeel.
- Die toewysing van bates aan die verskillende besigheidseenhede waaruit die onderneming sal bestaan.
- Die skepping van sinergisme waardeur die verskillende besigheidseenhede van die onderneming mekaar kan ondersteun.

### 6.2.5 Gevolgtrekking

Graanprodusente benodig 'n grondslag vir kollektiewe bedinging in die mark ten einde te verseker dat die hoogste mate van effektiwiteit in verband met die uitvoering van besigheidsfunksies daarge-

stel word. Die koöperasies lewer sekere dienste aan graanprodusente waardeur die mededinging van graanprodusente in die mark bevorder kan word. Die koöperasies het met verloop van tyd egter sodanig verander dat daar nou bepaal moet word of die koöperasies nog in staat is om die behoeftes van graanprodusente te bevredig.

Vir die doeleindes van die studie moet daar dus bepaal word of graanprodusente nog effektiewe koöperasie beleef; of die ideale wat gehuldig word, nog nagestreef word; en of die selfstandige ondernemings (koöperasies) wat graanprodusente opgerig het, nog volgens die erkende koöperasiebeginsels funksioneer.

## 6.3 BEVINDINGS VAN DIE EMPIRIESE STUDIE

Die hoofhipotese wat vir hierdie studie gestel is, lui soos volg:

**Koöperasie is geskik om as mededingingstrategie aangewend te word ten einde die individuele en kollektiewe belange van graanprodusente te bevorder.**

Subhipoteses is ook gestel ten einde as riglyne vir die studie te dien. In hierdie afdeling word bevindings voortvloeiend uit die respons op die opnamevraelys beskryf en word die subhipoteses wat vir die studie gestel is, getoets.

### 6.3.1 Agtergrond

'n Opnamevraelys is aan graanprodusente bedien in die operasionele gebiede van drie koöperasies, Noordwes Koöperasie Beperk, Sentraalwes (Koöperatief) Beperk en Suidwes Koöperasie Beperk. Die vrae wat in die opnamevraelys opgeneem is, dek in hooftrekke die volgende aangeleenthede ten einde data in te win om die doelstellings van die studie na te streef:

- Bepaling van die mate waarin graanprodusente neig om met mekaar saam te werk ten einde hul gemeenskaplike belange te bevorder.
- Bepaling van die mate waarin graanprodusente neig om aan 'n gesamentlike onderneming deel te neem vir suksesvolle mededinging in die mark.
- Bepaling van die persepsie van graanprodusente rakende die mate waarin die koöperasies koöperasiebeginsels as 'n geskikte mededingingstrategie beskou, en die mate waarin koöperasies steeds volgens die tradisionele koöperasiebeginsels funksioneer.

### 6.3.2 Beskrywing van die universum

Uit 'n oorskouing van die respons op die opnamevraelys blyk dit dat die respons patrone aanneem waarvolgens die respons in drie nominale groeperings ingedeel kan word. As algemene riglyn vir ontledings is die respons met die omvang van inkomste uit graanverbouing per individuele respondent as basis, onder die kolomopskrifte "Groot", "Medium" en "Klein" in tabelle ontleed. Die opmerklike verskille in die eienskappe van die drie onderskeibare groepe is soos volg:

- Basis van boerdery
  Daar is duidelike verskille ten opsigte van die basis waarop geboer word, tussen die respondente wat in die "Klein" groep ingedeel word, en die respondente wat onderskeidelik in die "Medium" en "Groot" groepe ingedeel word.
- Verbondenheid aan graanproduksie
  Die "Klein" produsente is persentasiegewys opmerklik minder met graanverbouing gemoeid as wat die geval is met "Groot" en "Medium" produsente.
- Inkomste uit graanverbouing
  Daar is aansienlike verskille tussen die inkomstes van graanprodusente in die "Groot", "Medium" en "Klein" groepe.

Dit blyk dat die meerderheid van graanprodusente, ongeag die omvang van individuele graanprodusente se graanverbouing, vir hul eie rekening boer en die meerderheid van die graanprodusente ook die grond besit waarop hulle boer. 'n Gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die meerderheid van graanprodusente op individuele grondslag boer en dat ander vorme van boerderyondernemings, soos vennootskappe en maatskappye, nie 'n prominente aandeel in die graanproduksiebedryf het nie. Koöperasies moet daarmee rekening hou dat hul ondernemingsbedrywighede steeds op dienslewering aan 'n getal individuele produsente met individuele behoeftes, en nie op enkele regspersone soos maatskappye, gerig moet wees nie.

Die graanprodusente wat in die groepe "Groot" en "Medium" ingedeel is, kan nie as "oud" getipeer word nie. Die meerderheid van graanprodusente is ook ten minste tot op matriekvlak geletterd. Die graanprodusente sal waarskynlik vir lang tydperke in die toekoms nog boer en sal daarom van marktendense en ander aangeleenthede wat op graanproduksie betrekking het, kennis neem ten einde hulself voor te berei om steeds suksesvol te kan bly voortbestaan. Graanprodusente sal dus neig om "moderne" metodes en bestuurspraktyke te volg.

### 6.3.3 Graanprodusente se menings oor die noodsaaklikheid om te koöpereer

Die subhipotese wat in hierdie afdeling getoets word, lui soos volg:

- Graanprodusente wil koöpereer ten einde hul gemeenskaplike belange te bevorder.

Gevolgtrekkings wat na aanleiding van die literatuurstudie en die empiriese studie gemaak is, toon dat graanprodusente van mening is dat hulle moet koöpereer ten einde hul individuele en kollektiewe belange in die mark te bevorder. Die subhipotese word dus aanvaar.

### 6.3.4 Graanprodusente se menings oor deelname aan gesamentlike ondernemings.

Die subhipotese wat in hierdie afdeling getoets word, lui soos volg:

- Graanprodusente wil aan gesamentlike ondernemings deelneem vir suksesvolle mededinging in die mark.

Gevolgtrekkings wat na aanleiding van die literatuurstudie en die empiriese studie gemaak is, toon dat graanprodusente van mening is dat koöperasie onder graanprodusente moet lei tot die oprigting van 'n volwaardige sake-onderneming wat selfstandig funksioneer. Die subhipotese word dus aanvaar.

### 6.3.5 Graanprodusente se mening oor koöperasie as mededingingstrategie

Die subhipotese wat in hierdie afdeling getoets word lui soos volg:

- Graanprodusente beskou koöperasie as 'n geskikte mededingingstrategie.

Gevolgtrekkings wat na aanleiding van die literatuurstudie en die empiriesestudie gemaak is, toon dat graanprodusente van mening is dat hulle moet koöpereer en hul koöperasie moet ondersteun ten einde hul markoptrede te versterk. Die subhipotese word dus aanvaar.

### 6.3.6 Graanprodusente se mening oor die toepassing van koöperasiebeginsels deur koöperasies

Die subhipotese wat in hierdie afdeling getoets word, lui soos volg:

- Graanprodusente is van mening dat die koöperasies steeds volgens die tradisionele beginsels van koöperasie funksioneer.

Gevolgtrekkings wat na aanleiding van die literatuurstudie gemaak is, toon dat graanprodusente daaroor onseker is of koöperasies volgens die koöperasiebeginsels funksioneer en die koöperasiebeginsels wel toepas. Gevolgtrekkings wat na aanleiding van 'n uitgebreide empiriese studie gemaak is toon geen neiging van graanprodusente se voorkeure oor die toepassing van koöperasiebeginsels deur koöperasies nie. Die sub-hipotese word dus nie aanvaar nie en die betrokke doelstelling is nie bereik nie.

## 6.4 TOETSING VAN DIE HOOFHIPOTESE

Die hoofhipotese lui soos volg:

- Koöperasie is geskik om as mededingingstrategie aangewend te word ten einde die individuele en kollektiewe belange van graanprodusente te bevorder.

Die toetsing van die hoofhipotese is 'n funksie van die aanvaarding of verwerping van die vier subhipoteses wat hiervoor beskryf is. Subhipoteses 1,2 en 3 is op grond van die literatuur- en die empiriesestudieresultate aanvaar. Subhipotese 4 kon nie aanvaar word nie. Die feit dat subhipotese 4 nie aanvaar kon word nie, sluit nie die moontlikheid uit dat daar met die beoordeling van die navorsingsresultate voortgegaan kan word nie (Leedy 1989:206&207).

Die aanvaarding van subhipoteses 1,2 en 3 dui daarop dat graanprodusente die koöperasiebeginsels ondersteun en wil toepas ten einde hul mededingingsposisie te versterk. Koöperasie bied dus vir die graanprodusente 'n doeltreffende mededingingstrategie wat aangewend kan word om hul individuele en kollektiewe strategiese belange in die mark te bevorder. Die aanvaarding van subhipoteses 1,2 en 3 lei dus daartoe dat die hoofhipotese ook aanvaar word.

## 6.5 AANBEVELINGS

- **AANBEVELING 1**

Dit word aanbeveel dat koöperasies die basis waarop hulle funksioneer moet ondersoek ten einde te bepaal waarom hulle nie daarin slaag om die tradisionele koöperasiebeginsels volledig toe te pas in die wyse waarop hulle besigheid bedryf nie. Koöperasies moet in die beplanning van hul ondernemingsbedrywighede daarmee rekening hou dat graanprodusente nog steeds aan koöperasie as 'n

spesifieke mededingingstrategie, 'n hoë waarde heg. Koöperasies, as volwaardige sakeondernemings, moet dus so bedryf word dat die mededingingskrag van koöperasie 'n sentrale rol speel en deur die toepassing van al die erkende koöperasiebeginsels suksesvol kan bly voortbestaan.

- **AANBEVELING 2**

Dit word aanbeveel dat koöperasies stagnasie in hul besigheidsfunksionering moet voorkom deur aandag te skenk aan twee potensiële besigheidsontwikkelingsterreine, naamlik verskerping van hul aktiwiteite op die bemarkingsgebied en uitbreiding van dienslewering om deur behoeftebevrediging die lojaliteit van produsente wat gemengde boerderye bedryf, aan te wakker.

- **AANBEVELING 3**

Dit word aanbeveel dat 'n aparte studie onderneem word ten einde ondersoek in te stel na die aard en omvang van die moontlike verlies aan onafhanklikheid, indien enige, wanneer individue by koöperasie as mededingingstrategie betrokke raak.

- **AANBEVELING 4**

Dit word aanbeveel dat 'n aparte studie onderneem word na die demokratiese prosesse in koöperasies ten einde te verseker dat die erkende koöperasiebeginsels gehandhaaf word.

- **AANBEVELING 5**

Dit word aanbeveel dat 'n aparte studie met 'n sosiologiese grondslag onderneem word ten einde die aard en omvang van die maatskaplike opheffings- en ontwikkelingsbehoeftes van graanprodusente volledig te ondersoek. Uit die aanbevole ondersoek moet aanbevelings geformuleer word wat die ontwikkelingsbehoeftes aanspreek en aantoon wie verantwoordelikheid vir maatskaplike opheffing en ontwikkeling van graanprodusente moet aanvaar.

**BRONNELYS**

Aaker, D.A. 1988. Strategic Market Management. Second edition. New York: John Wiley & Sons.

Arkin, H. 1984. Handbook of Sampling for Auditing and Accounting. Third edition. Colorado Springs: McGraw-Hill, Inc.

Bonner, A. 1970. British Co-operation: The History, Principles and Organisation of the British Co-operative Movement. Revised edition. Manchester Co-operative Union.

Bowen, E.R. 1953. The Cooperative Road to Abundance: The Alternative to Monopolism and Communism. New York: Henry Schuman, Inc.

Clough, S.B. & Cole, C.W. 1967. Economic History of Europe. Third edition. Boston: D.C. Heath and Company.

Cronje, G.J. de J., Hamersma, S.A., Lucas, G.H.G, & Smalley, L.J. 1989. Bedryfsekonomie: Enigste studiegids vir METHOD-K (Navorsingsmetodologie). Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

De Villiers, T. 1994. Is landbou werklik ondoeltreffend? Finansies en Tegniek, jaargang 46/23, 27.

Faure, A.M., Gey van Pittius, A.C.A., Kriek, D.J., Louw, A. du P. & Wainwright, E.H. 1981. Die Westerse politieke tradisie. Pretoria: H & R Academia.

Goel, S.L. & Goel, B.B. 1979. Principles,Problems and Prospects of cooperative Administration. New Dehli: Sterling.

HAT [Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal]. Tweede uitgawe, tweede druk 1981. S.v. ideaal & idealisme. Doornfontein, Johannesburg: Perskor-Boekdrukkery.

Hall, F. & Watkins, W.P. 1937. Co-operation: A survey of the History, Principles and Organization of the Co-operative Movement in Great Britain and Ireland. Co-operative Union.

Kleynhans, J.E., Posthumus, L.C., Fourie, C.M.W., Hunter, N.F. & Meyer, L. 1995. Accounting 1-2-3. Kenwyn: Juta.

Koöperasiepers. 1968. 60 jaar koöperasie. Johannesburg: Voortrekkerpers Beperk.

Koöperatiewe Kongres, 1994. Suid-Afrikaanse Landbou Unie. Port Elizabeth, 25-26 Mei 1994.

Kortbegrip van Landboustatistieke, 1996. Direktoraat Landbou-inligting. Pretoria, 013-0977, ISBN 0-621-15028-2.

Kriel, P.J. 1993. 'n Strategiese bestuursmodel vir landboukoöperasies in Transvaal. MBA-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Ongepubliseerd).

Landbou in Suid-Afrika. 1976. Johannesburg: Uitgewers - Chris van Rensburg Publikasies (Edms.) Bpk.

Landbounuus/Agricultural News. Deregulation holds risks and opportunities for co-operatives. 1994. Weeklikse nuusbrief van die Departement van Landbou, no. 21, 1-2.

LBBEK1. 1994. 'n Raamwerk vir 'n toekomstige landboubemarkingsbeleid vir die RSA en die toepassing daarvan. Pretoria: Staatsdrukker, Landboubemarkingsbeleid-evalueringskomitee, Verslag 1, Raamwerk en riglyne.

LBBEK2. 1994. 'n Raamwerk vir 'n toekomstige landboubemarkingsbeleid vir die RSA en die toepassing daarvan. Pretoria: Staatsdrukker, Landboubemarkingsbeleid-evalueringskomitee, Verslag 2, Bemarkingsmaatreëls en aanpassings.

Leedy, P.D. 1989. Practical Research: Planning and Design. Vierde uitgawe. New York: Macmillan Publishing Company.

Le Roux, E.E., Venter, C.H., Jansen van Vuren, J.E., Jacobs, H., Labuschagne, M., Kritzinger, A.A.C., Ferreira, E.J., De Beer, A.A., Hubner, C.P. 1995. Ondernemingsbestuur: 'n Praktiese benadering. Eerste uitgawe, tweede druk. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Lucas, G.H.G. (Red.). 1983. Die taak van die bemarkingsbestuur. Pretoria: J.L. van Schaik.

Marais, A. de K. 1989. Nie-formele Boerderybestuurskursusse as Innovasie vir die Landbougemeenskap in SuidAfrika, 19781989. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (Ongepubliseerd).

Meiring, P. 1980. Brood uit die koring. Johannesburg: Perskor Uitgewery.

Meiring, P. 1984. Die mielie ontsluit die Weste. Silverton: Promedia-Publikasies.

Mostert, W.J. 1990. Strategiese beplanning by Landboukoöperasies. M. Comm. verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Ongepubliseer).

Nel, P.A., Rädel, F.E., en Loubser, M. 1988. Researching the South African Market. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Nel, P.S. & van Rooyen, P.H. 1985. Worker representation in practice in South Africa. Pretoria: Academia.

Noordwes Koöperasie Beperk. Jaarverslag 1996. Pretoria: Koöperasiepers.

Noordwes Nuus. 1988. Missie en Hoofdoelstellings. Pretoria: Koöperasiepers, Augustus, 5.

Reëlingskema. 1995. OTK (Koöperatief) Beperk. Kennisgewing van skemavergadering; en volmag en magrtigingsvorms. Bethal: INCE (Pty) Ltd.

Registrateur van Koöperasies. 1991. Statistiek van Koöperasies in die RSA: 1986 tot 1990: Volume 4. ISBN 0-621-14210-7. Pretoria: Departement van Landbou.

Richardson, R.C. 1985. Collective bargaining by objectives: A positive approach. Second Edition. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall, Inc.

SALU. 1988. 'n Strategiese plan vir gesonde landbou-ontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika. Dokument 148/88 (Finaal). Pretoria: SALU.

SALU KOÖPERATIEWE RAAD. 1966. Inleiding tot die koöperasiewese. Pretoria: Koöperatiewe Raad : Suid-Afrikaanse Landbou-unie.

Sentraalwes (Koöperatief) Beperk. Jaarverslag 1995. Pretoria: Koöperasiepers.

Schlesinger, F. 1994. Wat nuwe "regering" beoog. Landbouweekblad, 76 ste jaargang, 16 - 17.

SSD. Sentrale Statistiekdiens. Landbou-opname, 1992. SSD-verslag no. 11-01-01 (1992). ISBN 0-621-15491-1. Pretoria: Sentrale Statistiekdiens.

Steenkampkommissie. 1967. Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe aangeleenthede. Pretoria: Staatsdrukker, kennisgewing no. 1661 (25 Oktober 1963), RP 78/1967.

Suidwes Koöperasie Beperk. Jaarverslag 1995. Johannesburg: Johnson & Johnson.

Swart, H.C. 1981. Omstbonusse binne landboukoöperasie in die RSA. Silverton: Promedia-Publikasies.

Universiteit van Suid-Afrika. Departement Bedryfsekonomie. 1986. Handleiding vir Magister- en Doktorale Studente in die Bestuurswese. Pretoria: Unisa

Van Niekerk, J.A. 1986. Koöperatiewe Teorie en Praktyk. Pretoria: SALU.

Van Niekerk, J.A. 1994. Addendum. Koöperatiewe Teorie en Praktyk. Pretoria: SALU.

Wentzel, C.L. 1994. Hoofbestuurder open die skou. Noordwes Nuus, Jaargang 26, 6.

Willemse, J. 1994. Eenkanaalbemarking: Die pad vorentoe. Landbouweekblad, no. 826, 6-7.

## BYLAE: VRAELYS OM GRAANPRODUSENTE SE MENING OOR KOÖPERASIE TE PEIL

**OPMERKINGS**

1. In hierdie vraelys word die woord "koöperasie" gebruik om na 'n spesiale wyse van samewerking tussen graanprodusente te verwys, en word die algemeen bekende naamwoord "Koöperasie" gebruik om na die tradisionele produsente ondernemings te verwys.
2. Let asseblief daarop dat die vrae en antwoorde in hierdie vraelys nie in 'n orde van belangrikheid of ander vorm van voorkeurorde gerangskik is nie. Alle vrae en antwoorde word op 'n gelyke basis beoordeel.
3. U deelname aan hierdie vraelys sal as VERTROULIK hanteer word.

### AFDELING A: AGTERGRONDSVRAE

## VOORBEELD VIR DIE BEANTWOORDING VAN VRAE 1 TOT 11 HIERONDER

| VRAAG 1: OP WATTER BASIS BOER U? Lees al die antwoorde asseblief en trek 'n duidelike kruisie (X) oor die kodenommer in die kolom regs van die antwoord wat u kies. | | | |
|---|---|---|---|
| Voltyds vir eie rekening | 1.1 | Deeltyds vir eie rekening | 1.2 |

**GAAN ASSEBLIEF VOORT MET VRAAG 1 HIERONDER**

| VRAAG 1: OP WATTER BASIS BOER U? Lees al die antwoorde asseblief en trek 'n duidelike kruisie (X) oor die kodenommer in die kolom regs van die antwoord wat u kies. | | | |
|---|---|---|---|
| Voltyds vir eie rekening | 1.1 | Deeltyds vir eie rekening | 1.2 |
| Voltyds as bestuurder of plaasvoorman | 1.3 | Deeltyds as bestuurder of plaasvoorman | 1.4 |
| Voltyds/deeltyds as mede-eienaar | 1.5 | Ander grondslag | 1.6 |

| VRAAG 2: BESIT U DIE GROND WAAROP U BOER? Lees al die antwoorde asseblief en trek 'n duidelike kruisie (X) oor die kodenommer(s) in die kolom regs van die antwoord(e) wat u kies. | | | |
|---|---|---|---|
| Individuele grondeienaar | 2.1 | Slegs huurgrond | 2.2 |
| Mede-eienaar | 2.3 | Plaasbestuurder/-voorman | 2.4 |
| Neem deel aan 'n Vennootskap/ Beslote korporasie/ Maatskappy/Trust | 2.5 | Ander reëling as dié wat hier genoem word | 2.6 |

| VRAAG 3: U OUDERDOM? Lees al die antwoorde asseblief en trek 'n duidelike kruisie (X) oor die kodenommer in die kolom regs van die antwoord wat u kies. | | | |
|---|---|---|---|
| Jonger as 25 jaar | 3.1 | 26 tot 30 jaar | 3.2 |
| 31 tot 40 jaar | 3.3 | 41 tot 50 jaar | 3.4 |
| 51 tot 65 jaar | 3.5 | 66 of ouer | 3.6 |

**VRAAG 4: U OPLEIDINGSPEIL?** Lees al die antwoorde asseblief en trek 'n duidelike kruisie (X) oor die kodenommer in die kolom regs van die antwoord wat u kies.

| | | | |
|---|---|---|---|
| St. 10 nie voltooi nie | 4.1 | St. 10 voltooi alleen | 4.2 |
| St. 10 & landboudiploma | 4.3 | St. 10 & ander diploma | 4.4 |
| St. 10 & landbougraad | 4.5 | St. 10 & ander graad | 4.6 |
| Nagraadse opleiding | 4.7 | | |

**VRAAG 5: HOELANK BOER U AL?** Lees al die antwoorde asseblief en trek 'n duidelike kruisie (X) oor die kodenommer in die kolom regs van die antwoord wat u kies.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Minder as twee jaar | 5.1 | Drie tot vyftien jaar | 5.2 |
| Sestien tot dertig jaar | 5.3 | Een-en-dertig jaar en langer | 5.4 |
| Onderbroke tydperke | 5.5 | | |

**VRAAG 6: WAT IS DIE PROPORSIE OF BELANGRIKHEID VAN GRAANPRODUKSIE IN U BOERDERY SOOS GEMEET TEEN U TOTALE BOERDERY-INKOMSTE?** Lees asseblief al die antwoorde en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommer in die kolom regs van die antwoord wat u kies.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Graanverbouing minder as 30% van die boerdery-aktiwiteite | 6.1 | Graanverbouing tussen 31% en 40% van die boerdery-aktiwiteite | 6.2 |
| Graanverbouing tussen 41% en 60% van die boerdery-aktiwiteite | 6.3 | Graanverbouing tussen 61% en 75% van die boerdery-aktiwiteite | 6.4 |
| Graanverbouing tussen 76% en 99% van die boerdery-aktiwiteite | 6.5 | Graanverbouing 100% van die boerdery-aktiwiteite | 6.6 |
| Geen graanverbouing (Indien u hierdie antwoord gekies het, gaan asseblief voort met vraag 9) | 6.7 | Nie van toepassing nie (Indien u hierdie antwoord gekies het, gaan asseblief voort met vraag 9) | 6.8 |

**VRAAG 7: WAT WAS U GEMIDDELDE INKOMSTE UIT GRAANVERBOUING OOR DIE LAASTE TWEE JAAR WAARIN U GRAAN VERBOU HET?** Lees asseblief al die antwoorde en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommer in die kolom regs van die antwoord wat u kies.

| | | | |
|---|---|---|---|
| R0 tot R100 000 | 7.1 | R101 000 tot R200 000 | 7.2 |
| R201 000 tot R300 000 | 7.3 | R301 000 tot R400 000 | 7.4 |
| R401 000 tot R500 000 | 7.5 | R501 000 tot R700 000 | 7.6 |
| R701 000 tot R1 miljoen | 7.7 | Meer as R1 miljoen | 7.8 |

| VRAAG 8: HOE BEMARK U DIE GRAAN WAT U VERBOU? Lees asseblief al die antwoorde en trek 'n duidelike kruis (X)oor die kodenommer in die kolom regs van die antwoord wat u kies. | | | |
|---|---|---|---|
| Bemark eie graan self (Geen agente of middelmanne) | 8.1 | Geen bemarking (Alle graan word as voer gebruik) | 8.2 |
| Gebruik dienste van 'n nie-köoperasie agent | 8.3 | Lewer alle graan aan 'n Köoperasie | 8.4 |
| Bemark eie graan self en verleen bemarkingshulp aan ander graan-produsente | 8.5 | Bemark eie graan deels self en deels deur 'n Köoperasie of 'n ander agent | 8.6 |

| VRAAG 9: IS U, OF WAS U LID VAN 'N KOÖPERASIE? Lees asseblief al die antwoorde en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommer in die kolom regs van die antwoord wat u kies. | | | |
|---|---|---|---|
| Is u tans lid van 'n Köoperasie wat hoofsaaklik graan hanteer? (Indien u hierdie antwoord gekies het, gaan asseblief voort met vraag 10 hieronder) | 9.1 | Het u lidmaatskap van 'n Köope-rasie beëindig? (Indien u hierdie antwoord gekies het, gaan asseblief voort met vraag 11 hieronder) | 9.2 |
| Is u lid van 'n Köoperasie wat graan as 'n minder belangrike besigheidsvertak-king hanteer? (Indien u hierdie antwoord gekies het, gaan asseblief voort met vraag 10 hieronder) | 9.3 | Was u nooit lid van 'n Köoperasie wat graan hanteer nie? (Indien u hierdie antwoord gekies het, gaan asseblief voort met vraag 12 hieronder) | 9.4 |

| VRAAG 10: HOE LANK IS U REEDS LID VAN 'N KOÖPERASIE? Lees asseblief al die antwoorde en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommer in die kolom regs van die antwoord wat u kies. Sodra u hierdie vraag voltooi het kan u met vraag 12 hieronder voortgaan. | | | |
|---|---|---|---|
| 1 tot 2 jaar | 10.1 | 3 tot 10 jaar | 10.2 |
| 11 tot 20 jaar | 10.3 | 21 tot 30 jaar | 10.4 |
| 31 jaar en langer | 10.5 | Onderbroke tydperke | 10.6 |

| VRAAG 11: HOELANK WAS U LID VAN 'N KOÖPERASIE VOORDAT U U LIDMAATSKAP BEëINDIG HET? Lees asseblief al die antwoorde en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommer in die kolom regs van die antwoord wat u kies. | | | |
|---|---|---|---|
| 1 tot 2 jaar | 11.1 | 3 jaar tot 10 jaar | 11.2 |
| 11 tot 20 jaar | 11.3 | 21 tot 30 jaar | 11.4 |
| 31 jaar en langer | 11.5 | Onderbroke tydperke | 11.6 |
| Nie van toepassing nie | 11.7 | Kan nie onthou nie | 11.8 |

## AFDELING B: MENINGSVRAE

**LET ASSEBLIEF DAAROP DAT DIE ANTWOORDE OP DIE VRAE WAT HIERNA VOLG VOLGENS 'N SKAAL VAN MENING BEOORDEEL WORD. 'N VOORBEELD VAN DIE WYSE WAAROP DIE VRAE HIERONDER BEANTWOORD MOET WORD, WORD NOU VERSKAF.**

## VOORBEELD VIR DIE BEANTWOORDING VAN VRAE 12 TOT 23 HIERONDER

| VRAAG 12: MEEN U DAT GRAANPRODUSENTE AS ENKELINGE, 'N SWAK MEDEDINGINGSPOSISIE IN DIE MARK HET? Lees asseblief al die stellings hieronder en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommer van die antwoord wat u kies. | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Graanprodusente het nie 'n swak mededingingsposisie in die mark nie** | | | | |
| 12.1 Stem ten volle saam | 12.2 Stem gedeeltelik saam | 12.3 Verskil gedeeltelik | 12.4 Verskil ten volle | 12.5 Kan nie 'n mening gee nie |

**GAAN ASSEBLIEF VOORT MET DIE BEANTWOORDING VAN VRAAG 12 TOT 23 VOLGENS DIE VOORBEELD HIERBO**

| VRAAG 12: MEEN U DAT GRAANPRODUSENTE AS ENKELINGE, 'N SWAK MEDEDINGINGSPOSISIE IN DIE MARK HET? Lees asseblief al die stellings hieronder en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies. | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Graanprodusente het nie 'n swak mededingingsposisie in die mark nie** | | | | |
| 12.1 Stem ten volle saam | 12.2 Stem gedeeltelik saam | 12.3 Verskil gedeeltelik | 12.4 Verskil ten volle | 12.5 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Graanprodusente word deur verskaffers en graankopers in die mark uitgebuit** | | | | |
| 12.6 Stem ten volle saam | 12.7 Stem gedeeltelik saam | 12.8 Verskil gedeeltelik | 12.9 Verskil ten volle | 12.10 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Graanprodusente se bedingingsmag is te klein om goeie pryse vir hul PRODUKTE te behaal** | | | | |
| 12.11 Stem ten volle saam | 12.12 Stem gedeeltelik saam | 12.13 Verskil gedeeltelik | 12.14 Verskil ten volle | 12.15 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Graanprodusente as enkelinge se bedingingsmag is te klein om goeie pryse vir die aankoop van BOERDERY-BENODIGDHEDE te bewerkstellig** | | | | |
| 12.16 Stem ten volle saam | 12.17 Stem gedeeltelik saam | 12.18 Verskil gedeeltelik | 12.19 Verskil ten volle | 12.20 Kan nie 'n mening gee nie |

**VRAAG 13: MEEN U DAAR BESTAAN ONDERLINGE MEDEDINGING BY GRAANPRODUSENTE WAARDEUR HUL MEDEDINGINGSPOSISIE BENADEEL WORD?** Lees asseblief al die stellings hieronder en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies

**Graanprodusente ondersteun mekaar en skakel onnodige mededinging uit**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13.1 Stem ten volle saam | 13.2 Stem gedeeltelik saam | 13.3 Verskil gedeeltelik | 13.4 Verskil ten volle | 13.5 Kan nie 'n mening gee nie |

**Ongesonde onderlinge mededinging word deur die vrye-markbedeling vererger**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13.6 Stem ten volle saam | 13.7 Stem gedeeltelik saam | 13.8 Verskil gedeeltelik | 13.9 Verskil ten volle | 13.10 Kan nie 'n mening gee nie |

**Die toetrede van 'n groot aantal "nuwe" graanprodusente tot die mark kan veroorsaak dat graanprodusente se mededingingsposisie verswak word**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13.11 Stem ten volle saam | 13.12 Stem gedeeltelik saam | 13.13 Verskil gedeeltelik | 13.14 Verskil ten volle | 13.15 Kan nie 'n mening gee nie |

**Die onderlinge mededinging by graanprodusente het nie 'n beduidende invloed op hul bedingingsmag in die mark nie.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13.16 Stem ten volle saam | 13.17 Stem gedeeltelik saam | 13.18 Verskil gedeeltelik | 13.19 Verskil ten volle | 13.20 Kan nie 'n mening gee nie |

**Die vryemarkbedeling wat tans heers verbeter graanprodusente se bedingingsmag en verminder ongesonde mededinging**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13.21 Stem ten volle saam | 13.22 Stem gedeeltelik saam | 13.23 Verskil gedeeltelik | 13.24 Verskil ten volle | 13.25 Kan nie 'n mening gee nie |

**VRAAG 14: KAN GRAANPRODUSENTE SE MEDEDINGINGSPOSISIE DEUR KOÖPERASIE (SPESIALE SOORT SAMEWERKING) VERBETER WORD?** Lees asseblief al die stellings hieronder en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies.

**Onderlinge samewerking kan stabiliteit en oorlewing vir individuele boerderyondernemings verseker**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14.1 Stem ten volle saam | 14.2 Stem gedeeltelik saam | 14.3 Verskil gedeeltelik | 14.4 Verskil ten volle | 14.5 Kan nie 'n mening gee nie |

**Koöperasie (spesiale samewerking) onder graanprodusente moet selektief plaasvind sodat graanprodusente wat natuurlikerwys met mekaar skakel, mekaar kan ondersteun**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14.6 Stem ten volle saam | 14.7 Stem gedeeltelik saam | 14.8 Verskil gedeeltelik | 14.9 Verskil ten volle | 14.10 Kan nie 'n mening gee nie |

**Graanprodusente het nie koöperasie (spesiale samewerking) nodig nie**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14.11 Stem ten volle saam | 14.12 Stem gedeeltelik saam | 14.13 Verskil gedeeltelik | 14.14 Verskil ten volle | 14.15 Kan nie 'n mening gee nie |

**Verskille in graanprodusente se omstandighede maak koöperasie (spesiale samewerking) moeilik haalbaar**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14.16 Stem ten volle saam | 14.17 Stem gedeeltelik saam | 14.18 Verskil gedeeltelik | 14.19 Verskil ten volle | 14.20 Kan nie 'n mening gee nie |

**Graanprodusente wil nie koöpereer (spesiale samewerking) nie**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14.21 Stem ten volle saam | 14.22 Stem gedeeltelik saam | 14.23 Verskil gedeeltelik | 14.24 Verskil ten volle | 14.25 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Die huidige vrye-markbedeling maak koöperasie (spesiale amewerking) onmoontlik** | | | | |
| 14.26 Stem ten volle saam | 14.27 Stem gedeeltelik saam | 14.28 Verskil gedeeltelik | 14.29 Verskil ten volle | 14.30 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Die huidige vrye-markbedeling maak koöperasie (spesiale samewerking) oorbodig** | | | | |
| 14.31 Stem ten volle saam | 14.32 Stem gedeeltelik saam | 14.33 Verskil gedeeltelik | 14.34 Verskil ten volle | 14.35 Kan nie 'n mening gee nie |

VRAAG 15: MEEN U DAT KOÖPERASIE (spesiale soort samewerking) ONDER GRAANPRODUSENTE, EN KOÖPERASIES AS PRODUSENTE-ONDERNEMINGS 'N ROL KAN SPEEL OM DIE BELANGE VAN GRAANPRODUSENTE TE BEVORDER? Lees asseblief al die stellings hieronder en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **'n Graanprodusent kan sy eie belange onafhanklik van ander graanprodusente behartig en het nie koöperasie (spesiale soort samewerking) nodig nie** | | | | |
| 15.1 Stem ten volle saam | 15.2 Stem gedeeltelik saam | 15.3 Verskil gedeeltelik | 15.4 Verskil ten volle | 15.5 Kan nie 'n mening gee nie |
| **'n Koöperasie kan belangrike insette lewer om insetkoste laag te hou** | | | | |
| 15.6 Stem ten volle saam | 15.7 Stem gedeeltelik saam | 15.8 Verskil gedeeltelik | 15.9 Verskil ten volle | 15.10 Kan nie 'n mening gee nie |
| **'n Koöperasie kan belangrike insette lewer om produksiekoste laag te hou** | | | | |
| 15.11 Stem ten volle saam | 15.12 Stem gedeeltelik saam | 15.13 Verskil gedeeltelik | 15.14 Verskil ten volle | 15.15 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Koöperasie kan veroorsaak dat graanprodusente hul onafhanklikheid verloor** | | | | |
| 15.16 Stem ten volle saam | 15.17 Stem gedeeltelik saam | 15.18 Verskil gedeeltelik | 15.19 Verskil ten volle | 15.20 Kan nie 'n mening gee nie |

VRAAG 16: KAN ONDERLINGE SAMEWERKING DAARTOE LEI DAT MEER INDIVIDUELE GRAANPRODUSENTE AS MEDEDINGERS IN DIE MARK GEVESTIG RAAK? Lees asseblief al die stellings hieronder en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Onderlinge samewerking kan daartoe lei dat graanprodusente suksesvol as 'n ekonomiese mag in die mark gevestig raak** | | | | |
| 16.1 Stem ten volle saam | 16.2 Stem gedeeltelik saam | 16.3 Verskil gedeeltelik | 16.4 Verskil ten volle | 16.5 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Indien graanprodusente se vermoë om die mark te beïnvloed te sterk word, kan dit nadelige gevolge vir die ekonomie inhou** | | | | |
| 16.6 Stem ten volle saam | 16.7 Stem gedeeltelik saam | 16.8 Verskil gedeeltelik | 16.9 Verskil ten volle | 16.10 Kan nie 'n mening gee nie |

| Graanprodusente kan nie veel doen om die mark te beïnvloed nie en onderlinge samewerking kan ook nie veel aan die situasie verander nie | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16.11 Stem ten volle saam | 16.12 Stem gedeeltelik saam | 16.13 Verskil gedeeltelik | 16.14 Verskil ten volle | 16.15 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Kapitaalkragtige graanprodusente sal organisasies waardeur onderlinge samewerking georganiseer word oorheers en tot hul eie voordeel misbruik** | | | | |
| 16.16 Stem ten volle saam | 16.17 Stem gedeeltelik saam | 16.18 Verskil gedeeltelik | 16.19 Verskil ten volle | 16.20 Kan nie 'n mening gee nie |

| VRAAG 17: IN WATTER VORM MOET ONDERLINGE SAMEWERKING TUSSEN/DEUR GRAANPRODUSENTE GESKIED? Lees asseblief al die antwoorde en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies. | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Geen boere-organisasie is nodig nie - die Staat moet alle landbou-aktiwiteite beheer en koördineer** | | | | |
| 17.1 Stem ten volle saam | 17.2 Stem gedeeltelik saam | 17.3 Verskil gedeeltelik | 17.4 Verskil ten volle | 17.5 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Graanprodusente moet koöpereer en hul Koöperasies ondersteun om hul optrede in die mark te versterk** | | | | |
| 17.6 Stem ten volle saam | 17.7 Stem gedeeltelik saam | 17.8 Verskil gedeeltelik | 17.9 Verskil ten volle | 17.10 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Deelname aan boereverenigings/studiegroepe alleen (Geen Koöperasies nodig nie)** | | | | |
| 17.11 Stem ten volle saam | 17.12 Stem gedeeltelik saam | 17.13 Verskil gedeeltelik | 17.14 Verskil ten volle | 17.15 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Informele skakeling tussen graanprodusente om van tyd tot tyd strategieë vir optrede in die mark te bespreek** | | | | |
| 17.16 Stem ten volle saam | 17.17 Stem gedeeltelik saam | 17.18 Verskil gedeeltelik | 17.19 Verskil ten volle | 17.20 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Samewerking moet in 'n kommersiële besigheid georganiseer word wat nie soos 'n Koöperasie funksioneer nie** | | | | |
| 17.21 Stem ten volle saam | 17.22 Stem gedeeltelik saam | 17.23 Verskil gedeeltelik | 17.24 Verskil ten volle | 17.25 Kan nie 'n mening gee nie |

| VRAAG 18: GEE U MENING OOR DIE ROL WAT KOÖPERASIE (spesiale samewerking) KAN SPEEL OM IN DIE BEHOEFTES VAN GRAANPRODUSENTE TE VOLDOEN. Lees asseblief al die antwoorde en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Koöperasie kan die gevolge van nadelige onderlinge mededinging verminder** | | | | |
| 18.1 Stem ten volle saam | 18.2 Stem gedeeltelik saam | 18.3 Verskil gedeeltelik | 18.4 Verskil ten volle | 18.5 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Koöperasie moet lei tot die oprigting van 'n volwaardige sake-onderneming wat selfstandig funksioneer** | | | | |
| 18.6 Stem ten volle saam | 18.7 Stem gedeeltelik saam | 18.8 Verskil gedeeltelik | 18.9 Verskil ten volle | 18.10 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Koöperasie kan daartoe bydra om graanprodusente teen kapitalistiese praktyke te beskerm en moet doelbewus daarop gerig wees om almal op gelyke basis te behandel** | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18.11 Stem ten volle saam | 18.12 Stem gedeeltelik saam | 18.13 Verskil gedeeltelik | 18.14 Verskil ten volle | 18.15 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Koöperasie kan daartoe bydra om spesifieke voordele vir graanprodusente te bewerkstellig wat nie op 'n ander wyse bewerkstellig kan word nie** | | | | |
| 18.16 Stem ten volle saam | 18.17 Stem gedeeltelik saam | 18.18 Verskil gedeeltelik | 18.19 Verskil ten volle | 18.20 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Koöperasie moet spesifieke bydraes lewer vir die ontwikkeling van graanprodusente** | | | | |
| 18.21 Stem ten volle saam | 18.22 Stem gedeeltelik saam | 18.23 Verskil gedeeltelik | 18.24 Verskil ten volle | 18.25 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Koöperasie is daarop gerig om samehorigheid en gesamentlike optrede te bevorder tot voordeel van diegene wat koöpereer** | | | | |
| 18.26 Stem ten volle saam | 18.27 Stem gedeeltelik saam | 18.28 Verskil gedeeltelik | 18.29 Verskil ten volle | 18.30 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Koöperasie moet daarvoor voorsiening maak om diens teen die laagste moontlike koste te lewer en moet geen "winste" uit dienslewering aan graanprodusente behaal nie** | | | | |
| 18.31 Stem ten volle saam | 18.32 Stem gedeeltelik saam | 18.33 Verskil gedeeltelik | 18.34 Verskil ten volle | 18.35 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Koöperasie bied 'n metode om tekortkominge in die vryemarkmeganisme teen te werk sodat die vryemarkomstandighede voordelig benut kan word** | | | | |
| 18.36 Stem ten volle saam | 18.37 Stem gedeeltelik saam | 18.38 Verskil gedeeltelik | 18.39 Verskil ten volle | 18.40 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Koöperasie is 'n verouderde begrip en kan geen rol meer speel om die belange van graanprodusente te bevorder nie** | | | | |
| 18.41 Stem ten volle saam | 18.42 Stem gedeeltelik saam | 18.43 Verskil gedeeltelik | 18.44 Verskil ten volle | 18.45 Kan nie 'n mening gee nie |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **VRAAG 19: EVALUEER ASSEBLIEF DIE WYSE WAAROP DIE KOÖPERASIE WAARAAN U TANS BEHOORT (OF VOORHEEN AAN BEHOORT HET) SE BESIGHEID BEDRYF WORD WORD** Lees asseblief al die antwoorde en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies. | | | | |
| **Die Koöperasie bedryf min of geen nie-lede besigheid** | | | | |
| 19.1 Stem ten volle saam | 19.2 Stem gedeeltelik saam | 19.3 Verskil gedeeltelik | 19.4 Verskil ten volle | 19.5 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Die Koöperasie verdeel sy winste op grond van die omvang van besigheid wat individuele lede met hul eie koöperasie doen** | | | | |
| 19.6 Stem ten volle saam | 19.7 Stem gedeeltelik saam | 19.8 Verskil gedeeltelik | 19.9 Verskil ten volle | 19.10 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Die Koöperasie beperk dividende uitbetalings** | | | | |
| 19.11 Stem ten volle saam | 19.12 Stem gedeeltelik saam | 19.13 Verskil gedeeltelik | 19.14 Verskil ten volle | 19.15 Kan nie 'n mening gee nie |
| **Die Koöperasie verplig graanprodusente nie om te koöpereer nie)** | | | | |
| 19.16 Stem ten volle saam | 19.17 Stem gedeeltelik saam | 19.18 Verskil gedeeltelik | 19.19 Verskil ten volle | 19.20 Kan nie 'n mening gee nie |

**VRAAG 20: MEEN U DAT MAATSKAPLIKE HERVORMING/ONTWIKKELING VAN GRAANPRODUSENTE AS EEN VAN DIE DOELWITTE VAN KOÖPERASIE GESIEN MOET WORD?** Lees asseblief al die antwoorde en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies

**Maatskaplike hervorming val buite die werkterrein van graanprodusente**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20.1 Stem ten volle saam | 20.2 Stem gedeeltelik saam | 20.3 Verskil gedeeltelik | 20.4 Verskil ten volle | 20.5 Kan nie 'n mening gee nie |

**Graanprodusente het nie behoefte aan maatskaplike hervorming nie**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20.6 Stem ten volle saam | 20.7 Stem gedeeltelik saam | 20.8 Verskil gedeeltelik | 20.9 Verskil ten volle | 20.10 Kan nie 'n mening gee nie |

**Die Staat moet verantwoordelikheid neem vir die ontwikkeling van graanprodusente wat 'n behoefte aan ontwikkeling het**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20.11 Stem ten volle saam | 20.12 Stem gedeeltelik saam | 20.13 Verskil gedeeltelik | 20.14 Verskil ten volle | 20.15 Kan nie 'n mening gee nie |

**Graanprodusente wat 'n behoefte aan ontwikkeling het moet vir hul eie ontwikkeling verantwoordelikheid neem**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20.16 Stem ten volle saam | 20.17 Stem gedeeltelik saam | 20.18 Verskil gedeeltelik | 20.19 Verskil ten volle | 20.20 Kan nie 'n mening gee nie |

**Onbeperkte ontwikkeling van bykomende graanprodusente kan die vlak van nadelige onderlinge mededinging nog verder verhoog**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20.21 Stem ten volle saam | 20.22 Stem gedeeltelik saam | 20.23 Verskil gedeeltelik | 20.24 Verskil ten volle | 20.25 Kan nie 'n mening gee nie |

**VRAAG 21: EVALUEER ASSEBLIEF DIE MATE WAARIN U KOÖPERASIE DAARIN SLAAG OM IN DIE BEHOEFTES VAN GRAANPRODUSENTE TE VOLDOEN.** Lees asseblief al die stellings hieronder en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies

**Die Koöperasie slaag daarin om samehorigheid en gesamentlike optrede te bevorder tot voordeel van diegene wat koöpereer**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21.1 Stem ten volle saam | 21.2 Stem gedeeltelik saam | 21.3 Verskil gedeeltelik | 21.4 Verskil ten volle | 21.5 Kan nie 'n mening gee nie |

**Die Koöperasie slaag daarin om tekortkominge in die vyemarkmeganisme teen te werk sodat die vryemarkomstandighede voordelig benut kan word**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21.6 Stem ten volle saam | 21.7 Stem gedeeltelik saam | 21.8 Verskil gedeeltelik | 21.9 Verskil ten volle | 21.10 Kan nie 'n mening gee nie |

**Die Koöperasie slaag daarin om spesifieke voordele vir graanprodusente te bewerkstellig wat nie op 'n ander wyse bewerkstellig kan word nie**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21.11 Stem ten volle saam | 21.12 Stem gedeeltelik saam | 21.13 Verskil gedeeltelik | 21.14 Verskil ten volle | 21.15 Kan nie 'n mening gee nie |

**Die Koöperasie slaag daarin om nadelige onderlinge mededinging tussen sy lede/eienaars te verminder**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21.16 Stem ten volle saam | 21.17 Stem gedeeltelik saam | 21.18 Verskil gedeeltelik | 21.19 Verskil ten volle | 21.20 Kan nie 'n mening gee nie |

**Die Koöperasie presteer goed op die gebied van die ontwikkeling van graanprodusente**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21.21 Stem ten volle saam | 21.22 Stem gedeeltelik saam | 21.23 Verskil gedeeltelik | 21.24 Verskil ten volle | 21.25 Kan nie 'n mening gee nie |

**VRAAG 22: MEEN U DAT DIE BELANGE VAN GRAANPRODUSENTE BETER BEVORDER KAN WORD DEUR ONDERNEMINGS OF STAATSINSTELLINGS SOOS HIERONDER GENOEM, AS WAT DIE TIPIESE KOÖPERASIE KAN DOEN?** Lees asseblief al die stellings hieronder en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies

**Semi-staatsinstellings met inspraak deur graanprodusente**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22.1 Stem ten volle saam | 22.2 Stem gedeeltelik saam | 22.3 Verskil gedeeltelik | 22.4 Verskil ten volle | 22.5 Kan nie 'n mening gee nie |

**'n Beslote korporasie waaraan graanprodusente wat noue kontak met mekaar het, kan behoort**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22.6 Stem ten volle saam | 22.7 Stem gedeeltelik saam | 22.8 Verskil gedeeltelik | 22.9 Verskil ten volle | 22.10 Kan nie 'n mening gee nie |

**Staatsbeheer om goeie produkpryse deur wetlike voorskrifte te verseker**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22.11 Stem ten volle saam | 22.12 Stem gedeeltelik saam | 22.13 Verskil gedeeltelik | 22.14 Verskil ten volle | 22.15 Kan nie 'n mening gee nie |

**'n Maatskappy met onbeperkte lidmaatskap vir kapitaalgroei deur middel van dividende en 'n toename in aandele van die onderneming**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22.16 Stem ten volle saam | 22.17 Stem gedeeltelik saam | 22.18 Verskil gedeeltelik | 22.19 Verskil ten volle | 22.20 Kan nie 'n mening gee nie |

**Staatsdepartemente met beheer oor alle funksies van die landboubedryf sonder inspraak van boere-organisasies**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22.21 Stem ten volle saam | 22.22 Stem gedeeltelik saam | 22.23 Verskil gedeeltelik | 22.24 Verskil ten volle | 22.25 Kan nie 'n mening gee nie |

**VRAAG 23: MEEN U DAT GRAANPRODUSENTE DEUR MIDDEL VAN ANDER ONDERNEMINGSVORME AS DIE TRADISIONELE KOÖPERASIES MOET SAAMWERK (NIE KOÖPEREER NIE)?** Lees asseblief al die stellings hieronder en trek 'n duidelike kruis (X) oor die kodenommers van die antwoorde wat u kies

**Graanprodusente moet 'n maatskappy of 'n beslote korporasie oprig om hul eie voordeel te bewerkstellig en kan van koöperasie afstand doen**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23.1 Stem ten volle saam | 23.2 Stem gedeeltelik saam | 23.3 Verskil gedeeltelik | 23.4 Verskil ten volle | 23.5 Kan nie 'n mening gee nie |

**Graanprodusente kan op 'n informele basis met mekaar saamwerk en sodoende onnodige beperkings op besigheidsbedrywighede uitskakel**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23.6 Stem ten volle saam | 23.7 Stem gedeeltelik saam | 23.8 Verskil gedeeltelik | 23.9 Verskil ten volle | 23.10 Kan nie 'n mening gee nie |

**Groepe graanprodusente kan beslote korporasies oprig wat as afsonderlike eenhede in die mark opereer**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23.11 Stem ten volle saam | 23.12 Stem gedeeltelik saam | 23.13 Verskil gedeeltelik | 23.14 Verskil ten volle | 23.15 Kan nie 'n mening gee nie |

**Groter groepe graanprodusente kan deur die samevoeging van kapitaal, lewensvatbare maatskappye oprig en so hul finansiële vermoë verhoog**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23.16 Stem ten volle saam | 23.17 Stem gedeeltelik saam | 23.18 Verskil gedeeltelik | 23.19 Verskil ten volle | 23.20 Kan nie 'n mening gee nie |

**Graanprodusente kan deur boereverenigings genoeg inligting bekom/uitruil om hul besigheidsvaardighede te verbeter en hoef nie te koöpereer nie**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23.21 Stem ten volle saam | 23.22 Stem gedeeltelik saam | 23.23 Verskil gedeeltelik | 23.24 Verskil ten volle | 23.25 Kan nie 'n mening gee nie |